

DIE VERTELLER IN ETIENNE LEROUX SE  
18-44 EN ISIS ISIS ISIS...

deur

Renske Zwaantje Johanna Koen

Voorgelê ter vervulling van 'n deel  
van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die Fakulteit

LETTERE EN WYSBEGEERTE

van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PRETORIA,  
November 1972

## I N H O U D S O P G A W E

Dankbetuigings

|          |     |   |                                                  |      |
|----------|-----|---|--------------------------------------------------|------|
| Hoofstuk | I   | : | Probleemstelling .....                           | p. 1 |
| Hoofstuk | II  | : | Die ek-verteller .....                           | p. 5 |
| Hoofstuk | III | : | Die geloofwaardigheid van<br>die verteller ..... | p.19 |
| Hoofstuk | IV  | : | Die skrywer as verteller.                        | p.38 |
| Hoofstuk | V   | : | Van knolskrywer tot<br>volwaardige skrywer ...   | p.52 |

---oOo---



### DANKBETUIGINGS

Hiermee betuig ek my opregte dank en waardering aan:

Dr. Elize Botha vir die besondere voorreg om onder haar bekwame en geduldige leiding die studie te kon onderneem; vir hulp vanaf die keuse van 'n onderwerp tot die uiteindelijke skryf van die verhandeling;

Prof. S. Strydom vir baie waardevolle hulp en aanmoediging gedurende al my studiejare;

Dr. P.G. du Plessis vir interessante en stimulerende gesprekke;

My ouers vir aanmoediging en hulp op verskeie gebiede.

## HOOFSTUK I

### PROBLEEMSTELLING

In Etienne Leroux se 18-44 (Kaapstad, 1967) en Isis Isis Isis ... (Kaapstad, 1969) maak Leroux gebruik van 'n gekarakteriseerde verteller wat vir die duur van elkeen van die boeke aan die woord is en sy verhaal in die eerste persoon vertel. Hierdie verteller is tegelyk die waarnemer van die verhaaldeure én die spil waarom die gebeure draai. Sy vertelling gaan grootliks oor sy eie omstandighede en probleme, en sy analise daarvan. Hy beklemtoon hierdie preokkupasie met homself deurdat hy herhaaldelik sinne inlui met „ek sien..” of „ek vertel ...” Op so 'n wyse bly dit onder die leser se aandag dat dit deur sý oë is wat ons sien en uit sý mond is wat ons die verhaal hoor. Die verteller dring homself dus op die voorgrond sodat hy homself op 'n byna vanselfsprekende wyse aanbied as die onderwerp vir 'n studie. Dit lyk bykans onmoontlik om die tekste te bestudeer sonder om die verteller en sy vertelwyse te ondersoek.

Dit het belangrik gelyk dat Leroux hier, anders as in enige van sy ander werke, gebruik maak van die eerstepersoonsvertelling. Dit is 'n aanbiedingswyse wat baie spesifieke beperkinge oplê aan die vertelling en daarom waarskynlik met 'n spesifieke doel aangewend sal word. Dit het vrugbaar gelyk om na te gaan watter gevolge hierdie keuse vir die werke inhou. Daar bestaan sekere algemene opvattinge oor die kenmerke van die eerstepersoonsvertelling en ek het probeer nagaan of daardie opvattinge bevestig of weerlê word in hierdie spesifieke gebruik van dié aanbiedingswyse.

Dit lyk onnodig om hier te sê dat daar geensins aandag geskenk is aan enige biografiese korrelasie wat daar tussen die knolskrywer Y en Leroux self sou kon bestaan nie. Dit sou, in literêre sin, 'n geheel en al onvrugbare vergelyking wees; tog is dié benadering tot die literatuur een wat, soos die armes, blykbaar altyd met ons sal wees. In 'n gesprek met

F.I.J. van Rensburg sê Leroux: „Ek het net een probleem met my boeke in die eerste persoon, en dit is dat mense dink dis alles jou eie ervarings wat jy beskryf. Ek weet dis 'n bietjie lagwekkend, maar dit 'n ontsettende probleem vir 'n skrywer, veral een in my posisie" (p. 55, Gesprekke met Skrywers II).<sup>1)</sup> In 'n koerantonderhoud oor sy monumentale eerstepersoonsvertelling, A la Recherche du Temps Perdu, kla Marcel Proust oor dieselfde verskynsel: „I was unfortunate enough to start a book with the word, "I" and immediately it was assumed that instead of trying to discover universal laws, I was 'analysing myself' in the personal and odious sense of the word" (Aangehaal deur Leon Edel: The Modern Psychological Novel, p. 104). Dit bly dus nodig om 'n mens self gedurig van so 'n benaderingswyse te distansieer.

Ten spyte van die feit dat die verteller so besig bly met homself is dit paradoksaal dat hy in 'n hoë mate 'n enigma vir ons bly en dat hy homself as 't ware versteek agter al die gepraat oor homself. Dit is maar één van die paradokse in die aanbiedingwyse wat opval en wat problematies is vir 'n interpretasie van die werke. Die paradokse vermenigvuldig algaande en die vermoede ontstaan algaande dat die verteller sy lesers opsetlik mislei, verwar en bedrieg. Dit het nodig geblyk om na te gaan in welke mate en op watter wyses die paradokse en mistifikasies die geloofwaardigheid van die verteller aantast en die interpretasie van die werke beïnvloed.

'n Verdere opvallende kenmerk van hierdie verteller is dat hy juis 'n skrywer is en dat sy skrywerskap nie alleen belangrik is vir die verloop van die verhaal nie, maar dat dit veral 'n belangrike aspek van die komposisie is. In die Afrikaanse prosa was 18-44 en André P. Brink se Miskien Nooit (Kaapstad, 1967) opvallend van die eerste werke waarin dit

---

1) Om die lees te vergemaklik, is deurgaans in die betoog net die bladsy, die naam van die skrywer en die naam van die bron genoem. Volledige besonderhede verskyn agter in die lys van aangehaalde en geraadpleegde werke.

gegaan het oor die skryf van 'n boek. In vroeëre prosawerke het ons wel verhale óór skrywers gekry, maar hulle skrywerskap is nie in so 'n mate en op so 'n wyse ontgin nie. Ek het veral probeer nagaan op watter wyse die skrywerskap as komposisie-aspek funksioneer.

In hierdie ondersoek is as uitgangspunt twee werke gekies en is hulle in 'n sekere opsig saamgesien. Met die nodige respek vir die eenheid van die enkelwerk het dit tog geregverdig gelyk om in 'n bepaalde opsig en vir 'n bepaalde doel die twee werke as een te sien.

Daar word dikwels gepraat van die sikliese aard van Leroux se werk. In 'n resensie oor 18-44, sê P.D. van der Walt: „Om die nuwe roman na volle waarde te probeer skat, moet 'n mens rekening hou met die sikliese aard van Leroux se werk, die doelbewuste integrasie van 18-44 daarmee, en die andersheid van die jongste roman. Al Leroux se boeke tot dusver is eintlik een groot 'verhaal', is geskryf vanuit een energiegewende maar ook ontwikkelende kern, ten spyte van vormverskille, groeperinge, aksentligginge. Motiewe, beelde, name, tegnieke keer terug (net soos sekere frases bv. in een roman - vgl. maar hier die vrou of die argitek) en dit versterk sekerlik die ritueelagtige, die 'noodlottige' karakter van die werke" (p.168, Mené Tekél). Ook binne die siklus is daar 'n verdere verband tussen 18-44 en Isis Isis Isis ... In die reeds genoemde gesprek verwys Leroux na Isis... as die „siklusmaat" van 18-44 en hy stel nog 'n derde boek in vooruitsig wat die „trilogie" moet voltooi. Leroux se werkwyse skep dus 'n skakel tussen die twee boeke.

Verder word die verteller in albei die boeke op dieselfde wyse gekarakteriseer as mnr Y, 'n knolskrywer en eienaar van 'n huisie by die see, gebou deur sy vriend die homoseksuele argitek. Die verteller se biografiese besonderhede is in albei die gevalle dieselfde : hy is 'n weeskind wat grootgemaak is deur sy oom en tante.

In Isis... som Y sekere van die gebeure uit 18-44 op : hy verwys na sy korrespondensie met mej. X, verwys na die gewelddadige einde waartoe sy verhouding met die Rus gekom het toe haar man en sy trawante Y in flarde geslaan het, na die dood van sy oom, na sy tante se verhouding met 'n orkesleier ensomeer.

In die aanvangshoofstuk van Isis... verwys Y na sy vorige boek, „opgedra aan mej. I". 18-44 is opgedra aan I en daar word dus vanuit die een boek self 'n spesifieke verband gelê met die ander een.

Rob Antonissen noem, in 'n resensie van Isis... die „allerbelangrikste kontinuïteitsfaktor in die twee boeke : die aard van die ek (die ,knolskrywer') se bedryf. Want dit kan nie genoeg beklemtoon word nie : 18-44 en Isis... - en dis waarin die basiese verskil met al die vorige werke van Leroux geleë is - is albei boeke ,oor'-die-skryf-van-'n-boek, albei 'n ,knolskrywer' se poging ,om 'n volwaardige skrywer te word'" (Die Burger, 13 Des. 1969).

Daar is dus genoeg regverdiging om die boeke, wat die kwessie van die verteller betref, saam te sien. Tog kan dit alleen maar as 'n vertrekpunt dien en is dit uiteindelik noodsaaklik om van die verteller na die vertelling oor te gaan. Dan is dit nodig om die boeke apart en in eie reg onder oë te neem - elkeen is per slot van rekening 'n aparte vertelling, 'n nuwe poging van die knolskrywer om 'n volwaardige skrywer te word.

HOOFSTUK IIDIE EK-VERTELLER

In 18-44 en Isis Isis Isis .. is die verteller deel van die romanwêreld en is hy voor ons oë besig om die dinge te beleef en waar te neem waarvan hy vertel. Dit gee aan die vertelling 'n sekere vastigheid en 'n natuurlikheid, want die gesigspunt is vasgestel in die bewussyn van 'n persoon wat ons kan leer ken, in teenstelling met die ongeïdentifiseerde gesigspunt van onpersoonlike vertelling. Romberg skryf: „The fictitious narrator can take liberties and speak out with impunity, precisely because he is part of the fiction : characteristics which in an author would upset the illusion of reality serve in a narrator, on the contrary, to strengthen that illusion. The narrator in an ordinary first-person novel, then, makes a highly epic impression upon the reader; and despite the fact that the author's method of presentation is very close to dramatic technique, the narrator and his narrative give to the novel as a whole the appearance of epic technique and epic fiction. The author has thus objectivized himself in the person, at the same time, by doing so, he gives to his novel an epic, subjective stamp " (p.29, Studies in the Narrative technique of the first-person novel).

Die skrywer verdwyn dus geheel en al van die toneel en laat die vertel van die verhaal aan sy verteller oor. Wanneer die gesigspunt op so 'n spesifieke wyse vasgestel word, is daar gevolglik ook spesifieke voordele en nadele daaraan verbonde.

Die verteller moet natuurlik getrou aan homself bly wat sy praat- of skryfstyl betref, en ook wat sy beeldgebruik en ervaringswêreld betref. 'n Kind of 'n ongeletterde of 'n swak-sinnige moet bv. konsekwent in hulle spesifieke idioom bly dink en redeneer. Wat dit betref, is daar nie in hierdie geval eintlik 'n probleem nie, want die verteller is 'n intelligente en gekultiveerde persoon en self 'n skrywer, „alhoewel 'n knol."



Die mees algemene vereiste wat daar aan die ek-vertelling gestel word, en dit word dan gewoonlik as 'n beperking genoem, is die feit dat die eerste persoon net kennis kan of mag dra van sy eie gedagtes en motiewe. Van die ander karakters kan hy net soveel weet as wat hulle deur woorde en daade aan hom openbaar en dit ook net in situasies en onder omstandighede waar sy aanwesigheid verantwoord en waarskynlik is. Die knolskrywer beweeg redelik konsekwent binne die grense van hierdie afgebakende terrein; hy benadruk selfs die feit dat die ander karakters se innerlike vir hom 'n onbekende en selfs onkenbare gebied is. Wanneer hy in 18-44 wonder oor die reaksie van sy vrou op sy verraad, besluit hy : „Vrae en vrae en vrae, mej. X, want die antwoorde is alleen aan onself bekend. Wie is ek, knolskrywer, om te sê of my geliefdes hulle toevlug tot verloëning of sinisme, of selfvernietiging sal neem?" (p.125). In Isis..., wanneer hy dit het oor Mrs Scott - Finesse Immobile, sê hy: „... en ek word onrustig oor hoeveel ek nie begryp of verstaan het nie van wat agter die grys vensters van haar siel aangaan" (p.105).

In enkele gevalle vertel hy wel van dinge waarby hy nie kon gewees het nie, soos by die kamee van sy tante in 18-44, maar dit is duidelik dat dit daar gaan om die saamstel van 'n beeld binne sy verbeelding en dat dit daarom nie beskou kan word as 'n oortreding buite sy gebied nie.

Die beperking verkry 'n positiewe funksie omdat dit in so 'n mate gepas is vir Y se aanbiedingswyse. Hy is nie alleen die waarnemerverteller nie, maar ook die protagonis en as sodanig die spil waarom die gebeure draai. Omdat 'n groot deel van die gebeure afspeel in Y se gedagte-wêreld, is die ander karakters net belangrik, of bestaan hulle selfs net, in die verhouding waartoe hulle tot hom staan en die betekenis wat hulle vir sy lewe het. Hulle is in iedere geval nie vir ons of vir Y „werklikhede" in dieselfde mate as wat hyself dit is nie.

Op 'n sekere vlak kan sommige van die karakters en gebeure gesien word as beelde binne sy verbeeldingswêreld of selfs mensgeworde aspekte van sy persoonlikheid. Dit is nie belangrik hoe en wat die ander karakters werklik is nie, maar alleenlik hoe Y hulle sien en in watter patrone hulle hulleself om hom rangskik. Soos Nathalie Sarraute dit stel: „Quant aux personnages secondaires, ils sont privés de toute existence autonome et ne sont que des excroissances, modalités, expériences, ou rêves de ce "je" tout-puissant ... ce "je" n'a pas à se préoccuper de donner aux personnages ces proportions et dimensions obligatoires qui leur confèrent leur si dangereuse "ressemblance". Son oeil d'obsédé, de maniaque ou de visionnaire s'en empare à son gré ou les abandonne, les étire dans une seule direction, les comprime, les grossit, les applatit ou les pulvérise pour les forcer à lui livrer la réalité nouvelle qu'il s'efforce de découvrir" (p.292-293, L'Ere du Soupçon).

Y is almagtig en om sy doel of sy besondere waarheid te bereik, kan hy die neue-karakters sien soos die lig op 'n besondere oomblik op hulle val, gekleur deur sy simpatieë en antipatieë en sy gemoedstoestand. So wissel die beeld van sy vrou in 18-44 van „my Walkure" tot „'n Germaanse droom", tot „'n herteprinses", tot „my verbitterde plomp swanenvrou" tot uiteindelik: „my dowe, mank, manies-depressiewe vrou."

Die verwyd van „flat characters" is dus hier om nog 'n rede nie ter sake nie. In Pour un nouveau roman bestry Alain Robbe-Grillet die opvatting dat daar in die moderne roman geen werklike en volledige mense voorkom nie, deur te sê dat dit alleen God is wat alle mense tegelyk in hulle volledigheid en met objektiwiteit kan sien. Vir hom is dit juis menslik om gedeeltelik te sien: „Dans nos livres ... c' est un homme qui voit, qui sent, qui imagine, un homme situé dans l'espace et le temps, conditionné par ses passions, un homme comme vous et moi. Et le livre ne rapporte rien d'autre que son expérience, limitée, incertaine" (p.118).



Waar die eerste persoon sentraal staan ten opsigte van die vertelling én die gebeure, kan hy deur sy blote teenwoordigheid 'n natuurlike eenheid en binding aan die verhaal verskaf. Kannemeyer stel dit so: „ ... die ,ek' wat vertel, los die ordening van die verhaal op 'n maklike wyse op deurdat hy as 't ware die hele vertelling kan 'dirigeer'" (p.81, Die Stem in die Literêre Kunswerk) en Shipley sê dat die „ek" as 't ware dien as die sement wat die verskillende verhaal-blokke aan mekaar heg (Dictionary of World Literature). Hierdie samebindende funksie van die eerste persoon is baie belangrik in albei die boeke; in 18-44 omdat die chronologiese volgorde byna geheel en al verbrokkel en in Isis... omdat die persoonlikheid van die reisiger in die meeste reis-verhale die opvallendste en byna die enigste samebindende faktor is.

Wanneer ons aanhoudend gekonfronteer word met dit wat met 'n spesifieke karakter gebeur, hoe hy daarop reageer en daarvoor voel, is dit vanselfsprekend dat dit 'n interessante en verwikkelde mens moet wees, anders sou hy nie ons aandag voortdurend kon boei nie. En waar hy 'n baie sterk neiging tot introspeksie het, is dit belangrik dat sy bieg of belydenis of self-onderzoek nie neulerig en vervelend moet word nie. In albei die boeke is die subjektiewe en mymerende gedeeltes gebalanseer deur die rapporteer van tonele en handeling in 'n gedramatiseerde vorm; Y dramatiseer selfs sy vrese en sy probleme in die vorm van beelde. In albei die boeke speel die vertel van sy drome 'n belangrike rol in die aanbiedingswyse. Hy vertel sy drome dikwels en in groot detail en meestal sonder enige toeligting of enige poging om die geldigheid en toepaslikheid daarvan te verduidelik.

Soms aksentueer die drome op 'n beeldende wyse dit wat ons reeds weet, soms weerspieël of simboliseer hulle sy ondervindings en soms tree hulle op as waarskuwings. In Isis... bevestig sy droom oor die Gotiese kasteel, terwyl hy met Karin Manlichter dans, sy identifikasie met Faust, en in 18-44 is sy droom oor die meer wat nie vol is nie 'n waarskuwing of 'n weerspieëling van sy vrees dat hy nie die vier vroue of die

vier aspekte van sy persoonlikheid byeen kan bring nie. Sy angskry in 18-44 gestalte in die trein wat van Wes na Oos gaan beweeg, en sy gevoel van naderende onheil kry vorm in die driehoek, gevorm deur die Kosak en sy twee handlangers. In Isis... kry sy bemoeienis met en vrees vir die dood vorm in die persoon van Mary-Jane Hudson. Sy was die eerste van die verskyningsvorme van Isis wat hy ontmoet het en hy het haar sien sterf. Vir die res van die reis verskyn sy telkens aan hom wanneer hy die teenwoordigheid van die dood aanvoel of gewaar.

Y se ondersoek geskied op 'n genadelose nugter en selfs spottende wyse. Die speelse, spottende houding waarmee hy andere bejeën, word teen homself ook gerig, tesame met die volle krag van sy ironie. Dit is een van die mees simpatieke eienskappe van hierdie verteller; dat hy nie net vir andere nie, maar vir homself ook, kan lag. Hy spot met die kontradiksies in sy lewenswyse: „Ek omgord my lende om weerstand te bied teen inflasie terwyl ek met 'n Ford Mustang ry om Namakwalandse gousblomme te sien 'n paar honderd myl weg in die gramadoelas" (p.6, Isis..) en hy lag vir sy valse voornemens: „Ek is versadig van liefde nadat ek by my Rus was en my onmiddellike voorneme is om haar nie weer te sien nie" (p.18, 18-44). Hy gewaarselfs die lagwekkende in sy vurige liefdestonele: „Karin ... vryf liggies haar koel Germaanse wang teen myne terwyl haar hande myne in loutwarm water bad" (p.53, Isis..). Hy doen op 'n baie saaklike wyse verslag van die rampe wat hom tref of die lyding wat hy verduur, want, sê hy vir mej. X: „... al is rampe eenvoudig en duidelik soos saaklike berigte in koerante " (p.53, 18-44). In Isis... gee hy op 'n terloopse en oënskynlike onbewoë wyse te kenne (te midde van aanmerkings oor sy aktiwiteite om sy persoon te verfraai): „Ek dink aan Mary-Jane Hudson en vind tot my verbasing dat ek die afgelope kwartier besig was om te huil" (p.19, Isis..). Die verslag wat hy gee van die episode waar die Kosak en sy handlangers hom „in repies" slaan, geskied op 'n wetenskaplik-ontledende wyse: „Mens kan 'n sekere mate van kliniese bevrediging vind in die wyse waarop hulle die taak verrig. Uit 'n ander oogpunt kan 'n mens 'n sekere belangstelling

vind in die wyse waarop die knolskrywer sy arms verkeerd ophef, en 'n hou in die maag kry; ... (p.17, 18-44).

Emotiewe gedeeltes word meestal geneutraliseer deur omringende saaklike gedeeltes, soos in Isis... waar sy hoogdra wende bieg teenoor die priester gedurig onderbreek word deur 'n uitvoerige verslag van wat hulle drink of besigtig, of deur opgetoë uitroepe soos: „Hoe lieflik is Sagunto " (p.47). Ons kry sodoende 'n kombinasie van emosie en deurdringende self-ondersoek. Hierdie nugtere ondersoek van gedagtes en gevoelens word vergesel van 'n byna onttrokke beskouing daarvan.

Die algemene opvatting dat die ek-vertelling noodwendig 'n intieme en gemoedelike atmosfeer tussen die verteller en die leser skep<sup>1)</sup>, is nie in hierdie geval van toepassing nie. Daar bestaan wel 'n aansienlike mate van identifikasie met die hoofpersoon en sy probleme, waarskynlik geskep deur die feit dat ons byna saam met hom die dinge beleef. Ons sien sy gekwelde gemoed „aan die werk" en ons deel sy herhaaldelike „weemoedige ontnugterings." Ons kan saam met mej. X sê: „Ek kyk nie meer na jou nie; ek sien deur jou oë ..." (p.42, 18-44). Maar, en dit is belangrik, mnr. Y se oë kyk na homself vanaf 'n aansienlike afstand, in so 'n mate dat hy dikwels na homself

- 
- 1) Wanneer 'n mens praat van 'n „algemene opvatting", is dit waarskynlik nodig om na verskillende opinies te verwys:
- a) GRABO, Carl H: The Technique of the Novel, p.73: „The employment of the first person does two things: it creates a sense of intimacy which the impersonal 'he' does not convey..."
  - b) SHIPLEY: Dictionary of World Literature, p.439: „The emotional experience in a first-person tale is told from the heart, thus is usually more intimate and intense than one told from outside. The 'I' promotes intimacy."
  - c) BROOKS & WARREN: Understanding Fiction, p.664: „First person narration tends to shorten the distance between the reader and the fictional character."
  - d) AUCAMP, Hennie: „Die Belydenis van 'n Kortkuns-beoefenaar." Standpunte 85: 'n Populêre opvatting wil dit hê dat die ek-verhaal altyd 'n sfeer van intimiteit tussen verteller en leser skep..."

verwys in die derde persoon. Dit is asof hy in sy hoedanigheid as waarnemer homself kan distansieer van sy belewenisse sodat hy byna van buite af na homself kan kyk. Dit word soms bewerkstellig deur die feit dat Y terugkyk na homself op 'n vroeëre stadium van sy lewe. Hy is nou 'n "sadder and wiser man" en kyk vanaf 'n natuurlike afstand na sy destydse reaksies en sy dikwels onvoldoende insig. Dit word beklemtoon deur tussenwerpsels soos „ek besef nou”; „nou besef ek dit eers” en „ek het nooit besef nie”.

Daar word dikwels gesê dat in 'n vertelling in die eerste persoon, waar die eerste persoon ook die protagonis is, dit 'n probleem is dat hy homself nie van buite af kan sien nie;<sup>1)</sup> hy kan homself van binne af buitentoe karakteriseer, maar nie van buite af binne toe nie. Om hierdie probleem op te los, kan hy na homself kyk in 'n letterlike of 'n figuurlike spieël. Y kyk dikwels na homself in 'n letterlike spieël: „Die spieël was nuut en wreed en het al my 46 jaar se letsels tot in die fynste besonderhede getoon” (p.77, Isis...) of: „... en toe sien ek oor haar skouers ons beelde in die ruit ... - eers háár gesig,

- 
- 1) a) GERHARDT, M.I : Iets over het gebruik van de eerste persoon in verhalend proza, p.17: „De subjectieve verhaaltant kent noodzakelijkerwijze slechts één perspectief, die ik-figuur ziet zichzelf en de hem omringende wereld door zijn eigen ogen, met alle beperkingen van dien, en het door hem vertelde verhaal kan nooit aan deze beperkingen ontkomen. Reeds in het zuiver praktische vlak doen deze zich gevoelen, bv. wanneer gebeurtenissen verhaald moeten worden waarvan de verteller niet op hoogte kan zijn. En zo ook wat het uitbeelden van de figuur zelf betreft. Een „ik” kanniet buiten zichzelf treden en zichzelf onder een andere gezichtshoek bekijken.”
- b) SHIPLEY: Dictionary of World Literature, p.439: „This internal viewpoint also has disadvantages ... the hero can analyze himself, only from inside out, not from outside in.”
- c) ROMBERG: Studies in the narrative technique of the first-person novel, p.59: „The narrator can see everything and everyone moving within his field of vision, in the most self-evident manner conceivable, but he cannot look upon himself from outside.”

vertrek in 'n uitgelate lagbui, en dan myne, beteuterd van bekommernis" (p.24, 18-44). Meer dikwels kyk hy na homself deur onsimpatieke of onverskillige oë. Voor 'n ontmoeting met die Rus in die park, sien hy homself as 't ware deur die oë van die vreemdelinge in die park: „... wéét daardie paartjie om die draai tussen die kanna's dat die 44-jarige, wat so viets met sy suedeskoene deur die douvars gras loop, ook 'n afspraak het..." (p.16, 18-44); of deur die oë van die Kosak sien hy homself as 'n „onskadelijke mannetjie" (p.27, 18-44). By die Huerta kyk hy deur die oë van die „starende toeriste" na homself as „die man in sy jas wat oor die meer kyk..." (p.39, Isis...).

Nog 'n wyse waarop Y sy lotgevalle in perspektief plaas, is deur homself nie net as 'n „lydende enkeling", te sien nie, maar ook as deel van 'n groter geheel. Vandaar ook die naamloosheid; hy staan net bekend as Y en hy is een van miljoene middeljariges: „... en my lot is die lot van almal wat middeljarigheid teësinnig ervaar" (p.12, 18-44). Hy sien homself as een van 'n hele geslag, die „lost generation" van die twintigerjare: „Arme sproetgesiggies, arme kwelende suigeling van die jare twintig - dertig, wat vandag in parke wandel en hulleself hêl gee vanweë hulle vrees" (p.96, 18-44). Maar hy is veral een van die baie mense wat vandag leef en „onderhewig (is) aan dieselfde tolskuld van ons tyd" (p.79, 18-44). Wanneer hy homself in Isis... bekendstel, sê hy: „Ek is deel van ons tyd en my hele bestaan is 'n beskuldiging teen ons tyd indien mens geneë sou voel om die tyd te blameer vir dinge wat ons nie verstaan nie" (p.6-7, Isis...). Op hierdie wyse word sy persoonlike lotgevalle gebalanseer.

Henry James het gesê: „the first person, in the long piece, is a form foredoomed to looseness " (aangehaal deur Leon Edel: The Modern Psychological Novel, p.35). Dit is dan weer eens 'n gevaar waaraan Leroux ontkom het, want albei die boeke het 'n definitiewe vorm. Uitwendig word dit gegee in albei die aanvangshoofstukke wanneer die titels, of die formules wat aanlei-



ding gegee het tot die titels, verklaar word. Die ontmoeting van 18 met 44 (mnr. Y en mej. X se ouderdomme onderskeidelik) is betekenisvol genoeg om selfs die jaar 1844 van belang te maak. Die verhaal strek dus nie alleen oor die jaar van Y en X se korrespondensie (18-44 - 19-45) nie, maar ook oor die honderd jaar tussen 1844 en 1945. Die boek is saamgestel uit dit wat gebeur in die jaar van die korrespondensie, maar ook uit momente tussen sy eie 18<sup>e</sup> en 44<sup>e</sup> jaar wat vormend of bepalend gewerk het op sy huidige situasie. Die verhaal word geensins op 'n chronologiese wyse vertel nie; die tydspatroom is baie ingewikkeld en word gekontroleer deur die krag van sy geheue en die mag van sy verbeelding. Dis veral sy verbeelding wat aanleiding gee tot die variërende en wisselende kombinasies en patrone wat hy in sy verhoudings met die vier vroue sien. Die verhoudings word verder gekompliseer deur die feit dat hy, in sy pogings om 'n sintese te bereik, die vroue oor en oor met mekaar vergelyk en hulle vertel van mekaar.

Hy spring heen en weer in die tyd, maar ook tussen die verskillende verhoudings en vroue. Hulle verteenwoordig verskillende wêrelde en verskillende emosionele klate. Teen die agtergrond van elke wêreld, haal Y sekere episodes op wat nie deel uitmaak van 'n chronologiese patroon nie, maar wat almal bydra tot die skep van 'n spesifieke atmosfeer, of wat 'n essensiële deel vorm van 'n sekere reeks gebeure. Die oorgange word vergemaklik deur Leroux se bekende herhalings-tegniek wat hier, afgesien van sy ander funksies, ook dié waarde het dat hy deur middel van herhalings as 't ware 'n omgewing of wêreldjie bou om elke vrou en elke verhouding. (Mej. X is die enigste een wat hom aanspreek as „mnr. Y“, briewe en tekeninge is deel van hulle wêreldjie; die Rus word herhaaldelik gesien teen die agtergrond van die leë, groen pagode en die driehoek van haar man en sy twee handlangers; sy tante beweeg teen die agtergrond van haar estetiese man, koringlande en utopiese dae; sy vrou se blou oë, haar sesvoetliggaam en die bloed en ys van haar slagtersvader is deel van haar omgewing). Op die wyse kan hy sondermeer sê: „sy

skryf vir my: mnr. Y, mnr. Y..." en dan weet ons dis mej. X waaroor dit gaan, of hy kan skielik praat van "haar sesvoetliggaam" en dan weet ons dat hy van sy Walkure praat.

So vorder die verhaal dan broksgewys en oënskynlik orde-loos, maar deur middel van herhalings, interpretasies en kruisverwysings ontwikkel 'n verstaanbare geheel wat tekens dra van 'n baie spesifieke patroon. Robert Liddell haal in dié verband die verhaal van Medea op: „The sorceress Medea cut an old ram into pieces, boiled them in a caldron of water with a few herbs, and out jumped a fine young lamb. She persuaded the daughters of Pelias to try a similar experiment upon their father in order to rejuvenate him. It was a trick, and they found that they had only made him into soup.

"So, when we are invited to admire the 'broken-time-scheme' or some other experiment ... it is proper to inquire: Has the novel sprung with renewed life from the caldrons or have they merely made soup of its poor old bones?" (p.29, Some Principles of Fiction).

Dit is weer eens 'n bewys van Leroux se komposisievermoë dat die verbrokkeling in 18-44 gelei het tot 'n uiteindelijke verjonging en vernuwing en nie tot 'n sopkokery nie.

In Isis... is die tydsaanwending baie meer chronologies omdat die reisverhaal as 't ware 'n chronologiese volgorde vereis; die reis het tewens 'n spesifieke begin- en eindpunt in die tyd. Y stel homself bekend, vertel van sy voorneme om op reis te gaan, bespreek sy plek, berei hom voor vir die reis, gaan op reis en kom terug. Hy vertel min of meer konsekwent dit wat met hom gebeur vandat hy wakker word, wat hy alles sien en eet, hoe hy sy middagslapie geniet en hoe hy uiteindelik gaan slaap.

Dit alles word gekontroleer deur sy soektog na Isis en sy hardkoppige en soms patetiese wil om in alles wat met hom gebeur, hoe toevallig of onbelangrik ookal, aspekte van Isis



te wil sien. Die Isis-mite het 'n baie belangrike vormgewende funksie. Hy verduidelik die omdraai van die mite : dit is Osiris wat Isis moet soek en hy vertel in die aanvangshoofstuk in hoeveel verskyningsvorme Isis aangetref kan word. Dit gee aanleiding tot een van die vernaamste bindingsmiddele naamlik die lysie waarop hy telkens die name van Isis se fragmente wat reeds aan hom geopenbaar is, aftel. Verdere bindingsmiddele is sy bemoeienis met die dood; sy toenemende bemoeienis met Bettie se verhaal en dié van die begrafnis van sy ooms; die misterieuse geklop aan sy kamermure enso meer. Daar is ook sekere „reisgeselle" wat kom en gaan en Y vir sekere periodes van sy reis vergesel: die priester en die Neger tesame met die homoseksuele dwerg. Die hekseverskynsels (visioene van vorige ontmoetings met Isis) sluit op gegewe momente by hom aan en kan ook in 'n sekere sin gesien word as reisgeselle.

Albei die boeke is geskryf uit 'n agterna-perspektief en tog slaag Y daarin om aan sy vertelling 'n illusie van onmiddellikheid en gelyktydigheid te gee. Hy doen dit deur tonele en gesprekke direk weer te gee, maar ook deur herhaalde vrae wat hy tot homself rig wat 'n illusie van onsekerheid skep, asof hy self nog nie weet wat gaan gebeur nie. In Isis... vra hy homself dikwels af: „Sal ek Isis in Griekeland vind?" en in die vliegtuig op pad na Griekeland wonder hy: „Sal ek in Griekeland, soos in Faustus II, 'n kontak vind sodat selfs my Skaduwee bevrees word? Sal die avontuur nou begin na die ongepeilde dieptes van die Kollektiewe Onbewuste?" (p. 115).

Alhoewel Y se ek-vertelling in sommige opsigte verwantskappe toon met die bewussynstroomromans - die vertelling gaan immers dikwels oor in 'n gedagtepraat, is daar belangrike verskille tussen dit wat hier plaasvind en dit wat by die bewussynstroomromans gebeur. By laasgenoemde word die vertelling gefiltreer deur die bewussyn van een of meer karakters en die „ontmoeting" met die gedagtelewe of bewussyn word so direk moontlik gegee, byna soos 'n kamera of 'n bandopnemer

dit sou kon registreer. By Y se vertelling het ons te doen met geformuleerde gedagtes, die materiaal word as 't ware eers „vertaal” in die bewoording van die verteller en hy organiseer, interpreteer en lewer kommentaar op dit wat in sy bewussyn aangaan. Humphrey sê: „Stream of consciousness represents the content of consciousness in its inchoate stage before it is formulated for deliberate speech ... In short the monologue is represented as being completely candid, as if there were no reader” (p.25, Stream of consciousness in the modern novel),

In nie een van die boeke is dit die geval nie - 'n leser of toehoorder word veronderstel. Dit is gevormde materiaal en in die proses van vorming was dit belangrik dat dit gevorm is met die doel om dit te boek te stel. In Isis... word die „epiese situasie” van die verteller reeds in die aanvangshoofstuk gegee: die knolskrywer begin tik aan sy boek met dieselfde titel as die een wat ons besig is om te lees. Die eerste woorde wat hy tik, herken ons as die aanvangswoorde van die hoofstuk wat ons so pas gelees het. Met ander woorde, die boek wat ons besig is om te lees, is die boek wat hy besig is om te skryf. Hy hou dan ook toekomstige lesers in gedagte; waar hy dit het oor die Neger, sê hy: „Ek noem dit slegs om hom 'n sekere status te gee indien my Fascistiese oom eendag hierdie boek van my lees” (p. 74).

In 18-44 word die epiese situasie eers aan die einde gegee; dis eers in die laaste woorde van die boek dat ons besef dat die boek wat hy nog gaan skryf, die een is wat ons so pas gelees het. Hierdie verskuiwing werp dan 'n geheel nuwe lig op die boek wat dit heeltemal verskillend maak van die bewussynstroomroman.

In haar verhandeling oor die bewussynstroomroman noem E. Kritzinger as belangrikste eienskap: „... dat die ervaring nog lewend is en nog nie staties geword het nie. Die karakters is op weg na groter insig in die werklikheid,

maar hulle het die einddoel nog nie bereik nie. Daar bestaan vir hulle nog geen vaste punt vanwaar hulle die stroom indrukke weer kan opdiep en weer eens in oënskou kan neem nie" (p. 17). Vir Y bestaan daar wel so 'n punt: die oomblik wat hy sy pen opneem om sy boek te begin skryf. Die gebeure of emosies is vir hom in so 'n mate „verby" dat hy dit kan rangskik in romanvorm. Hy skeep alleen maar die illusie dat hy nog op weg na so 'n punt is, dat hy midde in 'n reeks ervarings is waaruit hy eendag 'n roman sal vorm.

In 18-44 het ons 'n interessante toevoeging hiertoe, in die sin dat Y ook sy gedagtes moet formuleer vir 'n geskape toehoorder binne die romanwêreld. Hy bied sy vertelling aan asof hy dit vertel of skryf aan mej. X. Dit veroorsaak altyd 'n mate van selfbewustheid by 'n verteller as hy bewus is van 'n toehoorder. Mej. X is 'n toehoorder wat vir hom onbekend is en wat ver genoeg verwyder is wat jare, agtergrond en lewenservaring betref, sodat hy sy gedagtes versigtig moet formuleer om seker te maak dat sy sal verstaan waarvan hy praat. Daarom word sy vertelling voortdurend onderbreek deur aanmerkings soos: „dis moeilik om dit vir jou te verduidelik mej. X" of „Begryp jy iets hiervan, mej. X?"

In sy „Belydenis van 'n kortkunsbeoefenaar" sê Hennie Aucamp: „... as ek na die jongste verhale van John Updike, Katherine Anne Porter, Ingeborg Bachmann e.a. kyk, kry ek die indruk dat die ek-vorm al gewilder word. Of dit nou gebeur omdat die skrywer, paradoksaal genoeg, in die ek van sy verhaal wil loskom van homself, of bloot 'n beknopter verhaal wil bou, of 'n intieme atmosfeer tussen hom en sy leser wil verseker, moet uit die verhaal self afgelei word." (Standpunte N.R. 85). Soos so dikwels die geval is in die literatuur, blyk enigiets moontlik in die hande van die kunstenaar. Wat belangrik is, is dat dit 'n bewuste keuse met spesifieke gevolge vir die werke is.

In die reeds genoemde gesprek sê Leroux: „Ek het met opset die eerste persoon geneem. Dis moeilik om te sê

hoekom, maar jy kan iets heeltemal op 'n ander manier benader as jy dit in die eerste persoon doen. Daar is 'n sekere beperking, dis waar, maar aan die ander kant gee dit jou groter geleentheid om te kan rondspring, soos ek byvoorbeeld rondgespring het in Isis... Jy kan twee, drie lyne gelyk vooruitvoer wat jy moeilik kan doen as jy in die derde persoon skryf" (p.55, Gesprekke met Skrywers I).

Hier het Leroux deur middel van 'n medium wat Henry James beskou het as 'n "naïve and inferior medium" (aangehaal deur George Steiner in Tolstoy or Dostoevsky, p.280) soms ten spyte van die beperkinge van sy medium, soms met die hulp van hierdie beperkinge, kunswerke geskep wat in geen opsig "naïve" of "inferior" is nie.

HOOFSTUK III.

Uit die aard van mnr. Y se status as gekarakteriseerde verteller wat vir die duur van albei boeke aan die woord is, is sy vertelling geheel en al ongekontroleer deur enige ander gesigspunt; nog deur dié van 'n ander karakter, nog deur 'n ongedefinieerde en verskuiwende gesigspunt. Ons is dus geheel en al aangewese op dit wat hy bewustelik en direk vertel en op dit wat hy by implikasie te kenne gee.

Verder weet ons dat hy nie in die kategorie val van die verteller wat as getuie op die rand van die gebeur<sup>eu</sup>te staan en as sodanig 'n relatief objektiewe verslag gee nie, maar dat hy die spil is waarom die gebeure draai en aldus in 'n hoë mate betrokke is by dit wat gebeur. Dit is dus 'n baie persoonlike vertelling, gekleur deur sy simpatieë en antipatieë. Maar nou gaan dit in albei gevalle om situasies en beslissings wat vir hom van lewensbelang is; daarom is dit vir hom essensieel om die ware aard van sy situasie te peil - om nie tot 'n objektiewe nie, maar wel tot 'n ware siening van sake te groei.

Ons kry dus te make met 'n volgehoue, en 'n dikwels moedige peiling van sy situasie, veral soos dit weerspieël word in sy verhoudings met die ander karakters. Hy sê vir mej. X: „Die lewe is eenvoudig só: ons skuld, ons boetedoening is teenoor God, die volle ontplooiing van menswees en versoening met die lewe geskied op kosmiese vlak - maar dit openbaar hom in ons verhoudings tot mekaar" (p.129, 18-44).

Afgesien van dit wat Y oor sy situasie en sy verhoudings vertel, mymer of wonder; die kommentaar wat hy lewer en die verbande wat hy lê; gee hy ook vir ons 'n direkte blik op sommige van die gebeure en karakters deur gesprekke in dialoogvorm en gebeure in gedramatiseerde vorm aan te bied. Die aangehaalde woorde van die ander karakters dien in die

meeste gevalle hoogstens om hulleself te karakteriseer en dit is selde dat dit enige nuwe lig op Y en sy probleme werp. In 18-44 is sy verhoudings met die vier hoofvroue in die brandpunt van aandag. Sy tante is 'n onbepaalde tyd voor sy 44e jaar, wat die beslissende periode is, dood en daarom is dit nie juis moontlik dat sy enige kennis kan dra van sy probleme op daardie stadium nie. Hy haal ook nooit gesprekke tussen hulle aan nie, maar net raad wat sy in die vorm van aforismes tot hom gerig het: „Onthou, Y, Y, 'n gentleman bewonder vrouens, 'n skurk verstaan vrouens" (p.16, 18-44).

Sy verhouding met sy vrou word meestal by wyse van opsomming aan ons gegee en die enkele kere wanneer sy wel aan die woord gestel word, is dit om met hom te spot of hom te verwyt: „Ek wens jy kan jouself sien! Kyk hoe lyk jou hare! - Jou das! - En daardie manuskripte in jou hand! Kry jy nooit genoeg van letterkunde nie?" (p.25).

Dit is juis 'n belangrike eienskap van sy verhouding met die Rus dat hulle gewoonlik bymekaar verby praat, of dat sy sy motiewe misverstaan: „... en ek erken my eie swakhede wat verfyndheid en bangheid is en die tragies-komiese is dat sy my swakheid omskep tot die sensitiewe vreesloosheid van haar eie wêreld, want sy ken nie myne nie..." (p.17). Hy vertel dikwels vir haar 'n halwe waarheid: „'Dis 'n isolément wat oor my kom', het ek vir haar eenkeer gesê, maar eintlik was dit die beeld van my dowe, mank, manies-depressiewe vrou" (p.21) en sy luister na hom met 'n „geduldige" (maar onbegrypende) glimlag. Sy is geheel en al onbewus van die Kosak wat Y oor haar skouer sien en daarmee ook onbewus van die komende Gotterdammerung. Soos die „manies-depressiewe vrou", het sy geen benul van wat werklik vir Y, of vir haar, op die spel is nie.

Mej. X se briewe sou kón dien as 'n kontrole, want sy is trouens die een wat vanweë 'n besondere sensitiwiteit en vroegwysheid, en as gevolg van die feit dat Y by haar bieg, die



naaste kom aan volle kennis van sy situasie. In die briefwisselingsroman, wat veral in die XVIIIe eeu besonder gewild was, is daar meer as een briefskrywer en daar word gewoonlik verskillende gesigspunte op dié wyse aangebied. In 18-44 verloop dinge anders, omdat Y mej.X se briewe baie fragmentaries aanhaal, soms net met 'n enkele sin. Hy „redigeer” as 't ware haar briewe, want hy beskryf sy reaksies op dit wat sy skryf; lewer kommentaar daarop; toets en relativeer haar stellings, bv met: „moenie ironies wees nie, mej.X.” (p.91). Wanneer sy 'n poging aanwend om hom te karakteriseer deur te raai van watter vroue hy hou, draai hy dit om as getuienis vir sy karakterisering van haar: „Hoe lyk jy, mej.X? Ek verlaat my op die beskrywing van vrouens wat jy op my projekteer” (p.89). Hulle briefwisseling kan nie werklik die verhaalbasis vorm nie, want ons weet ook nie wanneer hy uit sy briewe aan haar aanhaal en wanneer hy haar in die roman aanspreek nie.

In Isis... is die meeste van die ontmoetings baie kortstondig en skrams, sodat nie een van die vroue werklik iets betekenisvols kan sê nie. Die knolskrywer gee ook trouens baie selde vir iemand anders 'n kans om iets te sê; hy is die meeste van die tyd besig om 'n toespraak of lesing te hou en sy gespreksgenote verweer hulleself op verskillende wyses daarteen: „Linda Lee steek haar onbelangstelling vir die storie agter 'n mooi glimlag weg” en Karin Manlichter beperk haar bydrae tot: „Ach so!” wat sy herhaaldelik en op verskillende toonhoogtes uitspreek. Dit dui o.a. ook op die gebrek aan begrip, by enige van die mense wat hy ontmoet, van waaroor die soektog werklik vir hom gaan. Skynbaar verwag hy nie eintlik begrip nie en sien hy hulle as potensiele luisteraars, „ore” vir wie hy sy storie kan vertel. Wanneer hy die verhaal aan die priester vertel, sê hy: „Hy wieg heen en weer ... terwyl ek in sy enorme, bewegende oor soos in 'n mikrofoon my biegestorie skreeu” (p.46). Of wanneer hy op 'n keer nie 'n toehoorder kan vind nie, sê hy: „Ek sien niemand aan wie ek die storie van Isis kan vertel nie en ek dwaal doelloos...” (p.60).

Soms word van die ander karakters se woorde slegs aangehaal as bevestiging van iets wat hy reeds gesê het, of as variasies op 'n tema wat hy gee: „Ek is Gemini - die - tweeling“, karakteriseer hy homself, „en die tweespalt van kinderlikheid wat stry teen volwassenheid en in die tweespalt lê my ydelheid en ongevoeligheid en wreedheid“. Eers dan vertel hy hoe die Rus en X daarop reageer; die Rus noem dit „vrees vir gebondenheid“ en mej. X bestempel dit as „verraderlikheid“. In Isis... vertel hy eers dat hy bewus word van die aanwesigheid van sy skaduwee terwyl hy met Karin Manlichter dans en dan sê sy: „There iss part of you I do not like“ (p.55).

Ons het reeds gesien dat daar in Isis... baie selde sprake van werklike kommunikasie is, en as daar is, dan is dit nie op verbale vlak nie: „Dis asof Shulamite oneindig baie vir my in hierdie stilte tussen ons sê; dis asof ek met Shulamite in 'n ander dimensie verenig word“ (p.130). In 18-44 is hy en die Rus heeltyd besig om mekaar op 'n liefdevolle wyse mis te verstaan as bewys van „die geestelike onaanpasbaarheid van man en vrou van dieselfde leeftyd“ (p.60). Die enigste tyd wanneer daar, selfs op ironiese wyse (want dis gebaseer op 'n leuen) van „geestelike harmonie“ tussen hom en sy vrou (d.w.s. op hierdie 44e jaar van hulle lewe) gepraat kan word, is wanneer albei van hulle in hulle onderskeie droomwêreld leef. Selfs in sy verhouding met mej. X, met wie hy 'n mate van kommunikasie bereik, is daar ook die gevoel van mislukking. Hy moet uit haar briewe haar „stemmingsbui van drie dae gelede“ (d.w.s. toe sy die brief geskryf het), probeer peil. En selfs wanneer hy haar op beeldende wyse wil antwoord op haar vraag na aanleiding van die Jin-Jang-simbool, deur bloed te laat val op sy brief, word die bloed houtswart in plaas daarvan om rooi te bly „en dis meteens vir my 'n ontstellende teken dat ware kommunikasie onmoontlik is“ (p.56, 18-44).

Dit lewer tog sekerlik kommentaar op die „interessante feite omtrent Isis“ wat hy te alle tye besig is om aan mense

mee te deel, wanneer dit met volkome onbegrip en onbelangstelling of verbasing by sy toehoorders ontmoet word.

„Pamela kyk na my met volkome onbegrip" (p.109), sê hy op 'n keer; later sê sy: „Jy is volkome kranksinnig ... Hoe-kom vertel jy my dit?" (p.110). Voordat Y die storie van Isis aan Linda Lee vertel, probeer hy eers 'n „gewyde" atmosfeer skep deur vir haar te sê dat die vorige vrou aan wie hy die storie vertel het, kort daarna gesterf het. Hy voeg darem regverdigheidshalwe by dat die vrou diep in die tagtig was. Linda Lee gooi dadelik koue water op sy erns deur te sê: „As mens diep in die tagtig is, dan kan jy verwag om enige oomblik te sterf ... dit het niks met jou storie van Isis te doen nie" (p.23).

Die Neger se reaksie op Y se soeke na Isis, is veral belangrik, omdat daar in hom, as Y se skaduwee, 'n element van George Steiner se „underground man" is: „... the underground man is necessary to his betters. He is a reminder of mortality in moments of hubris, a buffoon who speaks the truth and a confidant who saps illusion. There is something of him in Sancho Panza, in Don Juan's Leporello calling for his wages even in the face of hell, in Faust's Wagner. By echoing or contradicting his masters, he assists in the process of self-definition" (p.199, Tolstoy or Dostoevsky).

Die Neger sien Isis veral as seksuele voorwerp en op Y se vraag of hy (die Neger) geïnteresseerd is in Isis, sê hy: „If she is a dame, I am" (p.63) en later: „I love dames ... I love trouble, sex and violence ... I am fascinated by sex, man" (p.74). Is hy, in sy eensydige siening van die betekenis van Isis, nie 'n eggo van Y se eie oppervlakkige soektog nie, want wat het Y (in iedere geval wat die voor-Griekelandse fase betref) anders gesoek en gevind by die vroue as net „sensuele ontmoetings"? Sy instelling was nie juis baie anders as dié van die Neger nie, ten spyte van sy velerlei hoogdrawende diskoerse oor die ware, en sogenaamde dieper, betekenis van Isis.

Dit is nie net die ander karakters wat deur hulle ongeërgdheid kommentaar lewer op Y se soektog nie. By homself is daar, ten spyte van die diepsinnige lesings en mymeringe, 'n hoë mate van ongeërgdheid in sy omgang daarmee, want hy wonder of praat meestal oor Isis terwyl hy „rats 'n huurmotor ingedagte vermy“, Guronsans sluk, hare kam of drankies drink. Sy behepthheid met sy geestelike soektog word afgewissel met 'n ewe groot behepthheid met whisky (belastingvry of andersins), prinslike fooitjies en wellewende etes.

As 'n mens seker was waar die spel ophou en die erns begin, sou 'n mens dit alles nog kon afskryf as „werklikheidsillusies“ of „'n verweer teen gemoedelikheid, teen subjektivisme“, maar gaandeweg begin 'n mens 'n onbehaaglike gevoel kry dat die verteller ons deur opsetlike mistifikasies en op ander wyses bedrieg. 'n Mens weet dan nie meer wat waarheid en wat illusie is nie. Volgens Raban is hierdie onbehaaglike gevoel juis die bewys dat 'n skrywer ironie kan hanteer: „The tone is so consistently ambiguous that we are forced far beyond the simple recognition of a 'double meaning' into realizing the truth of conflicting values. The surest test of a fine ironist is to ask whether he unnerves and disconcerts his readers“ (p.183, The technique of modern fiction).

Y verwar ons deur die feit dat hy nie behoorlik aandui wat werklik gebeur (d.w.s. in die boekwerklikheid) en wat net in sy droomwêreld gebeur nie. Hy relativeer selfs sy droombeelde: „Voor ek by my wit huisie by die see kom, ... kyk ek na die landgoed van prinses Ira von Liebenstein en verbeel my dat ek haar weer tussen die heide sien (maar dit is nie so nie, en daar woon geen prinses nie, en die landgoed gaan tot niet)...“ (p.19, 18-44). Of in Isis...: „In die voorste boot is 'n strykkwartet wat 'n kwellende, onbekende lied speel, in die tweede boot is 'n jongvrou met 'n mantilla en 'n sluier, in die derde boot 'n gemaskerde man. (Maar miskien is dit slegs die beeld wat ek kry synde

'n knolskrywer, babalaas en bysiende.)" (p.59). Soms kry sy relativerings stem by monde van sy skaduwee sodat daar 'n argument tussen hom en sy skaduwee ontstaan: „Karin is 'n engel, besluit ek terwyl ek haar stywer teen my aandruk. Nee! sê my skaduwee, sy is bloot 'n onskuldige meisie en net die regte voorwerp vir jou middeljarige drange " (p.55, Isis...).

Y relativeer ook sy vrese - hy laat homself ken as 'n baie bevreesde wese; in 18-44 staan hy 'n hele hoofstuk af aan „Vrees in soveel vorme." Hy sê o.a.: „Daar was vrees in my angsdroom toe die trein op die punt was om van Wes na Oos te beweeg; daar was vrees toe my tante en ek in die magiese koringlande na die koringblom gekyk het terwyl my oom besig was om te oes; daar was vrees toe ek my Walkure nie in die gekleurde ligte kon vind nie; en daar is die onbepaalde vrees wat oor my kom terwyl ek nou besig is om vir jou te skryf" (p.75). Maar dan „ontwapen" hy dadelik sy vrese deur by te voeg: „Maar my oom het jare daarna sy lewe verloor, weg van sy koringland; my Walkure haar siel baie partytjies ná die eerste rooilanternaand; jy self jou lewensdrang, vër in die toekoms verwyder van my profesie, miskien die slagoffer van 'n lewensomstandigheid terwyl jy al van my vergeet het; en my teringmaer tante, sonder kenbare sin of rede, onverwags, eendag, haar lus om sonnig te lewe" (p.76).

Y wantrou dus sy medekarakters en die dinge wat met hom gebeur, maar ook homself, sy eie vrese, drome en gevoelens. Ons wantrou al hierdie dinge saam met hom en ook vir hom as verteller. In Isis... sê Y op 'n keer: „en ek verwar haar doelbewus..." (p.53). Gaandeweg besef 'n mens dat hy ook sy lesers opsetlik verwar. Ons het, om saam met Nathalie Sarraute te praat, die era van wantroue binnegetree: „Ça témoigne à la fois chez l'auteur et chez le lecteur, d'un état d'esprit singulièrement sophistiqué. Non seulement ils se méfient du personnage du roman, mais, à travers de lui, ils se méfient l'un de l'autre. Il était le terrain



d'entente, la base solide d'où ils pouvaient d'un commun effort s'élancer vers des recherches et des découvertes nouvelles. Il est devenu le lieu de leur méfiance réciproque, le terrain dévasté, où ils s'affrontent. Quand on examine sa situation actuelle, on est tenté de se dire qu'elle illustre à merveille le mot de Stendhal: 'le génie du soupçon est venu au monde.' Nous sommes entrés dans l'ère du soupçon" (p.73-74, L'Ere du Soupçon).

In albei die boeke is die spelelement baie opvallend. Dit begin reeds in 18-44 se „skadeloosstelling" (om met dr. Elize Botha te praat). Die gewone: „In hierdie boek is al die karakters denkbeeldig", sou tog voldoende gewees het, maar dan gaan hy op 'n baie nadruklike en opsetlike wyse voort: „die eerste persoon is nie die skrywer nie, die Rus is nie 'n Rus nie, die park is nie die park in Oranjezicht nie, X is nie I nie, Walkures bestaan nie, ek het nie 'n teringmaer tante nie..." Wie sou per slot van rekening aan die park in Oranjezicht gedink het? X en I klink tog ewe geheimsinnig en interessant. En watter „ek" is dit wat nie 'n teringmaer tante het nie? Leroux of Y? Wil hy met hierdie oorbeklemtoonde negatief 'n positief daarstel? Of wil hy albei die moontlikhede manifesteer sodat ons sommer dadelik voorberei is op die groter verwarring wat nog gaan volg?

So ook die beweerde toevalligheid van Isis Isis Isis... wat in die aanvangshoofstuk gegee word: „Ek het 'n boek geskryf, gebaseer op dramatiese en gefingeerde insidente in 'n poging om 'n volwaardige skrywer te word. Ek het dit opgedra aan mej. I. Daarna het ek besluit om 'n volgende boek te skryf, opgedra aan 'n Amerikaanse meisie, 'n mej. S. Toe dink ek: I en S. IS. En I.S. word ISIS, ISIS, ISIS..." (p.2). 18-44 en Isis... word dus onderskeidelik beide deur Leroux én Y aan mejj. I en S opgedra. En as die knolskrywer nou binne sy romanwêreld na sekere van die insidente verwys as „gefingeerde insidente", is die insidente dan nie eers „waar" ten opsigte van die verteller en die vertelling nie? Daar is



reeds binne die fiktiewe wêreld 'n skeiding tussen waarheid en fiksie of tussen verskillende vorme van illusie. Geen wonder nie dat Y homself so herhaaldelik identifiseer met Mercurius of Hermes, want Mercurius staan bekend as die „paradox par excellence" (Jung: Mysterium Coniunctis, p.44) en as "the typical trickster" (Jung: The Archetypes of the Collective Unconscious, p.255). Ook in die „geluk en ellende" wat hy ten slotte in die rol van die groot god Osiris vir sy veertien vroue kan belowe, is die spelelement op die voorgrond; vir die gekleurde Myra Greenwell belowe hy „kleurloosheid"; vir Karin Manlichter, die dogter van 'n bakker „ryk brode" en met Sharon en Diana se name speel hy om onderskeidelik vir hulle „rose" en „'n pyl" te belowe.

In dié verband is sy openhartige en opsetlike omgang met sy mitologiese, sielkundige en literêre parallele ook opvallend. Hy spel dit as 't ware vir ons uit, soos hy dit ook letterlik doen met L-a-r-o-u-s-s-e wat 'n medereisiger „skreeuend" spel en met I-s-i-s wat hy vir Linda Lee uitspel wanneer sy vra: „Iris of Isis?" Hy vereenselwig hom seepglad en sonder meer met sy mitologiese en literêre parallele: „Ek is daardie Hermes wat jy geteken het; ek is Hermestrismegistus die weeskind ..." (p.62, 18-44); of „Ek vertel hom dat ek Osiris is en dat in my ontliggaminge ek 'n solutio de putrefactio moet ondergaan." (p.46, Isis...) en „tot dusver was ek Faustus I van Goethe ..." (p.115, Isis...). Ook met die terminologie en beginsels van die dieptesielkunde gaan hy op 'n baie gemoedelike wyse om en karakteriseer niksvermoedende mense as „my anima" of „my skaduwee" of as 'n stadium in die alchemistiese proses. Lewer hy kommentaar op sy eie omgang met die dieptesielkunde wanneer hy sê: „... ek probeer in terme van die dieptesielkunde die betekenis van die dwerg aan hom verduidelik, maar nie baie suksesvol nie" (p.64, Isis..)? Omdat hy so voortdurend sy kennis aan ons opdring, neem 'n mens feitlik nie kennis van sy kennis nie. (Soos ook die geval is met die wysheid van die uilhoofde Johns en O'Hara in Sewe Dae by die Silbersteins, en by dr. Johns, die meturgeman in Een vir Azazel).

Waar ons dit het oor sy mitologiese, sielkundige en literêre parallele, is daar nog 'n belangrike mistifikasie ter sprake. Y gebruik eiename of terme, wat vir baie lesers vreemd kan wees, op so 'n wyse dat 'n mens onder die illusie verkeer dat die naspoor van die betekenis van so 'n naam of term 'n mens gaan voorsien van bykomende en relevante (vir die boeke) kennis. Baie dikwels vind 'n mens egter dat hy reeds die relevante kennis in die boek self verstrek het.

Op p.74 van 18-44 sê Y: „Ek is die Sabatai Zevi wat die apokaliptiese fantasie van die vrouens van die twintigste eeu aangryp en hulle aanspoor om uiting te gee aan hulle diepste oerverlange.” Al wat 'n mens van Sabatai Zevi (Shabbetai Zevi) uitvind wat vir die boek ter sake is, is dat hy 'n pseudo-Messias was wat in die XVII<sup>e</sup> eeu die rol van die verwagte Messias vir homself toegeëien het. 'n Entjie verder sê Y: „Die oomblik van waarheid kom nader vir die hulpelose vervolger en die hulpelose vervolgte, die vervloekte valse Messias” (p.75). Y sê dus, in soveel woorde, vir ons alles wat ter sake is. Buitendien spreek die hele boek daarvan dat Y 'n valse verlosser is.

So ook die „sleutel” wat Y vir ons gee insake die bron van die Isis-storie op p.17 van Isis...: „Sy sal dit lees in Larousse!” Wanneer 'n mens die Isis-verhaal in New Larousse Encyclopedia of Mythology (p.17-19) lees, dan sien jy dat Y die gegewens wat daarin voorkom, getrou weergegee en soms vertaal het. Inderdaad, dat hy vir ons nog bykomende gegewens in Isis... self gee sodat die boek meer volledig as die bron is.

Uiteindelik kom 'n mens dan tot die slotsom dat die gegewens wat 'n mens buite die boek kan inwin alleenlik die gegewens wat reeds deur die boek self gegee word, bevestig. Die kennis van buite kan hoogstens 'n mens bedag maak op dinge wat wel in die werk is, maar wat jy nie raakgesien het nie. Hier geld ook wat C.S. Lewis oor „the Anthropological Approach” te sê het: „Anthropology increases the sensibility,

and even the attention of certain readers. ... The fact that they needed such therapy is a fact about them, not about the literary quality of the romances " (p.307-308, Literary Essays).

Nietemin dwing die knolskrywer 'n mens deur die gebruik van vreemde woorde om hom voortdurend te kontroleer. Enersyds omdat hy homself in vele opsigte as 'n geslepe verteller laat ken **het en andersyds omdat 'n mens maar te bewus is van die** feit dat jou eie sensitiwiteit dikwels ontoereikend is.

Om sy verhewe en/of banale soektog in werking te stel, verlaat Y sy vertroude omgewing en probeer, soos alle reisigers, om plaaslike mense te ontmoet in die lande wat hy besoek, tradisionele disse te proe en mede-Suid-Afrikaners ~~soos~~ "soos die pes te vermy". (Hierdie instelling het lankal 'n cliché van die reisiger-situasie geword. So ook die opeenstapeling van besienswaardighede en besonderhede wat eintlik net betekenis het vir die betrokke persoon. Dit is vir weinig ander mense boeiend om die vlugnommer van elke vliegtuig, elke hotel se naam en elke kamernommer, elke maaltyd se inhoud en prys te verneem). Y vermy dus sy landgenote soos 'n goeie reisiger en "gee hom oor" aan die vreemde leefwyses en gewoontes. En tog vind hy in 'n toenemende mate aspekte van Suid-Afrika terug in Europa; nie alleen wat die landskap betref nie, **maar** ook wat die gesteldheid van die mense betref. Aanvanklik gaan dit gepaard met verbasing van sy kant: "Ek is in die middel van Spanje en ek dink aan die Boland, en hoe kan ek dit vir Linda Lee vertel?" (p.25) en later: "... terwyl ek, 'n vreemdeling in hierdie stad, orals tussen al die onbekende dinge met 'n skok al die bekende dinge herken wat ek oral met my onbewus saamdra" (p.41). Gaandeweg raak dit in so 'n mate déél van sy reiservaring dat hy dikwels vir die mense wat hy ontmoet die verhaal van Bettie, sy niggie, of dié van die begrafnis van sy oom vertel in stede van die verhaal van Isis.

Dit is iets wat in die tipografie ook weerspieël word: Aanvanklik word die herinneringe aan Suid-Afrika in parantese

geskei van die res van sy ervarings. Later word dit deel van die ervarings en word dit op geen manier geskei van die res nie.

Dr. Elize Botha stel dit so in haar resensie: „Ook hier kan 'n mens praat van 'n kontras wat 'n parallelisme word: gaan die knolskrywer nie juis weg van die vertroude dinge om homself heel te maak nie, en vind dan al meer dat hy gedwing word tot oordenking van wat hy tuis, en in sy jeug ervaar het? Dié herinnerde belewenis, as mens dit so mag noem, word toene-mend dwingender in die vertelling, sodat 'n mens selfs wil sê: per slot van rekening sal die goud van begrip gevind word as die enigma van sy „gevalle" niggie Bettie van De Doorns deur-grond word. Soos sy soektog wyer uitkring, tregter dit al nouer na binne " (p.36, Standpunte N.R. 88).

Die vertelling is inderdaad opgebou uit „'n kettingreeks paradokse", maar soos dr. Botha dit stel; kontraste wat parallelismes (kan) word. Daarom bly die vraag altyd: waar begin die erns en waar hou die spot, die skerts, die parodiërende op? Feite of gegewens word nie heeltemal uitgeskakel deur middel van die parodie nie, maar word daardeur verdraai: „Wanneer men in het dagelykse leven het wapen der parodie hanteert, heeft het publiek het bedoelde voorwerp voor zich en kan gemakkelijk worden uitgemaakt wat precies word bedoeld. In een roman echter brengt de tekst zelf het object tot stand. Daarom is parodie hier altijd tweesnijdend zwaard. Het object word er door tot stand gebracht en er tevens door ver-vormd" (Servotte : De verteller in de Engelse Roman, p. 147).

Y praat van die „moderne mallemeule van die gees" om sy omdraai van die Isis-soek-Osiris-mite te regverdig. Dit is slegs 'n omdraai van rolle, maar ons kry verder 'n „onderste-bostelling van waardes" sodat God Ialda Baôth word en Set Iao. Volgens Madame Blavatsky is Ialda-Baôth die seun van die duisternis en chaos, die skepper van die fisiese deel van ons sondige wêreld en Iao die „mystery - God, the breath of life" (The Secret Doctrine Vol. II, p. 54).

Verskillende verskyningsvorme van hierdie verwikkeling en verwarring word herhaaldelik in die wêreld van die boek gevind. Ook in dié sin dat die soektog na Isis veronderstel is om 'n soektog binne homself te wees, „'n reisbeskrywing na binne" met die doel om tot 'n begrip te kom van die vroulike element in homself. Om dit te verwesenlik, gaan hy op 'n fisiese reis met 'n Boeing 707 en hoop hy om in 14 toevallike en vlugtige ontmoetings met vroue die vroulike beginsel in homself te verstaan. Toe die Neger vir hom „pot" aanbeveel, verduidelik Y dat dit 'n „alchemistiese reis" is, en tog kom hy „tot besluite onder die invloed van whisky en soda". Hy stel die geestelike reis afhanklik van sy „tyd en finansiële vermoë" en beklemtoon self die geforseerdheid van die soektog o.a. in die hoofstuktitel: „Pamela op die Spaanse Trappe, asook Brunhilde in Trastevere (om 10 te maak vóór Griekeland)".

Dit is ook 'n omdraai van die procédé in van Leroux se ander boeke waar 'n fisiese reis of 'n praktiese soektog gaandeweg dieper implikasies en dimensies kry. Gysbrecht Edelhart gaan op „reis" aanvanklik met die doodgewone doel voor oë om sy loterykaartjie op te eis; Henry soek na niks anders nie as Salome, sy bruid, en Demosthenes H. de Goede soek, uit die aard van sy werk as 'n speurder, na 'n misdadiger. So begin die soektog, hulle moet sekere vrae beantwoord. Hulle begin self vrae stel en, byna ten spyte van hulleself, ontwikkel dit geleidelik in 'n peiling van hulle bestaan.

Y daarenteë, is van die begin af bewus van die implikasies van sy soektog, van die „dieper" betekenis wat daaraan geheg kan word. Met volle kennis van wat op die spel is, onderneem Y sy soektog: „'n Knol wat eendag, in sy wit huisie by die see, besluit het om die deur oop te sluit en die sirkelgang na bó aan te durf" (p. 114, Isis...). Hy gaan dan ook op 'n fisiese reis, maar met die bewuste voorneme om 'n spesifieke sinvolheid daaruit te dwing.



Ons vind die ommekeer ook in Y se verhouding tot die reisgenote wat hom van tyd tot tyd op sy reis vergesel. In sy verhandeling oor die reisende karakter in die Afrikaanse roman, wys J.P. Smuts daarop dat die reisiger gewoonlik reis deur 'n wêreld wat vir hom vreemd is en dat dit sy verhouding tot sy meer ervare reisgeselle of gidse bepaal - hy is afhanklik van hulle meerdere kennis en as gevolg daarvan tree hulle dikwels as mentors op.

Y is gewoonlik minder vertrouwd met die omgewing waardeur hy reis as die mense wat hy ontmoet en van hulle tree dan soms ook as gidse op. Die Priester en die Neger wat van tyd tot tyd optree as Y se reisgeselle, lyk ook meer vertrouwd met die Europese wêreld as Y; die priester beveel besienswaardighede aan en die Neger verstaan Spaans en praat „suiwer Frans" of „melodieuse Grieks" na gelang die omstandighede vereis. En tog is dit net in oppervlakkige opsigte en skep Y geensins 'n afhanklike indruk nie of gee hy hulle geensins kans om hulle meerderwaardige kennis ten toon te stel nie. Hy is die een wat optree as mentor, as meturgeman, en dis hy wat sy kennis aan die ander opdring. Waarskynlik omdat hy, ondanks alles, voortdurend bewus bly van die feit dat daar groter dinge op die spel is: „Dis ék, die knolskrywer, wat Isis moet vind. My wêreldberoemde vriend, die pikswart Neger met sy dwerg aan sy sy, beweeg bloot op die oppervlakte alhoewel hy my gésel en terg" (p. 74-75).

Op dié wyse kan die veertien vroue enersyds gesien word as die helende en lewegewende aspekte van Isis, maar andersyds as die struikelblokke wat die held gewoonlik op sy reis teëkom; daarom moet hy hom telkens aan hulle onttrek: „Erens binne my begin iets tintel en ek is alreeds besig om my aan die ou vrou tjie te onttrek - die eerste van al die onttrek-kings van stad tot stad, van land tot land, wat sou volg telkemale as ek nuwe wêreld betree op my soektog na Isis" (p. 16, Isis...).

So ook kan die vier vroue in 18-44 in die vorm van die kruis 'n versoening óf 'n verskeuring teweegbring. Mej. X is



die vierde aspek „en in die vierledige aspek van ons samekoms lê die ware totaliteit, die rus en die vrede vir die toekoms" (p. 89). Terselfdertyd hou haar toevoeging ook 'n bedreiging in: „Jy is die onbekende in die Heimarmene wat my gaan vernietig." („Heimarmene, the compulsion of the stars, a transconscious factor beyond the reach of the human will. Apart from this compulsion; the injurious effect of the planets is due to the fact that each of them exerts its specific influence on man and makes him a diversity of persons whereas he should be one" (Jung: Mysterium Coniunctis, p. 8).

In albei gevalle soek Y die versoening van teenoorge-steldes by die vrou wat juis in haar wese 'n beliggaming van teenstrydighede is: „... soms is sy my vyandin; en soms is sy my onbekende moeder, my onbekende suster, my onbekende ge-liefde wat my ledemate bymekaarbring, wat my warhoofdigheid stil, wat liefde is, wat wreed is, wat towerkuns is, wat my verjong met haar magiese rituele, wat vernietig wat dierbaar is, wat die moordenares is van my jeug, my middeljarigheid, en al my pogings om tot rus te kom..." (p. 1, Isis...).

Waar Wayne Booth dit het oor die betroubaarheid van die verteller, sê hy: „For lack of better terms, I have called a narrator reliable when he speaks for or acts in accordance with the norms of the work (which is to say the implied author's norms), unreliable when he does not. It is true that most of the great reliable narrators indulge in large amounts of incidental irony and they are thus 'unreliable' in the sense of being potentially deceptive. But difficult irony is not sufficient to make a narrator unreliable. Nor is unreliability ordinarily a matter of lying, although deliberately deceptive narrators have been a major resource of some modern novelists. It is most often a matter of what James calls inconscience, the narrator is mistaken, or he believes himself to have qualities which the author denies him. Or as in Huckleberry Finn the narrator claims to be naturally wicked while the author silently praises his virtues behind his back" (p. 159, The Rhetoric of Fiction).

Ons moet dus probeer uitvind of die verteller, afgesien van die feit dat hy ons bedrieg, ook aanspraak maak op eenskappe wat hy volgens die waardes van die boek nie waardig is nie. Nou weet ons dat Y homself baie dinge „waan" wat hy volgens die getuienis van die boek nie kan wees nie, maar hyself is bewus daarvan en erken dit as sodanig: „Veronderstel dat ek in my opgeblasenheid toegelaat word om my as die groot god Osiris te waan" (p. 7), of „... en ek verbeel my dat ek in staat is tot hergeboorte vanaf 'n onvolmaakte staat tot 'n perfekte geheel" (Isis..., p. 7). By al sy aansprake op die rol van versoener in 18-44, noem hy homself die Sabatai Sevi, die valse Messias.

Hy beklemtoon die onmoontlikheid van sy soektog, die feit dat hy feitlik van die begin af gedoem is tot mislukking. (In 18-44 noem hy die park waarin alles afspeel „Perte Seche" ("Dead loss")). Hy karakteriseer homself in 18-44 as 'n hulpelose wese wie se onmagtigheid groei saam met sy toenemende insig; hy is onbekwaam om die lewe te behartig; („en ek sien myself 'n bietjie verlore in die sosiale situasie, en gans verlore in die groter bestek." - (18-44, p. 78); hy kan nie keuses maak nie („Ek sterf roerloos van vrees - ek sterf vreesloos sonder om te roer ter wille van twee wêrelde" - 18-44, p. 64). Hy kan nie optree selfs wanneer 'n situasie dit vereis nie - hy aanvaar vernedering sonder om 'n hand te lig en staan en toekyk terwyl sy vrou selfmoord pleeg. Tog moet hy die versoener speel, moet hy teenstrydige elemente byeenbring, forseer van die ander karakters hom om verantwoordelikheid op hom te neem: „Mnr. Y, die wyse man sal weet. Hy is wys en hy weet" (18-44, p. 42). Hy moet sy geliefdes inspireer tot „'n skeppende aanvaarding van alles wat onverstaanbaar en dubbelsinnig is..." (p. 126) en tog moet hy erken: „Ek, die versoener, staan nakend en hulpeloos voor die lewe wat ambivalent is" (p. 127). Ons het dus volle simpatie wanneer hy sê: „Die knolskrywer moet die rol van versoener speel, die groot vredemaker, die windmakerige aap van God. Kan julle hóm voorstel, ..." (p. 73).

Ook in Isis... val die klem op sy nietigheid, sy onbelangrikheid: „Ek gewaar 'n haai wat my luiweg betrag en met 'n slenterende beweging my teenwoordigheid minag" (p. 9). Hy besef sy eie beperktheid en ook dié van sy vroulike teenspellers. Van sy ontmoeting met Myra Greenwell sê hy: „Ons projekteer Logos en Eros op die twee swakste voorbeelde in die geskiedenis van die mensheid" (p. 72). Van hom en sy twee nimfe: „Ons nietige drie speel met die eiland Aegina" (p. 128) en van Griekeland, waar hy seker was dat hy Isis sou vind, sê hy: „en ons al drie weet ... dat in een of ander stadium die illusies van Griekeland sal verdwyn" (p. 132).

Albei die pogings is dus van meet af aan gedoem tot mislukking - beteken dit nou dat hy alleen maar vir ons wil wys dat soortgelyke mislukkings, na gelang van die omstandighede, tragies of komies kan wees? Miskien wel, maar nie nét dit nie, want ten spyte van die herhaaldelike mislukkings en vergissings, bly die móóntlikheid van 'n waarheid of 'n geldigheid nie uitgesluit nie.

'n Mens kan dit sien in die wyse waarop Y die Tarot kaarte bespeel. Leroux sê in die stofomslag van Isis... dat „dit slegs 'n wysgeer en 'n ingewyde in die esoteriese geheimenisse van die lewe is wat met die kaarte durf speel. Behalwe, natuurlik, Sigeuners en knolskrywers, wat hulle in die rol van goëlaars en sieners waan." Y bespeel die kaarte dus vir Myra Greenwell met die hande van 'n charlatan, maar tog is daar die vermoede „dat al hierdie bedrieëry miskien 'n gedeeltelike waarheid bevat wat op ons almal van toepassing is en miskien in haar geval die volle waarheid is" (p. 72). Ten spyte van die feit dat hy en Myra „die twee swakste voorbeelde in die geskiedenis van die mensheid" is, is daar die volgende môre tog iets vir hulle in Parys, al is dit net: „Die illusie van 'n omgekeerde maan" (p. 73).

Sy storie van Isis maak weinig indruk op die ander karakters, maar ten slotte is daar tog 'n sekere mate van insig: „You are looking for Isis as if you are looking for God,"

(p.40) sê die priester. Selfs die Engelse skropvrou wat eers volhou: „It doesn't make sense", (p.78) besef later: „Life is strange." Miskien is ook hier van toepassing dit wat hy van die doellose stryd van die studente sê: dat die stryd juis in sy doelloosheid 'n „allemagtige betekenis" het. Soos in die geval van die „onnosele, swart bul van Andalusië" wat „met 'n ongewone vorm van adel sy noodlot weier." Ten spyte van die feit dat daar gesê word dat die eertydse vertoning van lewe en dood 'n blote vertoning geword het en dat bulle én matadors bang geword het, voltooi die bul „die soveelste drama op die bloed-deurdrenkte grond van Spanje" en vervul almal met bewondering en respek (p. 31, Isis...).

So kan die knolskrywer homself (en sy leser) verras en is daar oomblikke wat hy werklik die „sleepsel van Isis se mantel hoor"; by die Huerta, by die Virgen de los Desamparados, terwyl hy die Isis-poppie by 'n kermis skiet, maar veral by die tempel van Aphaia: „Iets het binnekant my ontplof; die veertien stukke het met 'n simmetrie ... die vorm aange- neem van ál die mandalas wat driehoekig, rond, ovaal, vier- kantig, en in al sy samestellings my die gevoel gegee het van integrasie en die samebringende wat Isis is" (p.129).

In 18-44 kan hy nie almal met die lewe versoen nie, bly daar daarom 'n tikkie onvolkomenheid in homself wat volkome integrasie onmoontlik maak en tog is dit: „asof ek Mercurius, die onsigbare versoener, tog 'n lewensorgasme kon wek" (p. 131). Hy kon nie die pad na die paradys terugvind nie, maar hy groei tog tot die troos: „Ons leef in 'n wrede, heerlike wêreld wat nader aan die waarheid is as ál die ver- gange Edens wat ons voorgangers behoudend betreur" (p. 131). Daarom kan hy „begin repareer aan die verminkte gawe van God" waar hy vroeër net 'n whisky en soda kon skink. Hy kry nie antwoorde op sy vrae nie, maar sy vrae kry nuwe dimensies: „'Live', Nietzsche says 'as though the day were here'. It is not society that is to guide and serve the creative hero, but precisely the reverse. And so everyone of us shares the supreme ordeal - carries the cross of the redeemer - not in

the bright moments of his tribe's great victories, but in the silence of his personal despair " (p. 391, Campbell: The Hero of a thousand faces).

Y se hele soektog hang saam met sy siening van ons bestaan op aarde as ambivalent, dubbelsinnig, teenstrydig en onverstaanbaar. Daarom is sy vertelling deurspek van lewens-ironieë. („Begryp jy iets hiervan, mej X? Begryp jy hoekom die huilende tiener die volgende môre op pad na bieë by haar priester deur 'n vragmotor vol piekniekgangers doodgery is?") Daarom is ook die banale belangrik; want „die banale en die eksoteriese wandel hand aan hand met die esoteriese" (p. 99, 18-44) en „... ons moet albei die elikser van die lewe vind in die vreeslike enigmas weggesteek agter die sosiale en politieke probleme van ons tyd" (p. 70, Isis...). Vandaar die belangstelling in en klem op oënskynlike banale en onbelangrike feite en ook die bemoeienis met die eietydse-betogings, televisie, advertensies, mini-rokkies, hippies, ensovoorts.

Ons word gewip op 'n wipplank tussen die esoteriese en die banale, die ewige en die tydelike, die sublieme en die belaglike en dit is te verstane dat ons die rigting sal verloor en saam met Y wonder: „Illusie of waarheid?" (p. 84, 18-44) en: „En hoeveel is waar en hoeveel is dronkverdriet?" (p. 113, Isis...).

In The Nature of Narrative sê die skrywers van 'n soortgelyke geval: „By giving himself a fictional shape, the author has entered the ironic gap, which now lies not between author or narrator and characters, but between limited understanding which is real, and an ideal of absolute truth which is itself suspect. The irony cuts in two directions simultaneously. The reader who tries to reduce a story like The Good Soldier to a single absolute meaning becomes himself a victim of one blade of this irony. His only other choice is to accept a limited resolution of the work's meaning, holding part of this meaning in his mind as an unresolvable ambiguity - which is to enter the ironic gap, shake hands with Dowell and say, 'I don't know either' " (p. 277, Robert Scholes and Robert Kellogg).



HOOFSTUK IVDIE SKRYWER AS VERTELLER

In Rondom eie werk waarsku N.P. van Wyk Louw teen die neiging om in alle gedigte of alle „moderne“ gedigte te soek na verwysings na die poësie of die sogenaamde „kunsteoretiese laag.“ Hy bestry die teorie wat hierdie verskynsel tot kriterium van moderniteit wil verhef en wys verder daarop dat sulke gedigte nie bloot op grond daarvan as meerderwaardig beskou kan word nie.

Wat vir die poësie geld, geld in hierdie geval ook vir die prosa. Dit is waar dat 'n mens moet waak teen enige veralgemenings en dat 'n mens **versigtig** moet wees om nie teen elke prys te soek na verwysings na die skrywerskap nie. Die selfde versigtigheid behoort dan by die teendeel ook aan die dag gelê te word: dat 'n mens nie jou oë daarvoor moet sluit as sulke verwysings wel 'n baie belangrike rol in die roman speel nie.

In die geval van 18-44 en Isis Isis Isis het ons te doen met 'n verteller wat homself uitdruklik en herhaaldelik identifiseer as 'n skrywer („alhoewel 'n knol“) en sy skrywerskap is belangrik, nie alleen vir die verhaal nie, maar ook en veral vir sy vertelwyse.

Wat die verhaal betref, is Y se skrywerskap in 18-44 bepalend vir elkeen van sy verhoudings met die vier vroue. Die eerste herinnering aan sy tante wat hy vir ons aanbied, is dié waarin sy vir hom sê dat hy 'n skrywer moet word: „Y,Y', sê sy vir my, ,jy moet eendag 'n skrywer word en romans soos dié skryf', en haar slanke vingers draai die boek om sodat die meisie op die buiteblad my in die gesig staar, 'n Angélique van twee-en-dertig jaar gelede“ (p. 14). Sy het die besluit dat hy 'n skrywer moet word, geneem toe hy nog jonk was en ons sien hoe sy hom bewustelik gevorm en opgelei het vir 'n skrywersloopbaan veral met raad:



"Jy moet leer om lief te hê voordat jy kan skryf" (p. 31) en "Jy moet vrouens liefhê, Poppet, want die taal van liefde en vrouens is hergeboorte en skepping" (p. 32); maar ook deur die kursus wat sy (met komiese en bizarre oordrywing) vir hom beplan het om op Universiteit te volg: "Tale en nogmaals tale ... Tale, musiek, kuns en filosofie ... Sterrekunde, matesis, anatomie en sielkunde ... Latyn, Grieks, Duits, Frans, Spaans ..." (p. 31).

Haar sterfbedboodskap aan hom het ook in verband gestaan met sy skrywerskap - een van sy romans was oopgeslaan langs haar bed en sy het gesê: "Dis nie wat ek bedoel het nie, Y,Y". Hy het nie voldoen aan haar verwagting nie en tog maak sy voorsiening vir die móóntlikheid dat hy dit dalk eendag, selfs na haar dood, mag doen in haar laaste woorde: "Maar miskien, wie weet..." (p. 16).

Y is in sy eie woorde 'n "produk" van sy tante, sy is "die pandjieshouer" van sy skrywersiel : hy wonder dikwels wat die betekenis van die woorde op haar sterfbed was, bly gedurig bewus daarvan in sy gevoel van onvolkomenheid. Dis dan ook sy ideaal om so te skryf dat sy sal sê: "... dís wat ek bedoel het, Y, Y. Dís wat ek bedoel het..." (p. 102).

Ook in sy verhouding met sy vrou vorm sy skrywerskap 'n belangrike element. Toe sy vrou besef het dat sy kinderloos sou bly, wou sy haar onvrugbaarheid en die gevolglike leemte in haar lewe sublimeer in sy skrywerskap : "Jy sal skryf", sê my Walkurevrou ... ,en jy sal een van die beroemdste skrywers word' ... 'n gebaar teen die toekoms, 'n triomf oor haar onvrugbaarheid deur middel van haar man se geestelike vrugbaarheid" (p. 46). Vir 'n geruime tyd vorm hierdie sublimasie die basis vir hulle geluk, want toe sy tante vir hom vra of hy gelukkig is, is sy antwoord: "Ja", sê ek in daardie stadium, alhoewel my lentedvrou streng gesproke nie meer mooi is nie maar omdat sy desperaat nog steeds, ter wille van die Swartlandse tradisie en ter wille van die bonkige bloedrooi vader, haar teelvermoë wil bewys deur haar skrywersmannetjie

te dwing in die rol van 'n sater - wat hy, in die fleur van sy jare, met graagte speel..." (p. 48).

Na haar vader se dood het sy besef dat sy haar steriliteit kon aanwend tot haar eie voordeel en plesier en het sy berekenend na haar man gekyk: „Die eerste wat sy aan hom vra, is: Wat doen jy? Die ure van frustrasie en halfwas aanbiedings was nie genoeg nie. Hoekom werk jy nie? Werk vir die heldevrou is 'n sekere dinamiek in verskeie vorme: liggaamlik, of deur die sigbaarheid van erkende korporatiewe organisasies" (p. 49). Van toe af beskou sy hom as „die effete produk van die gehate, verwyfde skrywerswêreld.." (p. 70) en is haar gesprekke met hom beperk tot verwyte in die vorm van: „Kan jy nie ophou skryf nie?" (p. 20) en „Kry jy nooit genoeg van letterkunde nie?" (p. 25).

Die tydelike geestelike harmonie wat daarna, na haar ongeluk, tussen hulle ontstaan, word bewerkstellig deur die briewe wat hy vir haar in die naam van haar verdwene kriekeitheld skrywe „met die gevleuelde pen van 'n skrywer" (p. 106). Gedurende hierdie tydperk is sy sag en vriendelik teenoor hom en vra gereeld hoe dit met sy skryfwerk vorder (p. 93).

Die Rus het 'n baie romantiese idee van sy skrywerskap. Sy is heeltemal tevrede om sy afsydigheid te aanvaar wanneer sy dit sien as 'n „skrywersisolement" en om hom sy briewe aan X te vergewe in die lig daarvan dat dit 'n „skrywersituasie" is. Sy is „verheug" om te hoor dat hy 'n boek oor hulle drie gaan skryf en herinner hom: „Wees goed vir my as jy dit skryf" (p. 21).

Mej. X kom juis in mnr. Y se lewe as gevolg van die feit dat hy 'n skrywer is; sy was verveeld en het gedink dit „sou interessant wees om vir 'n skrywer te skryf, hy behoort interessante briewe terug te skryf..." (p. 23). Dit is 'n situasie wat kwalik op 'n ander manier sou kon ontstaan; hulle ken mekaar glad nie en die enigste kommunikasie tussen hulle geskied deur hulle korrespondensie. Dit is 'n skryfaktiwiteit

en hierdie korrespondensie vorm ook die basis van die hele vertelling wat ons ken as 18-44. Een van haar eerste vrae in haar eerste brief was of hy besig was om te skryf op daardie stadium. Sy skryfwerk is die aanvanklike aanknopingspunt en die belangrikste band wat hulle bind.

In Isis... kleur sy skrywerskap sy reis in dié sin dat hy spesifieke belangstellings het uit die aard van sy beroep: Hy gaan in die kamer tuis waar Verlaine vir Rimbaud geskiet het in Parys; hy eet dikwels „saam met ander skrywers wat nie weet dat ek 'n knol is nie"; hy sien die stiergeveg teen die agtergrond van die verduideliking wat Hemingway in sy boeke van die mistiek van stiergevegte gegee het; hy doen navraag na Hemingway en Scott Fitzgerald by 'n kafee wat hulle gereeld besoek het en soek na die huis van die Murphies waar Scott Fitzgerald gebly het. Hy eien vir homself sekere eienskappe toe op grond van sy skrywerskap: hy is bysiende omdat alle skrywers, selfs knolskrywers bysiende is; sy knolskrywerskap bekerm hom en voorsien hom van 'n pantser (... „sy is eintlik weerloos teen die pantser van my knolskrywerskap." (p.105); sy skrywerskap is ook verantwoordelik vir sy skerpsinnigheid: „Ons kyk 'n halfuur lank daarna ('n televisieprogram) terwyl sy lemoensap drink en af en toe iets aan my probeer verduidelik. Dikwels 'n spel van komiese nuanse wat ek alreeds begryp het, synde 'n skrywer, alhoewel 'n knol" (p.96).

Hy ontmoet van sy eie lesers; toe hy Pamela leer ken, stel sy haarself aan hom voor met: „Ek het van jou boeke gelees. Jy is 'n knolskrywer, nie waar nie?" (p.109). In Griekeland eien die huurmotorbestuurder Thelepedes Kathandros hom dadelik as 'n skrywer want: „Skrywers ken skrywers" (p.116). Die Griek lê dan ook dadelik van sy „konkrete poësie" aan Y voor vir waardering en nooi Y na 'n „happening" waar verskeie digters en skrywers teenwoordig sal wees.

Y se (professionele) skrywerskap is mede-bepalend vir sy lewenstyl en sy ervaringswêreld, maar ook in 'n sekere sin

vir sy kyk op sake en vir die wyse waarop hy die werklikheid en sy probleme beleef. Wanneer hy in die stad rondloop, dink hy: „... 'n skeppende Muse sing in my en maak my oë skerp vir daardie romans wat ek wil skryf en nog nie geskryf het nie.” (p.19, 18-44). Hy beleef ook die oomblik van sy oom se dood op 'n eiesoortige wyse: „Dit was 'n oomblik van intense belewing vir die jongeling in wie se hart op daardie oomblik die een tragiese roman na die ander gebore word - 'n oomblik selfs van genot in die lewensbegrip van lewensbeginsels so dramaties aan hom geopenbaar”. (p.46, 18-44).

Y het ook nie sy skrywerskap gespaar wanneer dit by satire en spot kom nie. Die benaming van „knolskrywer” kan enersyds gesien word as 'n erkenning van menslike beperktheid en onvolkomenheid. Vir die ernstige skrywer is elke boek seker maar „a different kind of failure”, maar andersyds dui dit op 'n spesifieke ingesteldheid teenoor sy skrywerskap: Hy het sukses behaal, maar „in die newels”, en dit het van hom 'n „goedkoop trefferskrywer” gemaak. Hy het 'n geslepenheid ontwikkel: „'n verhewe verpakking om die ondergrondse produk te verhef” (p.40, 18-44). (Y se „verpakkingstegniek” stem blykbaar ooreen met dié van Jock Silberstein. In Sewe Dae by die Silbersteins sê Jock vir Henry: „Welgevonden se wyne kom nou weer tot hulle reg. Hierdie selfde Riesling het ons in 'n gewone bottel teen veertig sent verkoop en daar was geen mark nie. Nou ... driehoekig en teen honderd en vyftig sent verkoop dit soos soetkoek. Dis 'n sielkundige benadering. Advertensie, advertensie en gimmicks...” (p.12)).

Ten spyte van sy trots en vreugde oor die wyse waarop hy sy vrou deur middel van sy kunstenaarskap met die lewe versoen, eindig ook dié poging in mislukking, want hy kon net tydelik daarin slaag. Die klem val op die gebied van die skrywerskap ook op Y se onvermoë: „Ek sien so baie dinge en ek voel so baie dinge aan waarvoor ek woorde moet kry - uiteraard 'n moeilike taak vir 'n knolskrywer wat telkens vind dat sy belangrikste insigte verlore gaan in platvloersheid” (p.1-2, Isis...).

Ook die dilemma of die probleemsituasie waaroor dit gaan in albei die boeke, het betrekking op sy skrywerskap. In 18-44 is die gevaar van verskeuring in 'n sekere sin toe te skryf aan sy skrywerskap: „... as skrywer, in té veel wêrelde leef en deur die disseminasie in gevaar verkeer om alles van ál die wêrelde te verloor” (p. 71). Aan die anderkant maak die feit dat hy in verskillende wêrelde kan leef hom ook geskik vir die rol van versoener, bemiddelaar.

Een van die terreine waarop die „siek koning” in Isis... se siekte homself voordoen, is op die gebied van sy skrywerskap: „my skeppende krag is uitgeput” (p. 66). 'n Mens kan sy soeke na Isis onder andere sien as 'n soeke na artistieke viriliteit: „Ek besluit om hom te vertel dat ek ... slegs deur die bemiddeling van Isis my tydelike steriliteit sal verloor en weer vrugbaar word” (p. 63).

Hy kan die versoening vind deur die bemiddeling van Isis of van die vier Marias in 18-44, maar dit is ten slotte hyself wat die „heelmaak” moet doen. Dit geskied al skrywend, want die skryf is op sigself 'n helende aktiwiteit. Hy moet die situasie „red” deur te skryf: „Jy is die onbekende in die Heimarmene wat hy gaan vernietig, tensy ek met my Hermes-Ambassador-tikmasjien die goue middelpunt kan vind” (my kursivering, p. 89, 18-44). Alleen deur sy pen op te tel, kan hy „repareer aan die verminkte gawe van God.” Alleen daardeur kan die herlewing en die transformasie plaasvind. Daardeur kan hy kommunikeer met en wyskede aan sy vier Marias oordra. Daardeur kan hy vir sy veertien vroue geluk en ellende belowe en vir Shulamite Reinette die chorus mysticus oordra wat hy nie vir haar in die werklikheid kon bedink nie.

Ons het met ander woorde nie hier 'n „roman d'artiste” wat in die XIX<sup>e</sup> eeu so gewild was en waarin dit veral gegaan het oor die besondere sielkunde van veral die lydende en onsuksesvolle kunstenaar nie. Dit is ook nie 'n roman-in-'n-roman nie. Die roman wat Y skryf, is die roman wat ons lees.



In Isis... weet ons dit van die begin af, want hy verduidelik sy „epiese situasie" in die aanvangshoofstuk. In 18-44 weer, verkeer ons onder die illusie dat hy eendag 'n boek sal skep uit hierdie ongeordende ervaring; „Ek gaan 'n boek oor ons drie skryf" (p.21), sê Y vir die Rus. Wanneer hy teen die einde 'n mate van insig verwerf en 'n boek begin skryf, skryf hy die boek wat ons so pas klaar gelees het. Om Rob Antonissen se woorde te herhaal: „Want dit kan nie genoeg beklemtoon word nie : 18-44 en Isis... - en dis waarin die basiese verskil met al die vorige werke van Leroux geleë is - is albei boeke, 'oor'-die-skryf-van-'n boek, ..." (Die Burger, 13 Desember 1969).

David Lodge praat in dié verband van 'n „genre": „... a special genre, which perhaps begins with Tristram Shandy, and which is particularly common in our era. I mean the kind of novel which is not so much turned outwards upon the world as inward upon literary art and upon the artist himself. I am thinking of such novels as Evelyn Waugh's The Ordeal of Gilbert Pinfold and Nabokov's Pale Fire. It is characteristic of such novels that the central figure is himself a writer, often with an autobiographical reference, that there is a lot of parody, many literary jokes and much discussion of literary questions and that in this way the author is able to get a surprising distance on his own literary identity" ( p.261, Language of Fiction).

In Y se geval gaan dit weer eens nie alleenlik of selfs hoofsaaklik om die satire nie, want sy mislukking word gebalanseer deur die ideaal van iets beters. Dit gebeur soms op 'n spottende wyse: „Ek lees heelwat boeke van suksesvolle skrywers en glo in my opgeblasenheid dat ek beter kan doen" (p.9, Isis...) en soms op 'n droë manier: „Ek is 'n knolskrywer, maar die Here weet, ek het al genoeg ondervinding opgedoen om my nie meer 'n knolskrywer te maak nie." (p.104, Isis...) Soms gaan dit met wanhoop gepaard: „Ek kón 'n goeie skrywer gewees het, wat het ... wat het Jesus Christus met my aangevang?" (p.18, 18-44).

Hy is nie tevrede met sy goedkoop treffersukses nie en strewe voortdurend daarna om 'n volwaardige skrywer te word. Dit is die motief by die skryf van albei die boeke wat ons lees, want albei is pogings van die knolskrywer om 'n volwaardige skrywer te word. Hy stel dit uitdruklik teen die einde van 18-44: „Ek ... tel my pen op en ek begin repareer aan die verminkte gawe van God ... en ek begin skryf oor herontwaking en liefde ... in my strewe na volwaardigheid...” (p.113). In Isis... se aanvangshoofstuk herhaal hy dit: „As knolskrywer het ek met die kenmerkende ambisie van alle knolskrywers probeer om munt te slaan uit my besondere lewenswerklikheid. Ek het 'n boek geskryf in 'n poging om 'n volwaardige skrywer te word” (p.2).

Dit word op sigself 'n soektog, 'n avontuur. Soos Jean Ricardou dit stel: „toute création descriptive ... est moins l'écriture d'une aventure que l'aventure d'une écriture” (Méditations 3, Automne 1961, p.32). Daardeur kry ons tegelyk die probleme en gebeure en die stuk werklikheid waaroor dit vir die skrywer gaan én die transformasie en vervorming daarvan. Dit is onder andere verantwoordelik vir die ongeloofwaardigheid van die verteller; ons weet nooit wanneer ons met die gebeure self en wanneer met die transformasie daarvan te make het nie. In Sartre se La Nausée sê Roquentin dat die blote feit dat ons van ware verhale praat, bewys dat ons nie bewus is van die geweldige verandering wat die vertelling in die vertelproses ondergaan nie. Deur die vertelling verander ook die gebeure wat daartoe aanleiding gegee het.

André P. Brink gaan in op dié verandering: „Daarom is die skryfproses in die nuwe roman só belangrik omdat dit één manier is waarop die taal as geboorteproses gemanifesteer kan word - in laaste instansie die geboorte van die verteller self. Want die verteller bestaan nie voordat hy hom deur sy vertelling geskep het nie. En natuurlik is dit nie los te maak van die tyd nie : die verteller mag vóórádat hy begin praat het, al die bestanddele van sy verhaal geken het -

behalwe die belangrikste : die verhaal self: nie die gebeure in die verhaal nie, maar die verhaal van die gebeure. Die verhaal word met ander woorde eers verhaal wanneer dit taal geword het - iets wat bv. skitterend tot uiting kom in Etienne Leroux se 18-44 : die wêreld, die werklikhede van die vier hoofvroue word in en deur die skryfproses afgebreek en oorgeskep in 'n nuwe sintese wat vantevore nie bestaan het nie. En deur die vertelling word die verteller hier, soos in alle soortgelyke werk, anders as wat hy daarvoor was" (p. 103, Aspekte van die Nuwe Prosa).

Die sirkelgang wat in 18-44 gevorm word deur die einde wat ook 'n nuwe begin is, is tot op 'n sekere punt soortgelyk aan dit wat in A la Recherche du Temps Perdu van Proust en Michel Butor se La Modification gebeur.

In die finale hoofstuk van Proust se werk, tydens die middag by die Princesse de Guermantes, word Marcel se geloof in die waarde van kuns herstel en daarmee word vir hom die moontlikheid geskep om sy eie talent te ontwikkel. Ons word deur die boek saam met hom deur baie verwarrings en baie vertwyfelings oor sy talent gevoer. Uiteindelik vorm 'n reeks sensuele ervarings wat vinnig op mekaar volg, so 'n sterk openbaring, en gee dit hom so 'n diepe gevoel van geluk, dat hy die idee van 'n literêre roeping aanvaar. Hierdie waarheid verlos hom terselfdertyd van die tyd en teen die einde van die hoofstuk besluit hy om 'n boek te skryf om hierdie openbaring mee te deel en reg te laat geskied aan sy talent. Die boek wat hy beplan, is die boek wat ons tot dan gelees het.

In La Modification gaan die hoofpersoon op 'n treinreis wat, in sy eie woorde 'n bevryding en 'n verjonging moet wees; 'n groot „skoonmaak" van sy liggaam en gees. Teen die einde van die treinreis besef hy dat hy so 'n groot „change of heart" ondergaan het, dat hy eintlik vir homself 'n vreemdeling geword het. Hy besluit dan om 'n boek te skryf oor hierdie beslissende avontuur in sy lewe. Dit is vir hom die

enigste manier waarop hy werklik kan kommunikeer en waarop hy vir sy vrou en sy minnares kan probeer verduidelik en om vergiffenis vra vir die verraad wat hy teen albei gepleeg het. Dit is al wyse waarop hy hom kan bevry: „ ... il me faut écrire un livre, ce serait pour moi le moyen de combler le vide qui s'est creusé, n'ayant plus d'autre liberté ...” (p.272). Weer eens is die boek wat hy besluit om te skryf die een wat ons besig is om te lees.

In 18-44 kry ons ook tegelyk die voorneme om 'n boek te skryf én die verwesenliking daarvan, maar hier gebeur nog iets anders. Teen die einde tel Y sy pen op en begin repareer aan „die verminkte gawe van God ... en ek begin skryf oor herontwaking en liefde, oor primordiale verraad en die nuwe lewe, oor die verlede, die hede en die toekoms, in my strewe na volwaardigheid, na 'n hoër bewussynsvlak en 'n beter begrip van die lewenstragiek” (p.133). Dit is die motivering vir die boek wat hy skryf en waaroor dit vir hom gaan. Dit herken ons as 18-44.

Daarna is daar 'n ruimte van strofiese wit. Y sit sy pen neer. Eers dán besluit hy: „Ja, ek sal. En ek tel my pen op en ek skryf 'n boek vir die vier Marias by my kruis op die strand” (p.133). Daardeur word die illusie geskep dat hy twee boeke skryf. Eers na die voltooiing van die eerste, besluit hy om die tweede te skryf - vir sy vier Marias. Afgesien van die sirkelgang, skryf hy dus twee boeke (beklemtoon deur die strofiese wit en die optel en neersit van sy pen) en enige een van die twee en albei van hulle is die boek wat ons so pas gelees het. Ook in hierdie opsig het Y getrou gebly aan sy bedrieglike en geslepe self.

Omdat die verteller, in hierdie instansie ook, besig is om ons spelenderwys-ernstig te mislei, sou dit nie moontlik wees om een of ander teorie te abstraheer uit sy verwysings na die skrywerskap nie.

Wat wel moontlik sou wees, is om Y se (dikwels spottende) opmerkings te vergelyk met dit wat Leroux in 'n ander verband oor die skrywerskap in die algemeen en sy skrywerskap in die besonder gesê het. Die vergelyking word net interessantheidshalwe gedoen, want Y is nie gelyk aan Leroux nie en die wyse waarop hulle mededelings geskied, verskil in 'n belangrike en vanselfsprekende opsig. Y se mededelings geskied by wyse van die roman en is dus getransformeer en gedramatiseer binne 'n fiktiewe raamwerk.<sup>1)</sup> Daarteenoor geskied Leroux se mededelings by wyse van 'n lesing eendersyds („Die Mens en veral die Skrywer op soek na 'n Lewende Mite." Opgeneem in Woordwêreld, A.S.K. Stellenbosch, 1963) en 'n gesprek andersyds (Gesprekke met Skrywers I, p.40-69) en dus van betogende en relatief-wetenskaplike aard.

In die genoemde lesing het Leroux gesê hoe hy die skrywer se vermoëns en verpligtings sien. Hy voel dat die skrywer by uitstek in staat is „om die inhoud van die simbole te

- 
- 1) Vergelyk hier Perspectives on Fiction: „Nearly anything that human beings are prepared to do or to think about doing, fiction is prepared to tell us about, either romanticizing it or being formlessly frank. The difficulty is that it tells the truth as falsehood and falsehood as the truth. It gives a verifiable fact but not in a scientific manner; or it gives us outlandish make-believe but in the scrupulous manner of the druggist carefully measuring out milligrams. It makes use of the past tense indicative sentences and narrative chronology much like history, reporting, biography, and autobiography; yet unlike these sister forms, wears them as masks, sporting with them. Behind its masks, it may be as historical or utopian, philosophical or imaginative, bizarre or commonplace as it chooses" (p.vi - preface, edited by Calderwood and Toliver).

En ook Virginia Woolf: "We are not so pur-blind as to suppose that a man because his name is Smith and he lives at Liverpool is therefore "real". We know indeed that this reality is a chameleon quality, the fantastic becoming as we grow used to it often the closest to the truth, the sober the furthest from it, and nothing proving a writer's greatness more than his capacity to consolidate his scene by the use of what, until he touched them, seemed wisps of cloud and threads of gossamer" (p.74, The Common Reader, (First Series).



reflekteer" en dat dit die plig van die skrywer is om die „onsêbare" te sê en na die beste van sy vermoë „daardie ontwykende inhoude" te probeer formuleer.

In sy gesprek met F.I.J. van Rensburg, beskryf Leroux sy besondere skryfwyse: „Terwyl ek skryf - ek het nie die vaagste benul wat ek gaan skryf nie - begin die ongedefinieerde vorm aanneem. In die wolkerigheid kristalliseer die roman" (p.42). Verderaan voeg hy by: „Ek maak by wyse van spreke oop na binne toe ... en dan skryf ek uit die Onbewuste uit, en wat dan bo uitkom, probeer ek deur my skryftechniek, d.w.s. deur my rede, vorm gee, d.w.s. op my eie manier 'n simbool te vind. Die psigiese energie kom met ander woorde ongeformuleerd in my uit en ek probeer dit in 'n simbool opvang of formuleer (p.50).

Y het oënskynlik soortgelyke idees oor die besondere vermoëns van die skrywer, maar dit word op so 'n wyse uitgespreek dat 'n mens nooit seker is of hy sy eie idees in 'n ernstige lig beskou en of hy van sy lesers verwag om dit in so 'n lig te sien nie. In 18-44 sê Y: „... (dit is) 'n triomf vir die skeppende krag van die kunstenaar; 'n kunsinnige vermoë van skeppende energie om ongedifferensieerde inhoude in pre-simboliese vorm te ervaar en dit dan te projekteer" (p.92). Verderaan in dieselfde boek, wanneer hy oor die Rus praat, sê Y: „Sy is soos my toringmaer tante, wat uit haar eie skimwêreld vir my iets probeer gee, maar sy kry dit nie altyd reg nie behalwe glimpse wat soos ligstrale op my val en my met weemoed en hunkering vervul na iets waarna ek verlang, maar wat ek nie in woorde kan weergee nie: 'n dringende waarheid in daardie bestraling en 'n onomlynde begrip aan my kant, want ek is 'n skrywer wat selfs in swaakheid die waarheid kan aanvoel in sy ongedifferensieerde vorm - 'n pre-simboliese insig wat later, as die simbool eers daar is, my in staat stel om die draagkrag van die simbool te begryp" (p.97-98).

Wanneer 'n mens Y se uitlatings naas Leroux s'n lees, is dit opvallend dat wat by Leroux heeltemal ernstig klink, besonder snaaks aandoen uit Y se mond. Dit is duidelik dat Leroux die waarde van die skryfkuns besonder hoog stel. Y laat ook nie na om die lof van die skrywerskap te besing nie, maar die waarde van sy skrywerskap lê vir hom veral daarin dat dit hom in staat stel om die tragies-komiese situasie te bewerkstellig waarin hy vir sy vrou biewe skryf in die naam van haar verdwene minnaar. Die bevrediging wat dit vir sy vrou inhou, is vanselfsprekend, maar ook hy vind dit bevredigend. Hy skryf aan sy vrou die soort briewe wat hy graag aan mej. X souwou skryf, maar nie mag nie. Op dié wyse kry sy korrespondensie met X ook 'n ekstra dimensie. Met dieselfde wrang humor waarmee hy hierdie eienaardige situasie beskryf, wys hy ook op die waarde van sy skrywerstalent: „Maar alles is gered, alles is gered; danksy die briewe aan haar (fotostatiese afdrukke van my briewe aan X) deur die legendariese krieketspeler met die gevleuelde pen van 'n skrywer" (p.106). Hy sê verder: „Dit was, eerlik waar, 'n triomf van projeksie wat ten grondslag lê van skepping" (p.93). Uiteindelik sê Y: „... terwyl ek my talent tot die uiterste toe inspan, terwyl ek briewe komponeer en aldus ten hemele die waarde van die skryfkuns bewys" (p.108). Hy relativeer sy lofbetuigings, want in sy en X se briewe word die woord wel vlees, maar dit geskied deur middel van die „cliché's" van hulle briewe (p.111).

Na aanleiding van sy gesprek met Leroux, sê Van Rensburg: „Ek dink aan iets wat hy vroeër die middag gesê het. Wanneer hy met 'n besondere tegniek van 'n skrywer kennis gemaak het, het hy vir homself gesê: „I'll lick him there'" (p.46, Gesprekke met Skrywers I). Y deel hierdie ideaal van Leroux, maar hy bejeën dit met wantroue: „Ek lees heelwat boeke van suksesvolle skrywers en glo in my opgeblasenheid dat ek beter kan doen" (p.9, Isis...).

Besprekings van Leroux se werk word baie dikwels vergesel van verwysings na sy beweerde verkeerde en anglisistiese

taalgebruik. Wanneer 'n mens in Isis... lees: „Karin Manlichter praat met haar woordeskat van 30 000 vloeiende Duits en ek met 20 000 anglisistiese Afrikaans" (p.52), dan wonder 'n mens of Y nie ook die besprekings gelees het en 'n bietjie spot met Leroux of met sy kritici nie.

Op dieselfde wyse herinner die geleentheid wanneer Y in Parys eet saam met ander skrywers wat nie weet dat hy 'n knol is nie en hulle „almal lag oor my lafhartigheid en my ontvlugting in die mitologiese ivoortoring" (p.64, Isis...) aan die briefwisseling tussen Leroux en Breytenbach-en-Brink in Kol. In Kol 1/1 noem Brink dit 'n ontwyking van verantwoordelikhede om „mooi allegoriese verhale oor Sumeriese en Griekse en Joodse mites" te skryf. Leroux beskou dit blykbaar as 'n verwyf wat aan sy adres gerig is, want hy antwoord in Kol 1/2: „... die aard van ons verset is nie dieselfde nie. Hoekom moet julle my verset op 'n ander vlak beskou as 'n ontvlugting, 'n wegsteek agter esoteriese simbole?" (p.4).

Y het homself oor en oor en in verskillende instansies bewys as 'n geslepe verteller. Ook in hierdie instansie moet 'n mens tevrede wees met 'n baie beperkte oplossing en volstaan met die aandui van moontlikhede.

HOOFSTUK 5VAN KNOLSKRYWER TOT VOLWAARDIGE SKRYWER

'n Onderzoek na die vertelwyse van hierdie spesifieke verteller, lei 'n mens daartoe om uiteindelik die vertelling weer eens van nader te beskou. Kennis aangaande die wyse waarop 'n verteller vertel, behoort immers onder andere te lei tot 'n verheldering van dit wat hy vertel. Terwyl die klem geval het op die verteller, was dit moontlik om die twee boeke saam te sien, maar wanneer die klem na die vertelling verskuif, is dit noodsaaklik om elkeen van die boeke afsonderlik en in eie reg te beskou. Elkeen is per slot van rekening 'n aparte vertelling en 'n nuwe poging van die knolskrywer om 'n volwaardige skrywer te word.

18-44 eindig met die woorde: „En ek tel my pen op en ek skryf 'n boek vir die vier Marias by my kruis op die strand" (p. 133). Ons weet reeds dat die boek wat mnr. Y ten slotte begin skryf, die een is wat ons so pas gelees het. Dit is dus een van die wyses waarop onā na 18-44 kan kyk: as 'n boek vir en oor sy vier Marias. In die 44e jaar van sy lewe (soos ons hom in die boek leer ken), is hy gewikkel in 'n korrespondensie met 'n 18-jarige meisie, mej. X. Hy is verder betrokke by sy vrou en by sy Russiese minnares. Die vierde Maria in sy lewe op daardie stadium, is sy tante wat toe reeds dood is, maar wat hom grootgemaak en gevorm het en nog steeds 'n baie groot rol in sy geesteslewe speel.

Dit is nie toevallig nie dat 'n bespreking van 18-44 kan begin by die laaste woorde van die boek, want soos ons reeds gesien het, is die chronologiese volgorde van die gebeure in die hede en die verlede, geheel en al omgeklits. Ook die verhoudings met die vier „hoofvroue" in sy lewe, word op 'n baie fragmentariese en verwikkelde wyse aangebied. Dit is alleen vir ons moontlik om agterna te probeer om broksgewys 'n min of meer chronologiese patroon van elke verhouding saam te stel.

Y is, in sy eie woorde, 'n „produk" van sy tante en van sy besondere verlede. Hy vertel op 'n baie terloopse wyse, letterlik tussen hakies, dat sy ouers vroeg dood is. Van hulle besit hy net „die gesig van 'n man en 'n vrou, twee ovale daguerreotypes in 'n loket" (p.31). ('n Mens tref dit dikwels in die heldemites aan dat die held se herkoms vaag is en dat hy versorg word deur vreemde mense. Ook by Bybelfigure tref 'n mens soms 'n dubbele paar ouers aan, soos by Moses byvoorbeeld).

Y word dus deur sy tante grootgemaak en sy het 'n bepaalde rol gespeel in sy ontwikkeling. Sy het 'n universiteit en kursus vir hom gekies en moontlike loopbane oorweeg. Alhoewel sy ander loopbane oorweeg het, was sy eintlik vasbeslote dat hy 'n skrywer moes word. Die eerste herinnering wat hy van haar in die boek aanbied, is wanneer sy vir hom sê dat hy 'n skrywer moet word en ook stipuleer watter soort boeke hy moet skryf.

Sy bepaal ook sy verhoudings tot vroue, want het sy gesê: „Jy moet leer om lief te hê voordat jy kan skryf" (p. 31). Sy vertel hom hoe om vroue te benader: „Onthou, Y, Y, 'n gentleman bewonder vrouens, 'n skurk verstaan vrouens" (p. 16). Toe hy op 18 te „'n plegtige skepseltjie" na haar sin is, neem sy hom na die Delmonico om „die lewe te sien" en laat hom met 'n W.A.F. dans. Sy nooi om sy onthalwe verskeie jong meisies na haar huis of na opvoerings in die stadsaal en beskou die ontwikkelinge met belangstelling vanoor 'n kandelaar of vanuit 'n venster - sy gryp ook in wanneer hy te stoutmoedig word en belangstelling toon in 'n 44-jarige „trollop wat skilder" met „Hm-me, nie vir jou nie, Poppet" (p. 30).

Y se herinnerings strek veral vanaf sy 18e jaar, omdat mej. X se ouderdom assosiasies van sy eie 18e jaar oproep. Toe hy 18 was, is sy estetiese oom, man van sy teringmaer tante, dood. Nadat Y en sy tante afgereken het met die masjien wat sy oom se dood gekos het, het hulle die boerdery op hulle



geneem: „Ons het die plaas aangeval met al die onpraktiese entoesiasme wat ons gesamentlik besit het ..... Ons het 'n pikareske, onproduserende, goddelike, natuurbevange stuk aarde geskep wat die nuwe eienaar gelaat het met 'n verdwaasde gevoel van onbegonnenheid. En toe het ek en my tante ons swerftog in haar wêreld begin wat finaal beëindig is deur my huwelik met die Walkure .....\" (p. 47).

Sy huwelik was wel die einde van hulle swerftog, maar nie van sy tante se invloed oor sy lewe nie. Sy het kommentaar gelewer oor sy Walkure: "'Ses voet?' sê my maer tante tussen die goudgeel tulpe. 'Ses voet!'" (p. 23), en „Sy is die dogter van 'n slagter\" (p. 64). Toe sy van hulle komende troue hoor, was haar reaksie: „'Ja', sê sy, 'en jy sal heelwat betaal. Maar op die lange duur - gegee 'n bietjie verbeelding ...' En sy flikker haar oë (toe was sy 44 en ek oud genoeg om die oogspel te waardeer.) 'Ja, dis miskien moontlik'" (p. 20). Jare na die huwelik het sy nog kom verneem: "Is jy gelukkig, Y, Y?" (p. 83).

Y onthou sy tante as 'n baie besondere persoon, „'n sprankelende enkeling\" (p. 76), met 'n „enorme gees\" (p. 47). Sy was „'n townares van wellewendheid\" (p. 16) en al het die oë in haar „verwondbare gesig\" uiteindelik strak geword van 'n onbekende lyding, het die „verlore duiweltjies vasberade bly flikker daarin\" (p. 83). Hy som haar invloed oor sy lewe op met: „... sy was die elegante inspirasie van my tienerjare wat sy met 'n lag ingewy het; sy was die terggees wat my vroeë volwassenheid gered het van hoogdrawendheid; sy was op haar laaste die een wat in 'n wordende tragedie met gelatenheid die wrang - komiese aspek daarvan kon aanvaar en my in staat gestel het om nie verbitterd te word nie\" (p. 77).

\*\*\*

Y se herinneringe aan sy vrou strek ook vanaf sy 18e jaar. Toe hulle albei 18 was, was sy „'n slank Wiking - dogter, haar goue hare oor haar skouers, haar ledemate bruin en soepel soos 'n jong seun ...\" (p. 64). Sy was 'n „ontwykende, wrede

Walkure dogter, 'n halwe kop groter as die seuns, die middelpunt van adorاسie, onbereikbaar vir 'n klein seuntjie wat op die buitewyke van sy groep sy skoenlappersieletjie sou verkoop het vir 'n blote erkenning van sy bestaan" (p. 65). Die jong Y het haar orals gevolg „in stille aanbidding" (p. 64), maar sy was „koud en hard soos 'n diamant" (p. 33) en onbereikbaar vir hom.

Toe hy teruggekom het van Europa („my selfvertroue was nuut, my klere was van Europese snit ..... my verblyf in die vreemde was in 'n tydperk toe daar 'n sekere allure en romanse aan verbonde was .....") (p. 69), was hy meer aanvaarbaar vir sy Walkure: „Ek kan die eerste dag onthou toe die Germaanse meisie na my as man gekyk het, mej. X. Ek was so pas terug van Europa en sy het al verder gevorder as die ingénue van die strand .....") (p. 68).

Na hulle troue het hulle „drie jaar gespook" (p. 34), maar na 'n reeks „onderhoude en ondersoeke, ..... by 'n hele register van ginekoloë (p. 35), is dit vasgestel dat sy vrou kinderloos sou bly. Aanvanklik wou sy haar kinderloosheid sublimeer in haar man se artistieke vrugbaarheid; sy het sy skryfwerk aangemoedig en dit het 'n band tussen hulle geskep. Op daardie stadium beskou hy hulle huwelik nog as gelukkig, alhoewel sy „lentevrou streng gesproke nie meer mooi is nie" (p. 48) en hy na haar verwys as sy „verbitterde, plomp swanenvrou" (p. 48).

Na haar vader se dood het sy vrou besef dat haar onvrugbaarheid haar 'n sekere vryheid kon besorg: „Sy het een onbekende dag met helder blou oë, suiwer en berekenend met pasgebore begrip, na haar man gekyk en, ontslae van die las van haar geliefdes, die kragbron van haar Amasonebestaan gevoel: ses voet van gesondheid, energie en lewenskrag" (p. 49). Toe het sy „ná haar winterslaap begin blom soos die Afrikaanse dogter behoort te blom: uitbundig, vrolik, gesellig en vol lewe" (p. 50). Op daardie stadium was sy „die toppunt van

liggaamlike perfektheid" en het sy Y „tastend in die skaduwees van die gekleurde ligte gelaat" (p. 105).

Hierdie „tien jaar van begeerlikheid het meteens in 'n Karmann Ghia agter 'n karoobossie tot 'n einde gekom" (p. 69), toe sy in 'n ongeluk betrokke was saam met haar krieketspeler. Dit het aanleiding gegee daartoe dat sy verander het van 'n „voorwerp van lus en begeerte" tot sy „dowe, mank, manies-depressiewe vrou". Van toe af kon sy nooit weer sonder krukke loop nie en het sy geleidelik doof begin word: „Die eerste tekens van doofheid in my mank vrou het vir ons almal ongemerk verbygegaan, mej. X, want sy het die ekstra vonnis, dat sy nooit weer sonder krukke kan loop nie, aanvaar met 'n wrok wat sy alleen in staat was om te wys met swye as sy getroos word, en met afsydigheid as ons haar aandag daarop probeer vestig dat die lewe voortgaan" (p. 68).

Uiteindelik het sy ook 'n manies-depressiewe staat ontwikkel: „Die manies-depressiewe stadium kom later, mej. X, vir almal wat vervloek is met 'n vals begrip van verhewe lyding ... dit het gekom toe sy op haar krukke, heen en weer swaaiend, tydsaam in haar grenslose wêreld die effete produk van die gehate, verwyfde skrywerswêreld kon vergelyk met haar eie kortstondige triomf ..." (p. 70).

Van toe af het „sy haar woede teen die lewe op die knol-skrywer uitgehaal" (p. 65) en het sy aan haar krukke gehang, „haar oë vol raserny en minagting" (p. 24), terwyl sy hom beskuldig, verwyt, spot en vermaan: „My dowe, manies-depressiewe vrou se stem klink hard en aanhoudend, soos die stem van alle dowe, terwyl sy teen 'n wêreld wat sy skaars kan hoor, maar met verbittering skerp kan sien, haar frustrasies kla" (p. 58).

In sy 44e jaar, ten tye van sy eie korrespondensie met X, besluit Y in 'n oomblik van deernis om vir sy Walkure 'n reeks briewe te skryf in die naam van haar verdwene krieket-

held. Na sy haar eerste brief gekry het, is sy opmerklik kalmer en vriendeliker en versorg sy haarself met groot toewyding. „Die lewe word aangenamer : my spierwit huisie ... word 'n miniatuur-lushof van geestelike harmonie" (p. 93). Die dae wat hulle albei briewe ontvang, is besonder gelukkig; elkeen lees eers sy brief met gulsige oë en „daarna is ons sag en vriendelik teenoor mekaar; ons drink selfs 'n bottel wyn by die aandete; ons gesels by kerslig aan die tafel met 'n beskaafde toegewendheid op hierdie nuwe vlak van vreedsame naasbestaan wat ons meteens ontdek het" (p. 93). Op dié wyse red Y darem iets van hulle verhouding.

\*\*\*

In sy 44e jaar het Y 'n verhouding met 'n Russiese vrou wat hy 'n onbepaalde tyd vroeër ontmoet het. Hy het haar in 'n Italiaanse restaurant ontmoet waar die patron probeer vergoed vir die swak kos deur op sy kitaar te speel en 'n atmosfeer van boheemse armoede te skep vir besoekers uit die beste buurte op soek na romanse en ontvlugting. Die rooiwyn het vrylik gevloei, 'n paar Spaanse dansers van die balletskool het gedans, almal het flamenco gevoel. Toe sien Y die pragtige Rus met geel oë raak met 'n elegante man by haar wat met woorde en elegante gebare „professioneel sy veldtog van liefde teen haar voer" (p. 27). Die Rus se man, die Kosak, spring meteens op en gryp die kitaar „... en sing en dans sodat almal om hom sing en dans en deel in sy wilde begeestering en hom op 'n tafel tel van waar hy sy Slawiese weeklag begelei met die getjingel van sy kitaar totdat die jongman sy Russiese vrou los en ek, onskadelike mannetjie, langs die huilende tiener en die stil Rus alleen by die tafeltjie bly. Die weemoed van die Rus en die weemoed van die huilende tiener terwyl ons rooiwyn drink en die ligte begin dans en die aand chaoties word en alles in die rondte maal en maal totdat érens in Gino se kamer van ontvlugting ek en die weemoedige Rus in mekaar se arms vasdraai en mekaar die eerste soen van vele daarna gee sonder rede, waarskuwing, sin, of einde, terwyl haar man sy doodsdans dans" (p. 27).

Van toe af ontmoet hulle mekaar gereeld in een van die stilste en onbekendste parke in die stad. Hulle ken „elke hoekie en boom, grassie en monument - elkeen 'n toeskouer van verbode liefde. Ons ken dit in die maanlignagte van ons verbeelding wat die banaliteit van fisieke liefde verhef tot die magiese van die silwergeflikker tussen die blare; .." (p. 60).

Hulle kommunikasie geskied meestal en veral op die vlak van liefkosings en hulle gesprekke is beperk tot: „Ek het jou lief, Y, Y ... Hoe lief het ek jou nie! Maar hoe afsydig is jy nie soms nie!" (p. 21). Sy hou van hom omdat hy wreed is en haar kan oorheers met sy afsydigheid. „Ons vra mekaar oor en weer uit met die intense nuuskierigheid van pasgebore middeljarige liefde ... Dis 'n beskaafde soektog : sy is eerlik en erken haar Slawiese vurigheid en haar selfsug; sy sien my teen die agtergrond van haar vurigromantiese eise..." (p. 17). Die Rus ken dan ook graag romantiese verklarings toe aan sy afsydigheid, sy skrywerskap, sy korrespondensie met X. Sy is besonder jaloers, maar vergewe hom vuriglik as hy vir haar sê dat hy X nooit wil sien nie. Sy hits hom gedurig aan om die meeste uit hulle verhouding te haal, want sy durf op 44-jarige leeftyd geen oomblik ongemerk laat verbygaan nie. Sy sê op 'n keer vir hom: „Ek wens ek kan by jou slaap ... want ek is 44 en dis my eerste ware liefde en die dae gaan verby en sal jy van my hou as ek oud is?" (p. 43).

Ons het reeds gesien dat die Rus Y meesal op 'n liefdevolle wyse misverstaan en totaal onbewus is van die implikasies van hulle verhouding. Sy is tot op die laaste onbewus van haar man, die Kosak, wat 'n einde aan haar en Y se ontmoetings gaan maak en sy is hoogstens geduldig teenoor Y se vrese, subtiliteite en gekompliseerdheid. „Ek vertel alles vir my Rus in die sonnige park, maar alles gaan verlore in die son en die oë van my Rus wat groter lyding geken het" (p. 71). Wanneer Y haar van Laura vertel, is haar reaksie: "'Maar wie was Laura?' vra my Rus met 'n geduldige glimlag..." (p. 71). Wanneer sy hom vertel van haar vreemde jeug, is sy



verheug dat hy begryp, maar Y „soen haar effens droewig want dis ook nie die hele waarheid nie" (p. 99). Hy dink so oor haar pogings om die mistiek van haar wêreld aan hom te verduidelik: „Sy is soos my teringmaer tante wat uit haar eie skimwêreld vir my iets probeer gee, maar sy kry dit nie altyd reg nie behalwe glimpse wat soos ligstrale op my val en my met weemoed en hunkering vervul na iets waarna ek verlang, maar wat ek nie in woorde kan weergee nie..." (p. 98).

Y verwys altyd op 'n besondere liefdevolle wyse na sy „geliefde" of „elegante" of „pragtige" of „vurige" Rus en hy bewonder saam met haar die gawe van die gode in haar: „die ewewig wat haar laat triomfeer oor die nimf en die 44-jarige vrou wat 'n kind is. Sy het 'n ryp doelgerigtheid en sy bied haar ryp vrug van liefde vir die knolskrywer.." (p. 71).

\*\*\*

Mej. X kom van buite af in sy lewe gedurende sy 44e jaar. Hy ken haar glad nie, sy is „die 18-jarige l'inconnue" wat onverwags in sy lewe kom en sy vaal jaar kan transformeer tot 'n jaar van besondere betekenis. Sy is 'n kunsstudent en skryf vir hom omdat sy hoop dat 'n briefwisseling met 'n skrywer haar vervelige dae draagliker sal maak. Iets verhin- der Y om haar eerste brief in die snippermandjie te gooi en hy beantwoord haar brief: „Ek skryf vir haar soos sy vir my skryf, ek bieg by haar soos sy by my bieg" (p. 26).

Sy is 'n nimf wat „met 'n drang van vuur ongeduldig wag op die inisiasie, die ritueel waarop alle nimfe geregtig is" (p. 15) en soek sekere antwoorde by Y. Alhoewel hy voel dat dit verkeerd is: „maar dis verkeerd, mej. X. Dis verkeerd. Jy moet in jouself soek, en wat jy soek, in jouself probeer kry" (p. 42); is die rol van vader-minnaar uitgeknip vir alle 44-jariges wat ook stik in die stof van hulle dae (p. 26). Hy gee haar dus, omdat hulle albei dit geniet, die „vertroe- teling en tydelike beskerming" (p. 43) wat sy by hom soek.

Haar briewe word 'n instelling en hy begin uitsien na haar briewe wat elke veertien dae kom. Hy leer sekere eienskappe in hulle ken en waardeer: 'n liriese eienskap, 'n algehele minagting vir enige vorm van punktuasie, die maklike vloei van haar gedagtes, die uitdagende blootlegging van haarself, die inkantasie van haar herhalings van sy naam: „Mnr. Y, mnr. Y, mnr. Y...”

Sy probeer om op 'n tasbare manier iets van haar wêreld en haar gedagtegang vir hom te gee : saam met haar briewe stuur sy tekeninge van seeperdjies en skulpe, van 'n Jin-Jang-simbool. Sy stuur vir hom pruimblare, kappertjies, duingras, 'n stuk materiaal van 'n hemp wat sy aanhet, hare van haar arms, lipafdrukke, 'n streep maskara.

Sy vertel vir hom haar drome en haar fantasievlugte en karakteriseer haarself sodoende: „Ek hou van rose, mnr. Y. Water is ook belangrik maar net in die nag. Bedags is water slegs mooi vir terugspieëlings. Ek het op 'n gladde, uitgespoelde, spierwit, sandwit boomstomp gesit, warm en glad, en die poele water het weerkaatsings vir die boomstomp teruggegee... Daar is 'n soet pyn in my hart, mnr. Y. Maar ek wil papierpop speel en mosbolletjies eet ... Ek drink libriums om my vertoingde senuwees te troos (p. 57). Sy plaas self haar uitlatings in die regte perspektief deur te sê: „Mnr. Y, vergewe my my fantasieë en sien my altyd in die lig van my tienerskap" (p. 39).

Mej. X probeer ook om Y te karakteriseer: „U is magenta pienk en bordeaux rooi. Ek is bang vir 'n pers in u samestelling. Daar is iets verraderliks in die pers. U hou van vrouens bros en soet soos ryp waatlemoen... U blomme is kannas, oranje kannas, en u anima is 'n wit lelie" (p. 38), en verder: „Ek dink jy is fyn en sag, mnr. Y, en baie bang" (p. 40).

Haar pogings om hom te verstaan, skep 'n atmosfeer waarin hy by haar kan bieg. Hy vertel vir haar van sy Rus, sy vrou,

sy tante en sy jeug wat so anders was as wat mej. X s'n nou is. Hy probeer ook vir haar raad gee uit sy eie ervaring: „Ons teer op mekaar soos wilde diere, mej. X. Ons leef weer in die wêreld van my Rus. Al het jy groot geword met soen-groete oor en weer in blomvolle suburbia, sleep die wolwe nog geruisloos in die nag tussen swembaddens, struikpruime en kappertjies oor McGinnis-grasperke.

„Jy bid verniet tot Poera, mej. X, met behulp van jou libriums. Jy moet, soos my Rus, besef dat jy altyd tussen die goddelike en die teriomorfiese leef en dat, te midde van jou vreedsame middelklasbestaan, jy altyd 'n worstelstryd stry in jou maandelikse getye van lewe en dood" (p.62).

Hulle stel gereeld vir mekaar retoriese vrae oor die sin van hulle korrespondensie: „Mej. X, het jy al daaraan gedink: hoekom het jy vir my geskryf? Wat wil jy sê, wat wil jy hê?" (p.39). Hulle wonder oor die toekoms van hulle verhouding: „Mnr. Y, mnr. Y, mnr. Y, wat gaan van ons word?" en hy antwoord: „Die hemel weet wat gaan van ons word, mej. X" (p.57). Y wonder veral baie hoe mej. X lyk: „Hoe lyk jy, mej. X? Ek verlaat my op die beskrywing van vrouens wat jy op my projekteer. Wat wil jy sê? Ek voel asof ek jou aan jou skouers kan vat en jou skud terwyl ek in jou onsigbare gesig kyk en die vraag oor en oor vir jou en vir myself vra" (p.89).

Op 'n stadium word die vrae en onsekerhede te veel vir Y en hy ry na die adres soos aangedui in haar briewe. Hy hou voor 'n huis stil en sien 'n beeldskone blonde meisie op 'n chaise-longue onder 'n boom, haar bene in 'n ystertoestel gewikkel. Hulle kyk na mekaar, sy hou haar boek voor haar oë en beweeg haar kop angstig heen en weer. Y kan sterf van besluiteloosheid, maar ry uiteindelik weg en besef dan dat hy in 'n verkeerde straat beland het. Van dié episode skryf hy vir mej. X: „Ek wou jou vanmiddag besoek, mej. X, net om te sien hoe jy lyk en wie jy is, maar op die laaste oomblik het ek besluit om dit nie te doen nie, want ek het in 'n verkeerde straat beland en dit was 'n vingerwysing. Dis beter dat ons mekaar nooit sien nie, mej. X" (p.91).

Net na sy mislukte poging om X op te soek, besluit Y om die reeks briewe vir sy vrou te skryf. Hy skryf die soort briewe wat hy nie aan mej. X mag skryf nie, aan sy vrou. Aangesien die briewe tog in 'n sekere sin gelykwaardig is, voel hy dat hy die twee vroue „in mekaar opneem en met mekaar identifiseer.” Hy is baie trots op hierdie prestasie: „Ek is vinnig besig om 'n versoening teweeg te bring terwyl my Walkurevrou die boonste helfte van haar liggaam herstel, en terwyl my nimf gedy in die onverwagte warmte van haar nuwe vurige vader-minnaar” (p. 92).

Y dink met tevredenheid aan hierdie tydperk: „Maande van ontluiking waarin my onsigbare X, sonder om haar tiener-vinger op 'n enkele sin te kan lê, tog die oorgawe in ons al-twee kan voel; maande waarin sy 'n geestelike vervulling kan vind; maande waarin sy haarself kan sien as die gesellin van Amor : die stirb und werde waarna sy so naarstiglik verlang” (p. 92).

In hierdie periode begin X eers werklik vir hom gesig kry : 'n spelerige, diep-gevoelige, tergende nimf. Sy is vurig soos sy Rus en soms swaarmoedig. Sy verander blitssnel, van brief tot brief, want hare is die tyd van snelveranderings. Y sien haar as: „Mej. X, 'n papierpop met skrif daarop ... 'n karakter uit Jean-Claude van Italië se avant-garde-drama's : 'n tinfoelie-Lolita in die eksperimentele teater van haar tienerbestaan” (p. 110).

\*\*\*

Ons kan retrospektief daarin slaag om in 'n sekere sin die verhoudings so uitmekaar te haal, maar dit is belangrik om te herhaal dat Y sy verhoudings met die vier vroue, selfs op die vlak van menslike verhoudings, nie so eenvoudig beleef of aanbied nie. Hy spring van die een na die ander, vergelyk hulle, vertel hulle van mekaar, skuif hulle in verskillende kombinasies en patrone rond in sy gedagtes en mymer oor hulle onderlinge en gesamentlike betekenis.

Aangesien Y die gebeure in retrospeksie sien en sommige van hulle al taamlik ver verwyder in die tyd is, is dit natuurlik dat hy slegs beslissende momente sal onthou en dat die volgorde onderworpe sal wees aan assosiasies wat persoonlike wette volg en met chronologie niks te doen het nie. 'n Feilbare geheue kan ook verantwoordelik gehou word vir die feit dat sekere dinge oormekaarskuif. Y rek byvoorbeeld sy 18e jaar: hy was 18 toe sy oom dood is (p. 45), na sy oom se dood het hy en sy tante eers die plaas in 'n natuurbevange stuk aarde omskep binne 'n jaar (p. 47) daarna het hy en sy tante 'n swerftog deur haar wêreld onderneem wat finaal beëindig is deur sy huwelik met die Walkure. Na dit alles, slaag Y nog daarin om steeds 18 te wees op sy wittebroodsreis, want sy Walkure is toe 18 (p. 33) en op 44-jarige leeftyd is hulle ewe oud.

Nie net sy geheue nie, maar ook sy emosionele betrokkenheid by die vroue speel 'n rol in die verdraaiing van die gebeure. Hy is nie objektief nie; uit die aard van die onderlinge verhoudings is hy byvoorbeeld deurgaans minder simpatiek in sy siening van sy vrou as dié van sy Rus. Teenoor sy tante en mej. X is hy meer objektief, omdat die tyd 'n mate van perspektief teweegbring in sy siening van sy tante en omdat mej. X vir hom 'n onbekende is en daar 'n natuurlike afstand tussen hulle is. Hy probeer teenoor sy vrou ook regverdig wees deur op sy dikwels onvolledige insig te wys: „Baie keer het ek in haar rebelse oë gekyk en nooit besef dat daar in haar vlak wêreld ook dieper poeletjies is nie - dat sy ook in 'n ekstroverte bestaan 'n glimpering van verbygaande raaisels in die skitterende oppervlakte moes gewaar het. Wat weet ek van die swaan toe sy 'n lelike eendjie was? - toe sy 'n sukkelperdjie was voordat die naderende vroulike rypheid daardie lompheid omgetower het tot die manjifieke volbloed wat haar 'n voorwerp van lus en begeerte gemaak het sodat sy nooit, soos ander, daarna die behoefte gevoel het om dieper in die glimpering van raaisels te kyk nie?" (p. 68).



In sy pogings om tot 'n sintese te kom, vergelyk hy die vroue oor en weer met mekaar. Daar is verskillende raakpunte tussen die vroue en die verhoudings : Mej. X en die Rus kom albei gedurende sy 44e jaar in sy lewe en hy vergelyk hulle dikwels met mekaar; hy sê vir X: „Sy is Nuits St. Georges en jy is vin ordinaire. Julle stel altwee eise: sy omdat elke jaar vir haar betekenis moet hê; jy omdat jy as nimf met 'n drang van vuur ongeduldig wag op die inisiasie, die ritueel waarop alle nimfe geregtig is" (p. 15). Op 'n ander keer sê hy: „Jy is Joegoslavië teenoor my Rus se Rusland, mej. X" (p. 58).

Wanneer X sê dat Y van sy vroue „gevaarlik ryp" hou, toets hy dit aan die Rus: „Is my Rus gevaarlik ryp?" (p. 38). Hy vertel vir die Rus „die hele storie" van X en haar tiener-briewe, omdat hulle mekaar waarskynlik nooit sal ontmoet nie. Die Rus is besonder jaloers op X, maar is tevrede gestel wanneer sy hoor dat Y haar nooit wil ontmoet nie. Hy vertel weer vir X van die Rus en mej. X se reaksie is : „Ek gun jou jou Rus, mnr. Y" (p. 58).

Die Rus en sy vrou is albei 44 en dus ewe oud. Die Rus het egter „'n ryp doelgerigtheid" wat haar laat triomfeer oor sy vrou, „die 44-jarige vrou wat 'n kind is" (p. 71). Die Rus vra vir hom of sy vrou nie jaloers is op hulle verhouding nie, en dan vertel hy vir haar net 'n halwe waarheid oor die situasie. Vir die Rus verduidelik hy sy afsydigheid as 'n „isolement", maar eintlik is dit die beeld van sy „dowe, mank, manies-depressiewe vrou" (p. 21).

Die Rus en sy tante word veral gekoppel deur die park waarin hy sy Rus gereeld ontmoet, die park wat terselfdertyd die park is wat sy „teringmaer tante vir ons uit haar eie wel-lewende wêreld gelaat het" (p. 59). Dikwels, terwyl hy saam met sy Rus in die park is, sien hy in sy verbeelding die kere wat hy saam met sy tante in die park was : hoe die Viktoriaanse dirigent haar met sy blou oë bestraal het, sodat sy haar waaiervinniger en vinniger beweeg (p. 16 en 18).

Hy weeg hulle letterlik teen mekaar op, so weeg hy byvoorbeeld sy tante en sy Rus „op die skaal van die grootmoeder, die Statue of Liberty, oor die hawe voor Long Island. Twee vrouens van 44 op die tydlose skaal. Twee wêrelde en twee vrouens, van verskillende jare, maar gebonde aan dieselfde tydperk as kind en vrou..." (p. 97). Sy tante en sy Rus het „'n wêreld in gemeen : die ballet en die musiek van Prokofiëf wat my teringmaer tante geniet het op Cook's Tours en in gesellige sitkamers, waarvoor my Rus (toe nog 'n dogtertjie wat brame in swart woude gesoek het) met die bloed van haar lemwonde betaal het" (p. 61).

Y ontvang en lees sy briewe van X dikwels in die teenwoordigheid van sy vrou. X se briewe word dan ook gewoonlik onderbreek of begelei deur verwyte, beskuldigings en vermanings van die kant van sy vrou. X en die Walkurevrou word veral met mekaar „geïdentifiseer" deur die twee oorvleuelende reeks briewe wat Y aan hulle skryf.

Y is nou 44 en X 18, soos sy tante eens 44 was toe hy 18 was; „Mej. X, dis asof ek vandag in die rol van my teringmaer tante teenoor jou is" (p. 42). Die rol is o.a. dié van gids en inwyder en dit sluit in dat hy, soos sy tante, die wysheid van sy tyd in die vorm van aforismes tot haar rig.

Sy vrou en sy tante is albei deel van sy jeugwêreld. Hulle het in sy 18e jaar sy lewe beïnvloed en hulle doen dit nog steeds in sy 44e jaar. Van die begin af was hulle opponerende kragte in sy lewe : sy huwelik met die Walkure het die einde van hom en sy tante se nêrensland beteken; die lewe saam met sy tante het hom onvoorbereid gelaat vir die wêreld wat hy saam met sy Walkure sou betree; sy Walkure was aanvanklik geïmponeer deur sy tante se leefwyse en later het sy dit gehaat.

Y het al vier die vroue en al vier die verhoudings nodig, maar hy besef dat 'n verhouding met een verraad teenoor 'n

ander een kan beteken : „... toe ek die Walkure sien, die dogter van die Swartlandse slagter, ses voet lank, koud en hard soos 'n diamant, kon selfs die gedagte aan my tante en die verraad my nie keer nie" (p.33). Alhoewel Y daarin slaag om 'n versoening teweeg te bring deur middel van die ooreenstemmende briewe wat hy aan sy vrou en X skryf, is dit verraad teenoor albei. So verwys hy byvoorbeeld na mej.X se briewe as „dokumente bewyse van verraad" (p.107). Sy vrou kan nie hierdie verraad aanvaar nie en dit lei ten slotte tot haar selfmoord.

Hy besef dat die gedagte aan die een die rus en vrede by 'n ander kan versteur: „Ek dink aan jou, mej.X, toe my Rus my na jou uitvra en ek in die sonnige park ontwykend antwoord... Sal jy my vergeef as ek jou as onsigbaar afskryf ter wille van die rus vir die oomblik?" (p.87).

Y bewerkstellig die oorgange tussen die verlede en die hede of tussen die vier vroue op verskillende wyses. Iets wat hy in die hede sien, in die landskap soms, herinner hom aan sy jeugwêreld en sy tante. 'n Liedjie oor reën wat hy oor die radio hoor, herinner hom aan die reënweer ten tye van die dood van sy oom. X se droom oor lemwonde herinner hom aan die dood van sy tante en slagtersvader onderskeidelik en aan die oorlogswonde van sy Rus (p.59). Soms skakel hy met 'n reaksie - hy en sy vrou lag albei, maar sy Rus lag nie wanneer hy die lagwekkende aan haar probeer verduidelik nie (p.25). Hy neem dikwels een van sy eienskappe, soos die tweespalt in hom byvoorbeeld, en dan gee hy die Rus en X se onderskeie reaksies daarop (p.25); op 'n ander geleentheid spring hy van sy vrou, na sy slagtersvader en uiteindelik na sy tante deur aan te haal wat elkeen van hulle oor sy skrywerskap gesê het.

\*\*\*

Dit blyk baie gou dat dit nie vir Y alleen gaan om die verhoudings wat hy met die vier verskillende vroue het nie; hulle betekenis vir hom lê nie alleen op die vlak van persoon-

like verhoudings nie. Hulle is as 't ware mensgeworde aspekte van sy persoonlikheid, hy het hulle almal nodig, want hulle is almal deel van hom : „... ek besef meteens hoe min tyd daar oor is om julle almal met mekaar te versoen, want ek het julle al vier nodig, en julle is al vier deel van my, anders desintegreer iets in myself en ek word meer as een" (p.88).

Deur sy verhoudings met die vier vroue moet hy 'n sintese in homself vind.. Heel vroeg in die boek, voordat hy nog werklik enigiets gesê het oor die verskillende verhoudings, sê hy: „... ek sien die gesig van my tante langs die gesig van Angélique wat later weer sou vorm kry as jy, juffrou X, en my geliefde Rus... diep binne in my droom ek drome waarin my toringmaer tante en jy Angélique soos Smörgasbrod laag op laag ingeweef is. Ek soek 'n sintese, liewe Rus en liewe nimf, 44 jaar lank,..." (p.14).

Dit is die gesig van Angélique wat telkens 'n ander vorm kry; die betekenis wat sy vir Y het, kan ons dus bring by die kern van die betekenis van al die vroue. Op 'n keer sê Y: „Wie was Laura? Ek kyk oor die jare, na Angélique, na prinses Ira von Liebenstein, en na die ongevormde, voortvlugtende onbekende in al my boeke" (p.71).

(Dit is interessant dat Angélique ook gesien kan word as 'n suiwer literêre simbool : sy is die voortvlugtende onbekende in al sy boeke en Angélique is die boek wat sy tante lees en vir hom as voorbeeld voorhou).

Angélique en Laura is dus twee kante van dieselfde beeld: sy „spookbeminde" (p.63). Van Laura sê Y: „Sy het saam met my koekemakrankies gepluk in die duineveld ... sy was die meisie op die perd langs die see. Ons lewens was onsigbaar vir die buitewêreld; daar was dood en liefde om elke draai; ... Laura van spoke en vrees; Laura van skattejagte en geheime gange ... Laura van duiwe en hoenders en hasies; Laura van comics, soet sweet en vars brood; Laura van bendes

en kolekamers; Laura van roomys en lou seewater; Laura van verebeddens en telefoondrade wat zoem in die nag; Laura van huiswerk en straf; Laura van gramradio's en vervolghverhale; Laura van poppe en motorkarretjies; Laura van teestelle en gekleurde lappies; Laura skielik vreemd en onverstaanbaar; Laura skielik weg - en wie was Laura? Hoe het sy gelyk?" (p.72).

Laura is die beliggaming van sy jeugjare, toe hy 'n oer-kontak met die vroulike beginsel gehad het: „Die jeug is onbederfbaar... In daardie jare leef jy in die veelvoud van breë trekke en het jy miskien 'n duideliker begrip van liefde en dood" (p.65).

Y sien die dood van sy oom as die einde van sy utopiese jeugjare; hy skakel die verlies van Laura met die dood van sy oom : „Laura het verkrummel tot as. My estetiese oom is dood, my teringmaer tante en ek is stoksielalleen" (p.72). Met die dood van sy oom het hy sy jeug en daarmee sy Laura verloor en sedertdien soek hy deur sy verhoudings met vroue terug na die tipe kontak wat hy met Laura gehad het.

Tot en met die 44e jaar van sy lewe staan hierdie soeke in die teken van mislukking. Ook in sy Laura-soeke was sy verhouding met sy tante 'n inwyding. Hy stel dit eksplisiet: „Toe ek agtien was, en ek die belewenis van die onderdrukte Eros geprojekteer het, was dit op my teringmaer tante" (p.38), en verder: „ ... toe ek 18 was, het my anima tot my gesprek met die stem van 'n vrou van 44...." (p.29).

In sy verhouding met sy tante het hy ook die eerste van die reeks mislukkings en ontnugterings beleef: „Maar dis toe dat ek begryp het, mej. X, hoe ons almal mekaar oor en weer in rolle projekteer waarmee ons ons vereenselwig, en hoe ons gedurig na die verlore helfte in ander soek, en hoe ons probeer om daardie onsigbare, onverstaanbare, kwellende iets in onself tot kommunikasie te dwing... Hoe het ons twee nie in



projeksie ... iets van onself probeer begryp nie! Maar die uiteinde was altyd in die haarpyn, in die oomblik van waarheidsbesef, 'n weemoedige ontnugtering : dat sy nie die draagster en ek nie die draer kan wees van die ongevormde waarhede wat ons in mekaar soek nie" (p.42).

Hierdie soeke duur, ten spyte van die mislukkings, voort: „Vandag (nog onvolwasse volgens my vriend die homoseksuele argitek van my huisie by die see) is ek nog steeds op soek na vrouens om my anima-waardete dra, onmagtig om my met die vroulike eienskap in myself te versoen, soekende nog steeds, maar nou na jonger en mooier meisies" (p.39). Toe hy 18 was, was hy blind vir 18-jarige meisies en nou, as 44-jarige, soek hy in 'n sekere sin terug na daardie verlore tydperk. Nou vind daar in sy briewe met mej. X „'n soort geprojekteerde vereenselwiging" (p.26) plaas; nou sê hy: „Jy is my anima, mej. X..." (p.62). Op 'n ander keer sê hy vir haar: „Mej. X, dis asof ek vandag in die rol van my toringmaer tante teenoor jou is" (p.42).

Dit was nie alleenlik in sy verhouding met sy tante en dit is nie net in sy korrespondensie met mej. X wat hy die antwoord soek nie; hy is meer desperaat as dit en sy verhoudings met hulle word gekompliseer deur ander vroue: „Ek dra die as van Laura saam in my volwasse jare en ek ken die één mislukking na die ander. Ek prewel inkantasies, ek droom drome, maar dit kom uit die vlak onderbewuste en nie uit die groot onbewuste waar Laura begrawe is nie. Ek dompel myself in 'n gevaarlike see, maar dobber op die oppervlakte rond; ek soek Laura orals - maar Laura is hermeties verseël en al die hitte en al die herhalings kan haar nie te voorskyn bring nie. Ek brand my sproetgesigbruid in die smeltoond, ons brand saam vir drie dae, maar niks gebeur nie. Ons was drie: die Weeskind, die toringmaer weduwee en Laura-Luna, die maan. Ons is nou weer drie: 'n herhaling van die misterie wat homself sal herhaal en herhaal totdat die transformasie plaasvind - ek met my Hermes-tikmasjien, my Rus en die bleekwit X" (p.73).

Hy beklemtoon die feit dat dit juis vier vroue is wat sy lewe beïnvloed : vier vroue, vier tye, vier wêrelde, vier Marias, vier riviere in sy droom. Dit is in die vierledigheid wat die moontlikheid van versoening geleë is: „Dis eintlik 'n lewensbelangrike beslissing, mej. X. Ek moet julle kan identifiseer; ek moet daardie strydige eienskappe in myself kan verenig - ter wille van myself en ter wille van julle. My teringmaer tante, my manies-depressiewe vrou en my vurige Rus was die drieledige simbool van groei; en nou het jy bygekom, mej. X, en in die vierledige aspek van ons samekoms lê die ware totaliteit, die rus en die vrede vir die toekoms" (p.89).

In die geskrifte van Jung word die implikasies van die getal vier beklemtoon: „The quaternity is an archetype of almost universal occurrence. It forms the logical basis for any whole judgment. If one wishes to pass such a judgment, it must have this fourfold aspect. For instance, if you want to describe the horizon as a whole, you name the four quarters of heaven ... There are always four elements, four prime qualities, four colours, four castes, four ways of spiritual development etc. So too there are four aspects of psychological orientation ... A quaternity often has a 3 + 1 structure ... the 'Fourth' which, added to the other three makes them 'One' symbolising totality" (Psychology and Religion : West and East, p.167).

Die verhoudings met die vier vroue kan vir Y rus en vrede vir die toekoms beteken, maar hulle kan hom ook geheel en al verskeur. Daarom huiwer hy tussen sukses en mislukking, vandaar sy vertwyfelings en vrees. Soms sien hy homself as 'n vervloekte, iemand soos die Wandelende Jood: „Is ek miskien Ahasveros wat wandel en wandel in eensaamheid terwyl almal om hom, ál sy geliefdes, eiendeloos deur dieselfde smarte gaan?" (p.96).

Y heg besondere waarde aan sy droom van 'n meer wat gevoed word deur vier strome of riviere en nie vol is nie. Jacobi gee

die volgende interpretasie van soortgelyke droompatrone:  
 „Often dream figures take the form of four female figures  
 centred round a male dreamer. In this case the self is still  
 'veiled', obscured in the totality of the four aspects of the  
 anima or soul-image..." (p.137, The Psychology of C.G. Jung).

Klaarblyklik interpreteer Y ook sy droom as 'n waarskuwing dat hy versluier word deur die vroue in plaas daarvan dat hy hulle versoen: „Maar die meer is halfvol, halfvol in my drome, en die vrees pak my beet : is daar genoeg van die geheimsinnige vloeibare kern om die verbokkeling te herstel... Daar is vier strome na die meer van my droom, en in my droom is die meer nie vol nie want ek kan die vier strome sien: vier skraal strome deur die newels. Miskien is ek slegs paranimf, en ek is bevrees, mej. X, vir julle almal en vir myself" (p.82-83).

Die „lewensbelangrike beslissing" moet met behulp van en ook ter wille van sy skrywerskap gevel word. Dis met sy „Hermes-Ambassador tikmasjien" wat hy die "goue middelpunt" moet vind (p.89). Desintegrasie sal ook sy skrywerskap benadeel en integrasie sal hom miskien in staat stel om 'n volwaardige skrywer te word.

Y se tante het hom gewys op die verband tussen liefde en skepping: „Jy moet vrouens liefhê, Poppet, want die taal van liefde en vrouens is hergeboorte en skepping" (p.32). Y het na sy tante se raad geluister, want van meet af aan skryf hy ook ter wille van die vroue in sy lewe: „Ek het vir sowel my skraal tante as Angélique geskryf" (p.14). Nou, as 44-jarige, sê hy vir mej. X: „Ek is gereed vir jou briewe, mej. X. Skiet die vertwyfelings van jou tienerjare oor die pos, laat jou briewe brand van lewensdrang .. Dáág hulle uit, mej. X, ter wille van die knolskrywer, en miskien sal jy hom in staat stel om 'n behoorlike skrywer te word" (p.131). Die boek wat ons te lees kry, is 'n boek geskryf vir sy vier Marias.

Dit gaan nie in 18-44 alleen oor die persoonlike verhoudings of selfs die psigiese samestelling van 'n enkele mens nie. Y gee heel aan die begin die historiese perspektief aan sy verhaalgebeure deur die persoonlike ontmoeting van twee onbekendes (18-44) te plaas naas 'n jaartal in die menslike geskiedenis (1844). In sy verhoudings met elkeen van die vier vroue leer Y 'n wêreld of tydperk of lewenstyl ken wat deel uitmaak of aanleiding gegee het tot die wêreld waarin die knolskrywer, en ons saam met hom, vandag leef. Dit is in die bekrywing van hierdie wêreld wat Leroux die naam gekry het van „artistieke historikus van ons tyd" soos F.I.J. van Rensburg in 'n resensie oor 18-44 gesê het. (Die Volksblad, 23 Oktober 1967). Dr. Elize Botha sê ook dat ons Leroux se boeke onder andere kan lees as „kultuurhistoriese verslae".

Ook in hierdie opsig beklemtoon Y die belangrike invloed van sy tante en haar wêreld: „Daar skuil groot waarhede in die argetipes van jou kinderjare" (p.94), sê Y op 'n keer. Hy sê ook dat hy 'n „gevangene" van sy tante se tyd geword het. Haar wêreld is een wat verby is, want hy vra homself af: „Na watter beeld van watter vergange beskawing het sy my grootgemaak?" (p.41). Deur sy tante het Y 'n wellewende, romantiese, grasiëvolle lewenstyl leer ken wat ons nie meer uitleef nie, maar alleen in nostalgiese herinneringsvlugte kan oproep.

Y se tante was as gevolg van haar agtergrond en haar geaardheid een van die wellewendstes. Sy was 'n „lid van een van die bekender families", haar vader was „die gesiene man van die omgewing" (p.13). Sy was „die townares van wellewendheid" (p.16) en haar beskaafdheid was een van „dronk sjarme" en „lui, kosbare eenvoud" (p.69). Die eggenoot wat sy gekies het, was uitgeknip vir dieselfde lewenstyl. Hy was „'n donkerkop met blou oë, 'n pianis van ongewone formaat, 'n dromer op hooimiedens, 'n Afrikaner met Spaanse bloed wat flamenco-ritme kon uittrap vir my tante in hulle dans van die liefde" (p.101). Hy was die een „wat altyd met die verkeerde en mooiste soort

skaap of bees die wêreld by hóm probeer aanpas het ... alles vir die hart, die oog en die verbeelding" (p.45).

Sy oom en tante het saam 'n leefwyse geskep wat Y altyd sal onthou as „utopies". 'n Mens kry slegs glimpse van hulle wêreld, maar dit skep die indruk van „'n soort vryswewende rykmanswêreld", soos Van Wyk Louw van Die Eerste Lewe van Colet gesê het. (Vernuwing in die Prosa, p.128). Hulle het hulle dae omgedroom in koringlande: „Lieflike, heerlike koringlande wat my ryk oom net soveel vir estetiese genot as vir profyt geplant het" (p.20). Hulle het in die sonnige park gewandel en verder tussen die kelders van sy oom en heide en suikerkanne beweeg of in 'n Whippet, „omring van kosmandjies en His Master's Voice-plate" (p.63) vrolik voortgespoed na Witsand waar hulle hul vakansie net in 'n ander omgewing voortgesit het.

Selfs na haar man se dood in 'n sekere sin die utopiese dae beëindig het, het die teringmaer tante haar lewe met 'n sekere stylvolheid en swier gevoer. Ook hier kry 'n mens het flitse; van die tante tussen die goudgeel tulpe terwyl sy vir haar tuin glimlag (p.23), haar oë wat blink in haar opgetooide gesig oor 'n silwer kandelaar (p.29), héél voor in die stad-saal (p.30), die verlore duiweltjies wat vasberade flikker in haar oë terwyl sy slankies verdwyn in 'n morrisstoel. (p.48 en 83).

Ook die tante se verraad teenoor haar man word as „esteties" bestempel: „jy verraaai my estetiese oom esteties met die dirigent en slaap 'n paradyslike slaap in die blou van sy oë" (p.115). Sy is in volle beheer van haar sterfbed wat „gesellig" was (p.40). Sy wou alleen wees toe sy sterf, want „haar exit moet soos sjampanje wees" (p.16).

Die tante laat 'n indruk van iemand wat „fladder en huppel" (p.41). In die kamee wat Y van sy tante skets, word 'n bepaalde effek verkry deur veral liedjies en danse: „Daar



is iets van die 'gay nineties' in haar - 'I wonder who's kissing her now ... In the merry month of May ... In the shade of the old apple tree, in the blossoms that you sent me, with a heart that is true ... Hullo, my lady! Hullo, my lady!... Once you come home, my lady...' " (p.100).

Sy vaar op die maat van die Lorelei by die Ryn af en sy wals met haar verkragter onder begeleiding van die Vorspiel zum Liebesakt. Sy beweeg saam met haar estetiese man deur die twintigerjare: „'Ring-ring the banjo, Hallelujah! How I love you Swannee! Mammy! Mammy! The sun shines west ... I'm a-comin' ... The Robert E. Le-e-e-e!' en 'n gefluit en 'n gestamp en die blackbottom en die charleston wat my tante so goed kon doen...' " (p.101).

Haar verkragting het 'n sekere allure en romanse in 'n hotel waar alles „silwerskoon" is. Dit verbreed haar lewe, want „deflorasie word vir my tante van die Boland 'n inisiasie in die wêreld van die National Geographical Magazine, wat sy by die honderde versamel in haar geraffineerde kamer" (p.101). Haar verkragting het plaasgevind in 'n tyd toe 'n mens nog iets kon ken of beken sonder om dit te ontluister, want die tante „word ontmaagd, maar nie onteer nie" (p.100).

Aansluitend by die beskrywing van sy tante se leefwyse in die oproep van sy jeugwêreld, kom die wêreld wat hy saam met Laura bewoon het (p.72). So word 'n hele tydperk ook opgeroep deur die haarstyle, parfuum en mentaliteit van die meisies wat sy tante om sy onthalwe na die huis nooi. Hulle het „vuurblomme in hulle hare en ballerinarokke" (p.29); daar was Daphne met haar „lippe nartjierooi en haar blonde hare soos Veronica Lake s'n oor die een oog, en sy speel Paper Doll". 'n Ander een ruik na „Guerlain, The Night is Young" en nog 'n ander een fluister „Marie Corelli-sentimentaliteite" (p.30).

Die wêreld wat Y saam met sy tante bewoon het, word in 'n groot mate vervang deur die wêreld wat hy deur sy Walkure-vrou en haar Swartlandse slagtersvader leer ken. Y het die twee wêrelde van meet af aan as teenoorgesteldes ervaar. 'n Mens sien dit reeds in die eerste werklike konfrontasie, toe die Walkure die eerste keer die huis van sy tante besoek het; die Walkure was „geïmponeer deur ... die avontuur van 'n ander soort beskaaftheid" (p.69, my kursivering). Saam met sy vrou beleef hy Ariese genot waarvan sy Alpyense tante hom nooit vertel het nie (p.34) en van hulle troue sê hy: dit „was 'n triomf van die Fascisme oor die demokratiese gelatenheid" (p.33). Telkens wanneer hy aan eise of vernederings blootgestel word wat hy nie verwag het nie, dink hy: „Dis weer iets waarop my toringmaer tante my, vir die soveelste keer, nie voorberei het nie" (p.49).

Y se slagtersvader het vinnig ryk geword, sy wêreld was dié van die nouveau-riche en dit het hom groot plesier verskaf om orals met sy beursie reg te staan. Hy het hulle wittebroodsreis betaal, hulle „huis in die voorstad" gekoop en gemeubileer, selfs die ondersoeke van die Walkure by ginekeloë was „op betaalde bevel" (p.35) van die skoonvader. Sy smaak word weerspieël in die aard van die dinge wat hy koop. Hulle wittebroodsreis was in „familiehotelle en ander rysige beleggings op strande, in kamerstelle met swart badskamers, chroomsitkamers en vierkantige uitsigte op see en seetonele" (p.33). Die huis wat die slagtersvader gekoop het, was geheel en al na sy smaak, dit was 'n barok-kasteel met „swart embuia vir ál die kamers; monsteragtige yskaste vir al die vleis van die Swartland; okkerneuhoutgramradio; en 'n groen badkamer van groen marmer ... Daar was nooit stof in die huis nie; geen meubels wat nie 'n presiese vierkant gevorm het nie; geen kitsch wat nie in 'n ry was nie" (p.34).

Die eise wat die Walkure en haar vader stel, word deur Y toegeskryf aan „die banaliteite van 'n kleinburgerlike brein" (p.20). Hulle albei het besonder hoë prys gestel op mense wat „goed in sport en suksesvol in die handel is" (p.36). Die

Walkure het baie spesifieke idees van wat as werk gereken word en wat dit beteken om iemand lief te hê: „heroïese liefde volgens die romantiek van die liefdesverhale wat sy gelees het; bevredigende, strelende formules in vrouetydskrifte; die daadkragtigheid van sporthelde en blakend gesonde jongmanne versigtig gekweek deur die verskeie provinsiale administrasies - die hele produk van positiewe kondisionering waaraan my Walkure in 'n jong en lewenskragtige land onderhewig was" (p.49).

Die Walkure het altyd groot genot geput uit groepsvermaak en die verskillende fasette van sosiale lewe. Sy het haarself „hartstogtelik oorgegee ... aan al die speletjies waarvan sy leier is" (p.66). Y het haar by die strand ontmoet en daar het die sosiale lewe veral bestaan uit „die danse op die strande en die C.S.V.-dienste en die volkspeletjies wat die hele kompleksiteit van die Afrikaner se geestesamestelling simboliseer!" (p.65).

Elkeen van hierdie drie aktiwiteite simboliseer die geestesamestelling van die Afrikaner, maar in die besonder die geestesgesteldheid van 'n besondere tydperk. Toe was die C.S.V.-dienste 'n integrale deel van die hele groep vakansiegangers se tydsbesteding: „Tentdienste by kampe op die boerestrand terwyl ligte in die verte flonker en leke-predikers die sonde eers verheerlik voordat hulle dit verdoem, en kindersiele hulle vertwyfeling in openbare ontboesemings met cliché's formuleer" (p.66).

Die volkspele en danse by die hotel was ewe belangrik en plesierig: „Volkspeletjies in die maanlig onder die goedkeurende oë van vaders wat môre-oggend douvoordag, gaan hengel, sentimenteel van hardehout, hulle vet mae vol kerrie, sosaties en gedroogde perskes, hulle voorkoppe spierwit perkamente van gemeenplasighede..." (p.66). Die danse by die hotel word gewigtiger beskryf as „Ware danse by die hotel, onder gekleurde ligte en Chinese ligskerms, met vreemde middeljarige wolwe by

allenige tafeltjies, hulle tango-partnersnorretjies simmetries, hulle kaal koppe blinkgewas met cologne, hulle handelsreisigersogies blink van geloof in die produkte wat hulle moet verkoop en in die neweproduk van hulle beroep - om hulle gekastyde sjarme te verkwansel aan mollige ryp en ratse dogters wat hink en pink op die maat van folk-rock..." (p. 67).

By al hierdie speletjies was die Walkure héél voor in hartstogtelike oorgawe en dis veral in sy aanbiddende agtervolging van haar wat Y die speletjies teëkom en beskou. So was die Walkure ook later die „lus en lewe" van rooilanternbyeenkomste en deur sulke aande het Y haar ook gevolg; sy „lewe het bestaan uit 'n fassinerende droomsoektog tussen rooi ligte, musiek, gelag en blitsige seks te midde van twintigste-eeuse kitsbarok" (p. 52).

Toe het die Walkure van haar steriliteit probeer ontsnap in die steriele wêreld van „die oneindige herhaling van kom en gaan, lag en geniet, in 'n kunsmatige wêreld wat onafwykbaar die resep is van vermaak en ontvlugting" (p.52). Op die partytjies van lede van die gegoede hoër middelklasstand het die plesier veral bestaan uit: „prettige ruwe spel, onderonsies waar die skurwe grap met boere-onskuld ten hemele roep, 'n heerlike aardsheid sonder ritueel, vraatsug in die sonde-lose masker van die vrye natuur (soos die Boesmans en die Bantoes met die slag van koedoe en bees) bier, braaivleis en hardehout ... terwyl die atletiese jongman en die hardwerkende wulpse huisvrou die gedruis van 'n dronkgesprek omvorm tot die melodie van 'n suksesvolle partytjie" (p.50).

Die Walkure gedy in oppervlakkige skynwêrelde en haar idees en reaksies is patroonmatig. Ook haar verkragter antwoord aan die tradisionele idee van 'n romantiese wese : dit was 'n dokter van die Kaap; 'n „Ikey in sy verweerde blou blazer; die tikkie snobisme wat hom verhef het bo ons alledaagse wesens. Wit sand, suikerkanne, duine en kitssukses! Hoe kon die skrywer-in-wording, met sy onverstaanbare woorde,

meeding met die onverstaanbare dade van die praktisyn?" (p.106). Op hom het ewe tradisionele tipes gevolg; handelsreisigers, rugbyspelers en krieketspelers.

\*\*\*

Soos ons almal, leef Y in 'n na-oorlogse wêreld, hy ken die gevolge wat die oorlog gehad het, maar hy het nie op 'n direkte wyse daarin gedeel nie. Hy het saam met sy tante gegaan na die Delmonico toe sy die offisiere van die H.M.S. Voodoo wou gaan deurkyk en daar het hy met 'n WAF (eintlik WAAF : Women's Auxiliary Air Force) gedans terwyl sy tante met 'n RAE gedans het. Een van die twee is later deur 'n Stuka of Heinkel gedood, maar dit was vanselfsprekend 'n baie skramse aanraking met die oorlogsvernietiging. Y, sy vrou, mej. X en sy tante kan hulle maar alleen probeer indink in die oorlog of kan maar alleen die gevolge daarvan benut; Y se vrou kon haar steriliteit as bate gebruik „in die lewenswoede wat ná die oorlog oor die hele wêreld gekom het" (p.70). Mej. X „kan luister na Victory Review" (p.79), en sy tante het die ballet en musiek van Prokofiëf geniet op Cooks' Tours en in gesellige sitkamers (p.61).

Die Rus het die oorlog meegemaak, sy het met „die bloed van haar lemwonde" (p.61) betaal vir die musiek wat sy tante kon geniet. Sy het 'n „geweldige verlede van lyding" (p.124); Y sê op 'n keer vir mej. X: „Sy ken 'n ander soort vrees as ons s'n ... Het jy al die geknal gehoor van kleingewere in die nag en die gebrom van bomwerpers op pad na hulle onbekende bestemming? En die gerammel van tenks op ysvelde en soldate in stikdonkerte meteens sigbaar in kanonlig?" (p.79).

In die Rus maak Y kennis met 'n deurleefde ervaring van al die oorlogsgruwels waarvan ons maar net kan hoor. „Sy vertel my, in die sonnige park, mej. X van kannibalistiese hongerte en katte en honde wat hulle vriendskap vir die mens betoon in warm bloed en warm vleis. Sy vertel van 'n bajonet drie duim van haar gesig deur die wande van 'n krat wat terselfder-



tyd haar skuilplek en haar tronk was; van morfine om haar kindergehuil te stil; van 'n vuurwarm son bo 'n ystertrok op 'n syspoor vergeet - ál die lyding en ál die lemwonde aan hierdie verwaarloosde klein deugniet met haar hare vertoing, haar appelborsies gekneus, en 'n onbehoorlike wysheid en geslepenheid in haar oë (p.61).

Haar verkragting is 'n gewelddadige en wrede verkragting in die ware sin van die woord; 'n oorlogsverkragting deur 'n soldaat van die Staat. Die Rus voer nou dieselfde burgerlike en relatief-veilige bestaan as Y en die ander vroue, maar die herinnering aan haar lyding is nog sterk genoeg dat sy nie 'n enkele oomblik ongemerk wil laat verbygaan nie. Dit veroorsaak eweseer dat sy nie veel geduld het met subtiliteite en gekompliseerde vorms van selfmarteling nie. Daardeur word „die weemoed van mej. X se tienerskap" en Y se probleme in 'n sekere sin gerelativeer.

\*\*\*

Mej. X is in 1948 gebore, sy is 'n oorlogsmutasie, geheel en al 'n produk van die na-oorlogse wêreld. Sy het „grootgeword met soengroete oor en weer in blomvolle suburbia" (p.61), in 'n huis in 'n reghoekige, „simmetriese na-oorlogse voorstad", te midde van „die netjiese eendersheid van middestandwelvarendheid" (p.89).

Deur sy verhouding met mej. X kry Y veral insig in die tienerwêreld; hy beklemtoon haar tienerskap, praat van haar „tienerbriewe", „tieneraanvoeling", „tienervinger" en „tienervertwyfelings". Hy is gefassineer deur die eienaardige tienerwêreld van die jare sestig en skryf op 'n keer vir mej. X: „Ek het vanaand met 'n tiener gesels - 'n plaasvervanger vir jou, mej. X, en sy het my vertel (haar oë grasgroen onder die boog van haar hare, haar lyfie soepel onder die mini) van haar niggie van dertien wat Maandag ballet neem, en Dinsdag belletrie, en Woensdag karate, en Donderdag duik, en Vrydag sang, en Saterdag seks, en Sondag sondegskool by 'n spierwit eunug" (p.97).

Aanvanklik vind Y mej.X se wêreld so vreemd dat hy sê: „Jy is een van daardie lieflike bouse engeltjies van 'n Switserse afrondingskool wat met die lewe speel. Jou naam is Regina Outre-Mer" (p.28). (Een van die hoofkarakters in Brigid Brophy se boek oor die mees eksklusiewe afrondingskool op die Franse Riviera, The Finishing Touch heet ook Regina Outre-Mer, Koningin van oor die See).

Mej.X was inderdaad nie 'n leerling van enige buitelandse afrondingskool nie, haar skool was net „agter die bult" en was met Volkspele en al deel van die Suid-Afrikaanse wêreld. Dit is die tienerwêreld van die sestigerjare wat andersoortig is. Mej.X leef temidde van „avant-garde drama's" en „eksperimentele teater", van „swembaddens, foefie-slides en mandala-rondomtalies" (p.116). Sy verf haar gesig met Max Factor Pink Frost en Charles of the Ritz maskara: „waterproef, huilproef, reënproef, badproef, swemproef ..." (p.57) en sy drink libriums om haar „vertoingde senuwees te troos" (p.57).

Sy is oneindig wyser as wat Y op 18 was, sy is „'n Meisietjie in die groteske masker van die sestigerjare, die vloek van menswees 'n rimpeltjie presies in die middel van die rimpelkolletjie op haar voorkop waar die derde oog moet oopgaan onder die waterval van haar wilde hare" (p.110). Mej.X leef in 'n wêreld van „dooie gode"; daar is niks wat meer heilig of waardevol is nie, almal neem deel aan die bestorming van beelde en die ontluistering van eertydse ideale en waardes. Daarom is mej.X se verkragting onpersoonlik, almal neem deel aan die „universele aanslag op haar maagdedom!"

\*\*\*

Y beklemtoon die feit dat almal nou in dieselfde wêreld leef: „julle leef vandag in dieselfde wêreld, en julle is onderhewig aan dieselfde tolskuld van ons tyd" (p.79). Almal het na 1945 „die nuwe grenslose wêreld" (p.60) betree. Die wêreld is nie sonder pyn en verlies verenig nie, dit het twee wêreldoorloë gekos. Op dieselfde wyse word die wêreld nie sonder pyn in Y verenig nie. Hy dink soms dat die antwoord

by een van die vroue lê, ter uitsluiting van die ander; hy vra homself op 'n keer af: „Of sal jy, knolskrywer, sterk en selfsugtig genoeg wees om die getrompetter van jou manies-depressiewe vrou te stil, die herinnering aan jou teringmaer tante uit te wis, die slagtersvader te laat verstik in die bloed van sy huis, jou nimf-in-briewe te laat versmoor in die moeras van haar tienervertwyfelings en reg aan die Rus laat geskied wat eintlik, op hierdie oomblik die enigste vraag van onmiddellike betekenis aan jou stel?" (p.88).

Eintlik besef Y dat die antwoord nie by die Rus alleen lê nie, hy weet dat hulle mekaar maar gedeeltelik verstaan, dat hulle bymekaarkomplek beperk is tot 'n enkele park, dat die Rus se man die verhouding sal beëindig, dat dit maar net „die verbygaande ekstase van 'n verkwikkende oortreding" kan wees (p.88).

Op 'n ander keer sê hy vir mej.X: „Ek behoort tot die tussenin-geslag, mej.X, en my verlange is na 'n tussenin-wêreld, en, wie weet, miskien lê die waarheid by ons wat in die tussen-wêreld twee antwoorde van twee tydperke kan versoen" (p.44). Die antwoord lê ook net tydelik by X; hulle staan albei op 'n drumpel - sy van volwassenheid en hy van middeljarigheid, en daarin is hulle verwantskap geleë. Sodra hulle die nuwe periodes betree, elkeen sy eie, is hulle verwantskap op 'n end. Hulle verteenwoordig „twee tydperke wat slegs donkerte gemeen het" (p.119). In Die Derde Oog stel Leroux dit meer eksplisiet: „die tragedie van die een wat weg beweeg van die lig en die een wat na die lig beweeg - die tragedie van tydelike samekoms waar hulle oor en weer van mekaar neem - die tragiese tussenspel van ouer man en jonger vrou, op die paradyslike kruispunt van gelyke sensitiwiteit" (p.98).

Die teringmaer tante is dood, haar wêreld is verby, Y kan nie in die verlede alleen leef nie. Bowendien het hy reeds in haar leeftyd besef dat sy wêreld nie hare is nie en dat hulle tevergeefs in mekaar soek na die ongevormde waarhede.

Y oorweeg dit nie eers om die oplossing by sy vrou te soek nie, hy besef „dat haar verstand verseël is in 'n lakverniste kokon en haar hart toegevou is in 'n doodskleed van duursame vormdrag" (p.52). Sy is een van die mooi vroue vir wie die lewe soveel belofte het, met so min verantwoordelikeit van haar kant, dat sy nooit die lewenswerklikhede aanvaar het nie. „Sy het die ewigdurende jeug verloor, mej.X, in 'n wêreld wat vir alle mooi vrouens ewigdurende jeug belofte. Die natuurgod het haar gebruik, misken, en gelaat met krukke en doofheid omdat sy nie kon verstaan nie " (p.70).

As gevolg van die wyse waarop Y die oorsaak van haar krukke sien, kan 'n mens simboliese waarde daaraan heg. A Dictionary of Symbols gee die volgende verklaring: „Frequently the crutch stands for an immoral, hidden or shameful support; this is because the foot is a symbol of the soul, and an infirmity or mutilation of the foot is the counterpart of an incurable defect of the spirit. Hence, in legends and adventure-stories, the common appearance of sinister characters, pirates, thieves and immoral hypocrites with crutches that bespeak their symbolic lameness" (p. 71).

Y noem sy vrou op 'n keer: „my pragtige Brynhild, geprik deur die doring van Odin" (p.35). In Wagner se opera oor die Nibelungenlied ontketen Brynhild die toorn van Odin, hy straf haar deur haar met 'n toordoring te steek wat haar Walkureskap beëindig en haar vervloek tot 'n gewone aardse lewe. Vir Y het sy vrou ook haar Walkureskap en daarmee haar bekoring en betowering verloor.

\*\*\*

In die boek maak ons die einde van baie wêreldes mee; die Rus word verkrag „terwyl haar ouers verwese met blinde oë die onbekende toekoms instaar, powere oorskotte van eertydse trotse handelsprinse" (p.103).

Terselfdertyd vertel die soldaat van die Staat vir die Rus van die ou wêreld, maar veral van die nuwe wêreld; hy „vertel haar van die nuwe wêreld en die nuwe orde, want die herinnerings is vaag en sy jeug trek al hoe verder weg. Hy vertel haar van die wonderlike toekoms..." (p.103).

Y se tante was deel van 'n beskawing wat „spottend aan sy eie doodsrutueel kon deelneem" (p.77). Sy was een van dié in wie die romantiese Germaanse gode vir oulaas herrys het in 'n argetipiese godeskemering, terwyl die Rus verkrag is (p.101).

Ook die plesierboot, met onder andere Y se oom en tante en slagtersvader as passasiers, wat verdwyn het, sluit aan by hierdie tema. Die boot het in 'n sekere sin nooit teruggekeer nie, sy passasiers se wêreld het verdwyn, of hulle het verdwyn as bepalende invloede in die lewe van die kinders op die oewer. „Hoe het ons kinders nie gehuil nie, ons kinders op die strand, terwyl die boot verdwyn! ... Arme sproetgesiggies, arme kwelende suigeling van die jare twintig-dertig, wat vandag in parke wandel en hulleself hêl gee vanweë hulle vrees. Want niemand het eintlik teruggekeer na daardie seereis nie" (p.96).

Die „nuwe wêreld" waarvan daar in die voorafgaande voorbeelde sprake is, is telkens die nuwe wêreld wat na die oorlog begin het, „die wêreld wat Douglas MacArthur vir ons geopenbaar het op die kruiser op die groot oseaan" (p.127). Dit bring ons ook by die „nuwe lewe" van 18-44 se motto: „Die soldaat van die Staat het sy naam met swier geteken en die nuwe lewe het begin" (p. 121). (Volgens The American Peoples Encyclopedia was Douglas MacArthur „... overly dramatic. Given to making grandiose statements").

Die soldaat van die Staat het, byna argeloos, met swier, die nuwe lewe begin, sonder dat hy die implikasies besef het: „1945 was 'n geweldige jaar, 'n gebeurvolle jaar, en dit was



ook die jaar toe die keiser verneder is. Die God word 'n mens: 'n deurbraak in 'n ander bewussynsvlak; 'n inisiasie op 'n kruiser in 'n werklikheidsbeeld ná al die bloed en lyding ... Min het die soldaat van die Staat, in sy kortbroek op die kruiser, besef dat toe hy die keiser-god vernietig en verneder het, hy 'n einde aan die paradys gemaak het" (p.121).

In 'n artikel in Time (October 4, 1971, p. 18), praat hulle ook oor die vernietiging van die keiser-god: „Hirohito, the 124th ruler in an unbroken line that stretches back 2 600 years. He was considered 'sacred and inviolable' in prewar Japan; under the constitution imposed on Japan after the war, he became no more than a 'symbol of the state and of the unity of people' ".

Dit was 'n ware godeskemering, die vernietiging van 'n paradys, een van die vele vernietigings sedert die sondeval.

Sedert die mens uit sy staat van grasia geval het, is hy onderworpe aan veranderings en vernietigings - dit is deel van die „lewenswerklikheid" en die „verraad van God" waarvan daar telkens in die boek sprake is. God het toegelaat dat die mens uit 'n staat van onveranderlike perfeksie val tot 'n staat waarin hy onderworpe is aan verandering en dood.

Volgens die waardes van die boek word ons bestaan buite die paradys gekenmerk deur teenoorgesteldes. Campbell sien dit ook so: „Man was created androgynous. The removal of the feminine into another form symbolizes the beginning of the fall from perfection into duality; and it was naturally followed by the discovery of the duality of good and evil, exile from the garden where God walks on earth, and thereupon the building of the wall of Paradise, constituted of the 'coincidence of opposites' by which Man (now man and woman) is cut off from not only the vision but even the recollection of God" (p. 153, The Hero with a thousand faces).

Y praat van „die ware lewe van botsings en teenstellings, die dubbelsinnigheid en tweeslagtigheid van ons bestaan op aarde" (p. 109). Ons leef tussen die goddelike en die teriomorfiese, tussen die eksoteriese en die esoteriese, tussen Logos en Eros. Hierdie spanning van teenoorgesteldes word beeldend voorgestel deur die Jin-Jang-mandala wat mej. X vir Y teken en wat ook op die stofomslag van 18-44 voorkom. P.W. Martin skryf so oor die Jin-Jang-teenoorgesteldes: „Yin is the principle of rest, the unchanging, the dark, the cool, the moist, the female, the side of the mountain in the shade. Yang is the principle of movement, of change, the bright, the hot, the dry, the male, the side of the mountain in the sun. Yin is continually going over to Yang, Yang is continually going over to Yin... Yin has the seed of Yang in it, Yang has the seed of Yin; Yin is perpetually becoming Yang, Yang is perpetually becoming Yin; the whole harmoniously working together for the man, or the people, who can see the opposites in their deep consonance with the ordinances of heaven" (p.141-142, Experiment in Depth).

Die oplossing, of in iedere geval die weg na 'n oplossing, lê dus in die aanvaarding van die teenoorgesteldes in ons bestaan en nie in 'n ontwyking daarvan en 'n terughunkering na die paradys wat verlore is nie. Dis tot die persoonlike aanvaarding van dié (volgens die boek) algemene waarheid wat Y self moet kom en waartoe hy sy vier Marias moet verlos, want dit is iets wat keer op keer van nuuts af aanvaar moet word.

Y ken die vernietiging van paradyse in sy persoonlike lewe. Met die dood van sy oom het hy vir die eerste keer 'n besef van verganklikheid gekry en hy het saam met die natuur gehuil oor 'n wêreld wat verby is en nooit weer sal terugkeer nie. Sedertdien ken hy die een na die ander einde; sy Laura het verkrummel tot as en elkeen van sy „nêrenslande" word vernietig. In die 44e jaar van sy lewe moet Y homself voorberei om 'n nuwe wêreld binne te gaan, dié van middeljarigheid. Terwyl hy mej. X se eerste brief lees, hoor hy die

liedjie „It was a great year and will not come again". Om die nuwe wêreld te kan binnetree, moet hy homself en sy vroue versoen met die lewenswerklikheid.

Hy spreek groot waardering uit wanneer hy tekens daarvan gewaar dat hulle dit wel kan doen; vir sy tante wat „strydige elemente in haarself kon verenig" (p.81); die „springgetye van lewe en dood in haar: die paradoks wat 'n heilige gawe is; die pianissimo en die fortissimo; die dieptes en die hoogtes van die komiese opera waarin die banale en die goddelike in hulle stryd teen mekaar 'n donderende finale bereik" (p.84). Hy voel dat sy slagtersvader oor hulle kon seëvier omdat hy met teenoorgesteldes kon werk: „Hy was 'n bietjie te veel vir ons, die handelaar in karkasse, want hy kon met bloed én ys werk" (p.119). Hy prys dit in mej X aan wanneer hy nuanses van begrip by haar vind in die ware lewe van botsings en teenstellings.

Dit is nie 'n maklike aanvaarding vir enige mens nie. Ook Y en die vier vroue probeer dié werklikheid op verskillende wyses ontvlug; in parke, in agtien- of vier-en-veertigjariges, in „Gino se kamer van ontvlugting", in die dollegang van een partytjie na 'n ander, in „'n paradys van gekleurde ligte". Die feit dat mej. X vertroeteling en beskerming by mnr. Y soek, is 'n bewys dat sy traag is om haar volwassenheid te aanvaar. Mnr. Y verlang „bloedskandelik" na sy tante wat dui op die feit dat hy terugverlang na die beskerming van die voorgeboortelike staat.

Daarom is 'n Götterdämmerung in die sonnige park nodig. Dit was „'n eensydige paradys" (p. 114); „'n plek van onmoontlike samekoms, soos 18 en 44, en my Swartlandse slagtersvader en my teringmaer tante; en die Teutoonse Noorde en die Mediterreense suide; en die geestelike onaanpasbaarheid van man en vrou van dieselfde leeftyd" (p. 60). In die park het hulle probeer om die „rasende" stad te ontvlug en daarom is die park se naam "Perte Seche" ("Dead loss"). Dit moes tot 'n einde kom en die Kosak en sy handlangers bring 'n einde aan ook dié paradys.

Wanneer hulle vir Y uit die park slaan, is dit die einde van baie meer as net sy verhouding met die Rus. Dis ook „die einde van sekuriteit en van volmaaktheid en van beskerming en van grondelose vertroue en van perfektheid en van die paradys van geprojekteerde liefde; dis die einde van salige onkunde en oorgawe aan volmaaktheid en al die droomwense wat selfs in die harte van middeljariges leef" (p.114).

Dit is ook die einde van sy tante se wêreld, want alhoewel sy teenoorgesteldes in haarself kon ver<sup>enig</sup>zorg, wonder Y of sy nie dalk die grootste charlatan van alle tye is nie, iemand soos Madame Blavatsky wat selfs na sy ontmasker is, nog volhard het in haar werksaamhede en aansprake. (Volgens A Popular Dictionary of Spiritualism, p.30 was Madame Blavatsky 'n charlatan: "... she was exposed as fraudulent by Dr Hodgson of the S.P.R. in an investigation ... Accomplices confessed to fraud ... Mme Blavatsky continued undaunted however..."). Y wonder of sy tante nie 'n „sentimentele moeder" was, omdat sy hom nie vertel het van haar werklike verraad nie.

Dit is die einde van Y en mej. X se ooreenstemmende tydperk van donkerte; wanneer sy 19 word en hy 45, word sy volwasse en hy middeljarig, dan verskil hulle honderd en een jaar. Daarom kan hy nie meer op daardie stadium vir haar vertroetel en beskerm nie en daarom sal haar briewe al minder word.

Dit is ook dan wanneer sy vrou uitvind dat hy vir haar en X ooreenstemmende briewe geskryf het en die „geprojekteerde vereenselwiging" tussen die twee vroue vernietig word.

Dit is „die ontwaking van links terwyl die vrou langs die man verskyn en Eros met bloed, verraad en afstootlikheid die afstootlike onkunde van die verlede vir goed vernietig" (p.121). Hierby sluit Y se droom aan van die trein wat van Wes na Oos moet reis. Volgens Jung se Mysterium Coniunctis kom die weste ooreen met die vroulike beginsel en die ooste met die manlike beginsel (p.296); die regterkant kom insgelyks ooreen met die manlike beginsel en die linkerkant met die

vroulike beginsel (p.444). In sy geskrifte is die manlike of rasionele beginsel Logos en die vroulike, meer intuitiewe beginsel Eros. Dit word ook met die bewuste en die onbewuste geskakel. In Psychology and Alchemy sê Jung: „The left, the 'sinister' side, is the unconscious side. Therefore a leftward movement is equivalent to a movement in the direction of the unconscious, whereas a movement to the right is 'correct' and aims at consciousness" (p.127) en verder: „The way to the east probably points to the unconscious as an antipode" (p.187).

Om volledigheid of rondheid te bereik, is albei nodig: Logos en Eros, Wes en Oos, regs en links, die bewuste en die onbewuste, die manlike en die vroulike. Alle aanduidings is daar dat daar 'n oorwig aan die kant van die bewuste, Logos-beginsel is in ons beskawing in die algemeen, maar ook in Y tot op die stadium van sy 44e jaar.

Hy vra homself op 'n keer af: „sal ons drie saam na die ecclesia spiritualis soek? Ons drie in hierdie wêreld waar die Logos regeer? Sal die wêreld ons verlange na die vreemde Anthropos verstaan?" (p.73 - Anthropos is the spiritual, inner and complete man, p.293, Jung : The Archetypes and the Collective Unconscious). Maar ook in Y regeer die Logos, want in sy droom vertrek die trein van die Weste na die Ooste en dui dus 'n beweging na die onbewuste aan; tog beweeg Y Wés (p.75).

Die huisie waarin Y woon wat gebou is deur 'n homoseksuele argitek sluit hierby aan. In die sin wat manlik en vroulik in die boek gebruik word, sluit homoseksualiteit rondheid of volledigheid uit, omdat die homoseksueel nie sy teenoorgestelde soek nie. Hy bly dus vassteek in die bewuste, manlike een-sydigheid. In die Derde Oog sê Leroux: „... dat, verhewe bo die erotiese, heteroseksuele liefde gebaseer is op projeksie - die waarheid van die apokriewe, dat die vrou word soos die man, dat die teenoorgesteldes versoen word, dat die bewuste en die onbewuste verenig" (p.96 - 97). 'n Versoening word dus uitgesluit deur die homoseksualiteit.



Dit is weer eens 'n aanklag teen ons tyd en ons wêreld, want Y noem sy huisie die „skelet van ons tyd" (p.81), en verder praat hy van sy wêreld, in teenstelling met dié van die Rus, as „gesimboliseer deur die wit huisie, ontwerp deur my vriend die homoseksuele argitek" (p.17). Maar dit is ook spesifiek 'n huis wat Y verwerf en laat bou deur die opbrengste van sy skrywerskap. Die enigste verdere melding wat daar van die homoseksuele argitek gemaak word (afgesien van herhaalde verwysings na die ontwerp van die huisie), is wanneer Y sê dat hyself nog steeds onvolwasse is, volgens sy vriend die homoseksuele argitek. Dit beklemtoon die feit dat die vriend as 't ware as 'n mentor optree in Y se lewe, dat hy in 'n sin Y se lewenspatroon bepaal.

Dit sou waarskynlik moontlik wees om die homoseksuele argitek te sien as 'n „terugkerende karakter" op dieselfde wyse as wat die tuinier van die park dit is.

(In Die Mugu hoor ons van die tuinier van die parkie wat met groot konsentrasie blare en takkies wegvee en wat 'n Kremetart wil plant (p.18 - 20). In Sewe Dae by die Silbersteins vertel Jock vir Henry dat hy die ou man wat die permitte gee, in die Kaap gekry het. Daar was hy die opsigter in die tuin van 'n Katolieke kerkie. Aanvanklik het die ou man nog 'n kantoor vol plante gehad, maar later het hy belangstelling daarin verloor en die werk van die man wat die knoppies druk by die bottelary geëis. Op Henry se aanbeveling maak Jock hom 'n hulp met 'n pragtige uniform wat al sy griewe laat verdwyn. Henry dink aan dié uniform as „'n uniform vir die engele" (p.47, 48, 71, 89, 91, 102, 148). In 18-44 verskyn die tuinier weer, terug in die park, nog steeds kwaai, steeds trots op sy park, en ons hoor dat hy eers later in Welgevonden gaan werk het (p.38, 122).

Om terug te keer tot die homoseksuele argitek: In Die Eerste Lewe van Colet kom Johan Marais, 'n jong homoseksuele argitek uit die Kaap, kuier op die plaas van Colet se ouers.

Hy maak 'n geweldige indruk op Colet en is een van die bepalende invloede op Colet se geestesontwikkeling. Colet sou hom dan ook altyd onthou, al sou dit nie as persoon nie, maar eerder as invloed wees).

Y is dus self nie vry van eensydigheid en van ontvlugting van die lewenswerklikheid nie. Daarom beskou Y sy vernedering as noodsaaklik: „Met elke vuishou word die waarheid in my geslaan en met my gekastyde liggaam kry ek my wrede vader lief, verstaan ek die ongevoeligheid in die vier paar oë van vier vrouens wat met koue liefde verraderlik die noodsaaklike verminking aanskou" (p.118). Hy is dankbaar dat sy onvolwassenheid uit hom uit geslaan word: „My opregte dank aan die sterk boelies, die handige gorillas, wat die halsstarrige kind 'n dag voor sy verjaarsdag in die middeljarige man doodslaan. Slaan 'n kind hard genoeg dan word hy groot; gooi hom in die sloot, trap op sy kop, dan is hy dood" (p.119).

Hulle „swaai hulle vuiste ter wille van vernietiging en skepping" (p.118). Ter wille van beweging, van lewe, van groei is vernietiging dus noodsaaklik. Soos Louis Paul Boon in Vergeten Straat skryf: „Het ware niet meer om te leven, altijd en overal in de perfectie te moeten handelen en spreken en denken. Daarbij, het misverstand en de onvolmaaktheid, de langzame worsteling náár de volmaaktheid, dat is het leven. En de volmaaktheid zelf, dat is het einde, de dood" (p.110).

Ter wille van die lewe word sekere offers gevra. Dit is nooit maklik nie, ook nie vir die (oënskynlik) wrede een wat die offer bring nie. Die Kosak vernietig Y se paradys, maar nie sonder deernis nie; Y kyk in sy oë, „die sagte oë van 'n wrede god gevul met deernis" (p.116). Die Kosak en Y vernietig die Rus se paradys, maar weer eens nie sonder erbarming nie: „Wie van ons twee is in staat, die oomblik vóór geweld, om die Rus uit haar sonnige paradys te ruk?" (p.117). Y sê vir sy Walkure: „Spring!" soos die Joodse vader vir sy seuntjie gesê het en hom toe nie gevang het nie, om hom 'n les te

leer; soos Abraham bereid was om Isak te offer op bevel van God. Maar wat gebeur in Y, in die Joodse vader, in Abraham? Die Joodse seuntjie het homself nie verpletter nie, Isak is gered deur 'n Engel, maar Y „staan nakend en hulpeloos voor die lewe wat ambivalent is" (p.127).

Die offers gaan altyd gepaard met onwilligheid en met vrees en die aanvaarding is nooit volkome nie. Dit kán trouens nie volkome wees nie, want dit sou verdere groei uitsluit. In die eindelose strewe na eenheid, is daar „duisende wrakke langs die pad" (p.82).

\*\*\*

Y se tante rus oplaas in haar graf; sy Rus is met haar Kosak versoek tot die werklikheid van 'n burgerlike bestaan in 'n moderne stad; mej. X staak haar briewe en gaan die lewe tegemoet met 'n eie wysheid. Maar hy kon nie die Walkure met die lewe versoen nie en daar is daarom in homself ook 'n gedeelte wat die lewe nie kan aanvaar nie. „Dis die lemwond in my sy wat sal oorbly; die verraderlikheid van 'n enkele stukkie onvolkomenheid wat volkome integrasie onmoontlik maak" (p.130).

Volkome integrasie is nie moontlik nie, maar Y is op weg daarna. Dit word ook buite hom weerspieël; die landgoed van prinses Ira von Liebenstein is nie meer daar nie, want sy was op soek na 'n wêreld wat nie meer bestaan nie, „haar prentjie-boekkasteel word afgebreek sodat chroom, staal en glas studente van die toekomstige tegniese kollege kan inspireer" (p.132).

Y kyk ten slotte weer na 'n groep meisies soos hy aan die begin van die boek na meisies gekyk het; daar is sekere konstante elemente : dis telkens 'n groep meisies wat op een of ander wyse met die godsdiens skakel, hy kyk na hulle deur 'n verkyker en konsentreer telkens op een van hulle wat haar-

self deur haar gedrag uitsonder; elke keer skink hy daarna vir hom 'n whisky en soda. Daar is groot verskille tussen die twee gevalle. Teenoor die aanvanklike (p.15) „mistige aand" is daar die uiteindelijke „lig" (p.133); teenoor die elf nonne in nonnekleed, is daar die vrolike meisies in helderkleurige rokke; teenoor die esoteriese nimfe van God, die meisies op 'n intersektariese uitstappie ná die ekumeniese kongres van hulle genootskappe in die stad. Aanvanklik lig die elfde novise haar rok agter 'n rots, drie duim hoog om 'n klippie uit haar skoen te haal; uiteindelik is die sending-meisie se dytjies skaamteloos blootgestel in die lig.

Die verskille dui op die verskille in die wêreld van 1844 en 1945, maar ook in Y, in sy manier van kyk en reageer. Aanvanklik is sy hart „diep geraak, maar al wat hy kon doen, was om 'n whisky en soda te skink" (p.15). Uiteindelik skink hy weer 'n whisky en soda, maar hy tel ook sy pen op en begin „repareer aan die verminkte gawe van God" (p.133), en verdoop sy huisie na „Breidablick". Breidablick is die woning van Balder; volgens die Winkler Prins, was hy die wysste, mooiste en welsprekendste van die Oud-Skandinawiese gode. Hy toon ooreenkomste met die vrugbaarheidsgode soos Adonis en Osiris. Die essensiële verskil is egter dat hy in 'n nuwe wêreld herrys en nie in die ou wêreld nie.

Y moet ook in 'n nuwe wêreld herrys; hy kyk na die „nuwe bruide van God" en besluit dan om 'n boek te skryf vir die vier Marias by sy kruis op die strand. Met dié beeld skakel hy met Christus se kruisdood vanwaar Hy vir Sy Marias leiding en troos gebied het. Daarmee skakel hy ook met die gedagte van hergeboorte: God het toegelaat dat ons val van 'n staat van onbewuste, vanselfsprekende en eenderse perfeksie tot 'n staat waarin ons blootgestel is aan die sonde en die dood. Deur Christus se kruisdood is die moontlikheid vir ons geopen om die paradys weer eens te beërwe, maar dié keer deur 'n bewuste en skeppende aanvaarding van Christus.

Ook Y laat nie homself of sy Marias by die vernietiging van hulle paradys nie, hy sit ook nie passief en wag dat 'n nuwe wêreld uit die ruïnes van die ou wêreld moet verrys nie. Deur sy pen op te neem, deur sy ervarings skeppend te verwerk en nie alleen maar te ervaar nie, kan hy „repareer aan die verminkte gawe van God" in homself en in andere en kan hy die weg tot verlossing en versoening open.

\* \* \* \* \*

Een van die opvallendste aanduidings van die verskil tussen 18-44 en Isis Isis Isis .. is die feit dat die twee boeke in so 'n groot mate verskil wat hulle onderskeie stemmings betref. In 18-44 heers 'n besonder droefgeestige stemming terwyl Isis ... 'n vrolike boek genoem kan word.

In Aspekte van die Nuwe Prosa sê André P. Brink : „As daar 'n gebrek in die eksperimentele nuk van Sestig lê, sou ek sê dat dit 'n gebrek aan die lag is. Die eerste groot eksperimenteerder met die lag, Francois Rabelais, het bewys hoeveel in die mens onthul en selfs oopgebreek word deur die lag .... Picasso kan lag. Joyce lag. Die makabere van Faulkner word groots deur sy lag. En selfs die somber Beckett lag. In ons nuwe literatuur? Daar is die vlymskerp, ironiese glimlaggie van Etienne Leroux. Maar eintlik is dit net Breyten Breytenbach wat die bevrydende ekstase van die lag in ons jonger prosa ingedra het. Dáárvan sou mens meer wou sien - veral in 'n volk soos ons s'n, wat nog altyd deur sy onhebbelike Boerehumor gekenmerk was" (p.14 - 15).

Twee jaar na Brink se boek, nog in die Sestigerjare, verskyn Isis .. waarin daar weldeeglik sprake is van „die lag" waaroor hy dit het. Dit sou baie interessant wees om na te gaan waarom daar na aanleiding van 18-44 in hoofsaak net gepraat kan word van Leroux se „vlymskerp, ironiese glimlaggie" terwyl daar in Isis .. ook getuienis is van die „onhebbelike Boerehumor".



Dit is veral die vlak van die komieklikheid wat verskil: In 18-44 is die humor dikwels in fyn nuanses geleë en is dit gewoonlik van 'n gesofistikeerde aard; daarvan is daar ook sprake in Isis ..., maar dit te midde van heelwat voorbeelde van onverbloemde en ongesofistikeerde Boerehumor. Die snaakse is dikwels geleë in besondere growwe uitdrukkings wat gebruik word om plegtige of romantiese of ernstige situasies te beskryf. Sy vrou se selfmoord beskryf Y as volg: „Ek is .... 'n wewe-naar want my vrou het stert - omhoog in die oseaan verdwyn toe sy suksesvol selfmoord gepleeg het ..." (p.2). Die lugwaardin se mannekynstappie word beskryf as „'n ... swaai van haar lig-blou boude" (p.16); en na 'n besondere romantiese aand met Karin Manlichter, sterf Y die volgende môre stadig „van babalaas, liefde en angs" (p.58). Die rehabilitasie van Y se niggie, Bettie, beskryf hy as volg: „Sy het verbasend vinnig verslank en gou daardie figuur en sjarme teruggekry wat haar oorspronklik op die paal gesit het" (p.42). Y skryf met groot verontwaardiging oor die polisie se optrede teenoor betogers en is vol waardering vir die optrede van sy vriendin, want sy druk haar sigaretstompie dood „teen die pens van 'n volbloed-hings en 'n berede polisieman val sy gat af op die geskiedkundige strate van Londen" (p.82).

Die snaakse is dikwels in 18-44 geleë in besonder pynlike en gekompliseerde situasies soos in die „fassinerende driehoek-situasie" wat ontstaan het toe die knolskrywer en die krieketspeler saam besoek afgelê het by die Walkure in die hospitaal. Die satiriese siening van burgerlike partytjies, kon besonder komies gewees het, maar 'n mens se lag word getemper deur die feit dat dit alles gesien word teen die agtergrond van Y se angsvallige soeke na sy vrou. Op dié wyse ontlok 18-44 meestal 'n wrang lag, terwyl 'n mens dikwels onbevange en lekker kan lag in Isis ...

Dit hang alles saam met die groter bewoënheid wat die verteller teenoor sy vertelling openbaar in 18-44 enersyds, en die groter mate van objektivering in Isis ... andersyds. Die

bewoënhed van die verteller in 18-44 openbaar homself dikwels in uitroepe en retoriese vrae wat besonder wanhopig aandoen. Op 'n keer wonder Y : „Ek kōn 'n goeie skrywer gewees het: wat het .... wat het Jesus Christus met my aangevang?" (p.18, 18-44). Daar is ook 'n desperate inkantasie van vrae oor sy vermoëns en identiteit: „Maar die meer is halfvol, halfvol in my drome, en die vrees pak my beet: is daar genoeg, is daar genoeg van die geheimsinnige vloeibare kern om die verbrokkeling te herstel ..? (p.82); en „Wie is ons, mej. X? (p.99).

In Isis ... klink 'n soortgelyke opmerking oor sy skrywerskap baie saakliker en droër: „Ek is 'n knolskrywer, maar die Here weet, ek het al genoeg ondervinding opgedoen om my nie meer 'n knolskrywer te maak nie" (p.104). Y wonder ook dikwels of hy Isis sal vind en hoe hy haar sal ken, maar dit gewoonlik terwyl hy vir 250 pesetas na sy hotel voortsnel (p.18), 'n huurmotor rats vermy (p.20), of terwyl sy reisgesel vir hom dragmes in terme van dollars verduidelik (p.115).

Die objektivering in Isis .. hou natuurlik verband met die veruiterlikte patroon van die aanbieding. Die verhaal word as 't ware in die vorm van dagboekblaaie geskryf wat 'n sekere sistematisering tot gevolg het. Verder is die boek 'n parodie op die reisverhaal en die parodiërende veronderstel altyd 'n sekere afstand. Die hele soektog na Isis verloop verder hand aan hand met die Larousse - skema en die effense geforseerdheid van die soektog word beklemtoon.

Die wins van 'n reis is dikwels dat 'n mens dinge met die nuuskierige, maar onttrokke blik van die reisiger betrag. Eerste en vlugtige indrukke is volgens tradisie dikwels meer oppervlakkig, maar ook meer objektief en juis. Dit sluit egter 'n diepe betrokkenheid uit; die vroue, die gebeure, die plekke wissel so vinnig dat Y nie betrokke kán raak by hulle nie.

Die getal vroue in Isis... verminder die moontlikheid van betrokkenheid nog verder; in 18-44 is daar vier vroue, in Isis... dertien. Hy ken die vroue in Isis... nie so goed dat hy kennis kan dra van hulle verledes van lyding soos in 18-44 nie; en die verhoudings is nie van so 'n aard dat daar geleentheid ontstaan vir dieselfde vernederings, haat, beskuldiging en verwyte nie. 'n Driehoeksverhouding in Isis... (soos dié tussen Y, Karin Manlichter en haar Spaanse edelman) dra uit die aard van die saak by tot die opwinding en is nie 'n bron van vernedering en verdriet soos in 18-44 nie. In Isis... toon Y homself nie so wondbaar, verwaai en verlore as in 18-44 nie. Hy verwys dikwels in 18-44 na homself as 'n „mannetjie“; „onskadelijke mannetjie“ (p.27); „skrywers-mannetjie“ (p.48).

In Isis... is die tydelikheid van verhoudings, die onttrekkings 'n voorwaarde vir sy reis: „Êrens binne my begin iets tintel en ek is alreeds besig om my aan die ou vroutjie te onttrek - die eerste van al die onttrekkings van stad tot stad, van land tot land wat sou volg telkemale as ek nuwe wêrelde betree op my soektog na Isis“ (p.16). Daarteenoor beleef Y die tydelikheid van sy en mej. X se verhouding byvoorbeeld besonder smartlik in 18-44.

Daar is dikwels 'n element van simpatie in die wyse waarop Y in 18-44 na homself as jonger persoon kyk; hy sien homself in dié stadium wat hy 'n besef gekry het van die hopeloosheid van verhoudings, toe hy kennis gemaak het met weemoedige ontnugterings (p.42) en met die tydelikheid van geluk (p.46).

In Isis... kyk Y meestal terug op homself as 'n klein seuntjie met onvolledige insig en 'n benydenswaardige eenvoudige manier om die lewe te bejeën: „Ek slaap diep en sag soos ek geslaap het, jare gelede, in die Boland toe ek jonk was en die lewe 'n eenvoud gehad het in terme van lewensprobleme... 'n Slaap soos daardie jare toe donkerte vergetelheid was en lig 'n avontuur van verkenning“ (p.26-27).

In Isis... is daar 'n groter toespitsing op die aktualiteit; op Y se persoonlike aktualiteit onder andere. Hy verstrekk met groot noukeurigheid inligting aangaande die voorkoms van elkeen van sy hotelkamers, die weersomstandighede en die temperatuur en sekere eienaardigheidjies (vir hom) soos dat die koue krane in Spanje F gemerk word en die warm krane C. Y se aandag word verder in beslag geneem deur tydgenootlike verskynsels soos hippies en betogings. In 18-44 is daar 'n groter konsentrasie op Y se gedagtewêreld en word daar gevolglik baie meer van sy innerlike prysgegee - iets wat altyd die betrokkenheid van die verteller verhoog.

Nog 'n faktor wat veroorsaak dat die betrokkenheid van die leser minder is in Isis... is die eenvoudiger chronologie, daar is wel 'n sekere terugspel op Y se jeug en sy herinnerings aan Suid-Afrika, maar dit bly baie eenvoudiger as die legkaarttegniek van 18-44. Ons maak daarin mee hoe die vroue, die gebeure, die tye oor en oor in Y maal, steeds dwingender en hoe hy oor en oor probeer om hulle in verskillende kombinasies en patrone in te pas. Steeds in die hoop om hulle „tot sin en samehang te besweer" en steeds sonder sukses. Dit is een van die wyses waarop daar werklike meegevoel met Y se lot bewerkstellig word.

Dit wil natuurlik nie sê dat die leser heeltemal koud staan teenoor die gebeure in Isis... nie, en ook nie dat daar nie van dodelike erns sprake is in die boek nie. Die naas mekaar bestaan van erns en (skynbare) ligsinnigheid is juis een van die sjarmantste eienskappe van hierdie boek. Die vrolikheid word met 'n besondere doel aangewend; om saam met Ortega y Gasset te praat: "Were art to redeem man, it could do so only by saving him from the seriousness of life and restoring him to an unexpected boyishness. The symbol of art is seen again in the magic flute of the Great God Pan which makes the young goats frisk at the edge of the grove" (The Dehumanization of Art, p.46-47).

Reeds in die subtitel is die nonchalance én die erns aanwesig : Op „'n Storie van dertien vrouens", wat ligtelik en onambisieus genoeg klink, volg daar „en 'n reisbeskrywing na binne" wat dadelik 'n groter diepsinnigheid veronderstel.

Die „skadeloosstelling" het 'n onverwagte en luimige wending: „Alle karakters, in hemelsnaam, is denkbeeldig". Dit volg op die motto: „Ek is die dol hond / wat nooit genoeg kan kry nie / en ek word oorweldig deur / die water waarin my hart verdwyn..."

Dit is 'n aanhaling uit die boek self, uit die gedeelte oor sy besoek aan die Huerta, 'n ervaring wat met besondere erns beskryf word as 'n werklike beleving van die Osiris-verhaal: „En dis vir my asof ek, in hierdie grys skemerlig, as Osiris, my ontbinding en ontliggaming weer deurgaen, asof my hart weer in water opgelos word, asof ek weer die alchemistiese huwelik aangaan, asof my bewuste weer met die groot onbewuste verenig word, asof ek 'n begrip kry van geheimenisse, asof ek met die vrou verenig word, asof ek 'n esoteriese kennis bekom in hierdie amper sensuele samekoms waar ek deel word van hierdie meer....." (p.39).

Die enigste ander verwysing in die boek na die dol hond is waar Y te doen kry met Maryna, die dronk aktrise en hy dit noem dat sy die moeder van die dol hond in Richard III gespeel het (p.5). Daarmee word daar 'n moontlike ooreenkoms tussen Y en Richard III gesuggereer. Daar word herhaaldelik na Richard verwys as „die hond" en die water waardeur Y „oorweldig word", kan verwys na Clarence se droom (Richard III, 1.4.9-33) oor hoe Richard hom oorboord stamp en hy deur die water oorweldig word. Volgens E.A.J. Honigmann is hierdie droom van toepassing op Richard én op Clarence : „Clarence's dream, described by some as the play's poetic centre, is deservedly admired as, technically, a master-stroke of economy. It reflects ironically not only upon Clarence's imminent 'death by water' - or wine - but upon the values to which Richard so zestfully commits himself" (p.34, Introduction, Richard III).



Y se Europese reis skep ook die indruk van terloopsheid. Dit is asof dit toevallig so gekom het dat hy op reis gaan; teen die einde van die tweede hoofstuk van die boek sê Y: „In hierdie stadium speel ek met die redes vir my doodgewone besluit om weg te gaan" (p.8). Hy meld dan, tussen hakies, dat hy sy plek op 'n Boeing bespreek en 'n afslag vir 'n lente-ekskursie kry.

Dit is eers vir Mary-Jane Hudson wat hy sê dat hy reis met die doel om Isis te soek, en dit eers toe sy hom na die doel van sy reis vra (p.12). Na sy ontmoeting met Mary-Jane Hudson wonder Y: „Hoe sal ek Isis ken en in watter gedaante?" (p.18). Dit is met effense verbasing dat 'n mens sien dat Y Mary-Jane Hudson tel as een van die gedaantes van Isis (p.93). Dieselfde geld vir Bettie, sy gevalle niggie van die Boland; aanvanklik lyk haar verhaal net na 'n jeugherinnering, maar dan word ook sý bygereken as 'n faset van Isis.

Toe Y deur 'n toer weerhou word daarvan om 'n afspraak met Karin na te kom, vrees hy dat hy: „Karin Manlichter nooit weer sal sien nie en dat hier in Mallorca, Spanje, één van my ledemate vir ewig verlore gaan" (p.60). Hy tel Karin later wel by as een van die ledemate wat gevind is, want hy sien haar weer, al is dit nie op die manier waarop hy gehoop het om haar te sien nie.

Met Pamela lyk dit anders; toe sy dood is, sê Y: „Pamela is dood, maar is dit die dood van Pamela wat my ontstel - òf is dit die besef dat uit die veertien fragmente daar 'n gedeelte is wat nie gevind sal word nie?" (p.111). Nietemin tel hy haar by asof sy wel gevind is.

'n Mens wonder ook waarom die Engelse skropvrou nie getel word as een van Isis se ledemate nie. Y het wel nie 'n „sensuele ontmoeting" met haar nie, maar hy het dit ook nie met Mary-Jane Hudson gehad nie, en het ook vir haar net van Isis vertel.

Die indruk van nonchalance word versterk deur 'n sekere sorgeloosheid wat Y se houding teenoor sommige van sy feite betref. Op bladsy nege sê hy: „Einde April gaan ek aan boord van 'n Boeing...." Toe hy 'n dag of wat daarna in Spanje aankom, is dit „amper April" (p.19) en hy is die Paasnaweek in Spanje. Ek kon ook geen ander verklaring as onnoukeurigheid vind vir die feit dat Linda Lee, wat deurgaans in die boek so genoem word, in die Tempel van Aphaia skielik Peggy Lee word nie (p.129).

Daar bestaan 'n gevaar dat die ontmoetings met die verskillende vroue verbandloos en toevallig kan voorkom. Tog is daar heelwat bindinge tussen die onderskeie ontmoetings. Hy vergelyk die vroue en die ontmoetings met mekaar: Gloria is so oud soos Karin Manlichter (p.83) en soen, net soos Karin, soos Gretchen (p.86); hy reis na Aegina om „vieruur die middag en dis dieselfde tyd toe Linda Lee en ek per bus na die corrida de toros gery het" (p.122).

Op gegewe tye tel hy al die aspekte van Isis wat hulle tot op daardie stadium aan hom openbaar het en op gewyde oomblikke sluit die skimme van vorige vroue hulle by hom aan. Op dié wyse hou hy sy eie (en ons) herinnering aan die verskillende vroue lewendig.

Die ontmoetings verloop volgens 'n sekere patroon wat met variasies herhaal word: hy ontmoet hulle, beskryf hulle voorkoms, hulle vra mekaar uit, dans of eet saam, „karnuffel mekaar 'n bietjie met liefde" (p.89) en Y vertel hulle van Isis. Die vertél van die Isis-verhaal is 'n belangrike bindingselement: Y vertel telkens iets van die verhaal wat op sigself interessant is, maar vir die leser volg die vertellings 'n chronologiese patroon van ontmoeting tot ontmoeting. Die soeke na Isis vorm nog 'n belangriker binding, die hele reis en die ontmoetings met vroue word per slot van rekening gemotiveer deur Y se soektog na Isis. In elkeen van die ontmoetings word een of ander aspek van sy soektog openbaar en beklemtoon.

Die eerste vrou wat 'n faset van Isis sou wees, is 'n ou Amerikaanse vrouwtjie, omtrent tagtig jaar oud en 'n bedrewe reisiger. Sy vertoon tipies onvrou-eienskappe, soos haar begeerte om elke relaas van lyding te troef met iets uit haar eie veelbewoë lewe. Sy is geensins 'n romantiese wese nie en die idee dat die ontmoetings almal volgens tradisioneel-romantiese patroon gaan verloop, word uit die staanspoor die nek ingeslaan. Haar verskyning beklemtoon die paradoksale van die Isis-figuur; Mary-Jane Hudson sterf tydens die ontmoeting en wys Y daarop dat die sleutel tot die lewe dikwels in die dood lê.

Daarteenoor is die volgende Isis springlewendig - Linda Lee; uitbundig, hoogs Amerikaans en so pas geskei van haar derde man. Hulle vermaak hulleself op tipiese toeristemanier : in nagklubs, by stiergevegte en in parke. In hulle ontmoeting tree die sensuele sy van Y se soektog (om die krap te besweer) op die voorgrond.

Karin Manlichter herinner Y, op grond van die feit dat sy Duits is en dat sy 'n oënskynlike onskuld besit, aan Gretchen. Daardeur open haar verskyning die moontlikheid vir die Faust-parallel met die hele verjongingsidee en die idee van die Mephisto-verleier. Dis dan ook in Karin se geselskap wat Y die eerste keer die Neger, sy skaduwee, sien.

Myra Greenwell en Gloria in Excelsis swaai Y se soektog na die sosiaal-politieke strominge van ons tyd. Hulle lei hom in in die stryd teen kleur-vooroordeel, teen bourgeoisie, teen Fascisme, teen die Wirtschaftswunder. Isis kan ook vermom wees in die modeverskynsels van die twintigste eeu, in „revolutionêre op soek na ‚peak experience‘, ‚I-Thou‘, Satori, die transendentale god, die imago dei" (p.67). Die „A new formula will be found" - formule wat Y in lipstiffie op Gloria se kamermuur skryf (p.92), is maar net 'n ander uitdrukking vir die soektog na 'n lewende mite.

In hierdie begeerte om hoogs tydgenootlike verskynsels op te teken en te deurgrond, toon Y 'n verwantskap met Scott Fitzgerald. Van laasgenoemde word gesê: „The commonplace about Scott Fitzgerald is that he was 'the laureate' of the Jazz Age. If this means anything, it means that he was a kind of eulogistic fictional historian of the half dozen years following the first World War when there was such a marked change in American manners" (Arthur Mizener : „F. Scott Fitzgerald. The Poet of the Borrowed Time" opgeneem in Critiques and Essays on Modern Fiction (selected by John W. Aldridge), p.286).

Die ooreenkoms tussen Y en Scott Fitzgerald word onderstreep deur Y se ontmoeting met Mrs Scott-Finesse Immobile; hy ontmoet haar in die kroegie waar hy verneem na Scott Fitzgerald, Y verwys op 'n keer na haar as Mrs Scott-Immobile Fitzgerald (p.105) en sê van haar: „Mrs Scott-Finesse Immobile besef natuurlik instinktief dat daar groter dinge op die spel is as haar goddêm partytjies en dat ek nie Scott Fitzgerald is wat skoorvoetend seek om welgevalle in haar oë te vind nie" (p.105).

Yvette van Antibes se aanspraak op Isis-skap is veral op grond van haar jeugdige onskuld en suiwerheid. Sy is agtien en herinner Y aan „mej. X wat destyds in Suid-Afrika vir my geskryf het en ook agtien was soos Yvette" (p.97). Vir Y is sy „Yvette! Yvette! Yvette! Mej. X van drie jaar gelede" (p.99). Y se verbintenis met Yvette bring 'n aanmaning van die dood toe sy haar motor tot stilstand bring op 'n spoorroorgang. Die motor is vernietig; hulle albei het die dood net-net vrygespring en Y het 'n ruk lank gedink dat Yvette wel dood is.

Wat in die geval van Yvette 'n aanmaning was, word 'n werklikheid toe Pamela voor Y se oë doodgery word. Oor Brunhilde, die Germaanse hoer, spreek Y die doodsvonnis uit deur middel van die Tarot-kaarte. Sy bevestig dié vonnis deur te begin huil en te sê dat haar dokter vir haar gesê het dat sy gaan sterf. Met dié twee ontmoetings in Rome tree die dood op die voorgrond.

Die ervarings is verder betekenisvol omdat albei die vroue absoluut on-Romeins is : Brunhilde is Germaans en Pamela is Suid-Afrikaans; het Y se boeke gelees, kom van De Doorns en weet dus van Bettie, „die mal hoer van Hoogstraat" (p.109).

Y se herinneringe aan Bettie het in 'n toenemende mate op die voorgrond getree totdat dit uiteindelik letterlik deel van sy ervarings word, sodat een van die vroue die verhaal van Bettie ken. Bettie is miskien die vrugbaarste verskyningsvorm van Isis; haar verhaal het nuanses en fasette wat gelyk is aan en selfs meer is as elkeen van Y se Europese ervarings. Y se verhouding met Myra Greenwell oor die kleurgrens sou vir Bettie byvoorbeeld niks vreemd gewees het nie; sy het trouens lank voor hom, in die dertigerjare reeds, so 'n verhouding gehad.

So is dit met Y se soektog gesteld in die voor-Griekelandse stadium.

\*\*\*

Daar is verskillende wyses waarop Y sy soektog sien. Soms is hy die „homme du monde" wat sê: „Ek raak grootmoedig dronk op rieslings, cabernets, late harvest plaaslik, en claret premier cru ingevoer, terwyl ek die hoofkelner my **siniese** slaaf maak met kwistige fooitjies" (p.4). Hy vertrek na Europa „op soek na skoonheid, seks en singenot" (p.65) en baan sy weg deur deftige hotelle met behulp van prinslike fooitjies.

Y is „stukkend" geslaan deur die man van sy gewese minnares en sy vrou is pas dood. Hy is dus taamlik ontredde wat sy persoonlike lewe betref en dit sal hom goed doen om 'n bietjie weg te kom. Hy beplan „veertien sensuele ontmoetings" (p.66) en daar is die verdere wins dat hy na dit alles sy



„voorbeeldige" lewe in Suid-Afrika kan voortsit sonder dat enige haan daarna sal kraai. So gesien, vlieg Y van ervaring tot ervaring en vrou tot vrou.

Dit is egter vroeg reeds duidelik dat Y nie sy soektog of sy herstel altyd as so eenvoudig beskou nie. Op bladsy drie sê hy reeds: „My siel is in repies en ek lê in veertien stukke verstrooi oor die oseane" (my kursivering). In die eerste hoofstuk lig hy ons reeds in oor die veelvuldige rolle wat Isis kan speel; sy is wel soms die vroue wat hy op sy reis teëkom: „soms is sy Linda Lee van Westwood, Massachusetts, wat saam met my olé skreeu by 'n corrida in Madrid; soms is sy 'n tiener wat dans voor 'n glasdeur van die Hotel Impérial in Antibes; soms is sy Yvette...." (p.1). Maar in dieselfde sin noem hy ook die ander sy van Isis: „soms is sy die moeder van die Heiland;<sup>1)</sup> soms is sy die aarde; soms is sy die dood; soms is sy die dou op die blomme; soms is sy die vog wat alles wat geskei is, oplos en verenig in haar klammigheid; soms is sy die oseaan..."

Haar beeld spook by hom, hy sien haar as 'n bron van misterie, maar ook van wysheid: „Ek sien haar in my drome leun teen 'n sfinks van kosmiese vrae; ek sien haar dans oor 'n vloer van wit en swart teëls; ek sien haar met 'n boek in haar hand besig om goue waarhede vir my te lees; ek sien haar met silwersleutels die geheime van die maan ontsluit..." (p.3-4). Hierdie beeld van Isis toon ooreenkomste met die beskrywing wat A Dictionary of Symbols van die tweede enigma van die Tarot-kaarte, „The Great Priestess", gee.

Daarvan word gesê: „The second enigma of the Tarot, representing Isis as the goddess of the night. She is seated,

---

1) Madame Blavatsky wys in The Secret Doctrine Volume II op die ooreenkomste tussen Isis en Moeder Maria; albei is deur Matrose as „ster van die see" aanbid, na albei word daar soms verwys as „die Maagd" of „Mater Dolorosa".

holding a half-opened book in her right hand and two keys in her left, one of which is golden (signifying the sun, the word, or reason) and the other silver (the moon or imagination)... She is leaning against the sphinx of the great cosmic questions, and the floor, being composed of alternate white and black tiles, denotes that everything in existence is subject to the laws of chance and of opposites" (p.127).

Hy sê ook van Isis: „die een wat soms my suster, soms my moeder, soms 'n hoer is van Tirus, met die duisend name..." (p.8). Aan die Neger vertel hy van Isis: „dat sy die argetipe is van die Grootmoeder, dat in haar die objektiewe waarheid van die natuur verewig is, dat sy 'n heks is, 'n godin en dat sy 'n soort mana-persoonlikheid is wat multiplisiteit kan begryp, dat sy die wysheid besit om byeen te bring, dat sy in staat is om 'n sintese te vind tussen fragmentasie en eenheid" (p.63).

Isis doen haarself ook onder ander name voor. Soms is sy, soos reeds gesê, die Moeder van die Heiland; soms is sy „Isjtar in Babilonië, Astarte in Fenicië, Demeter in Griekeland" (p.41). Sy word gelykgestel aan Artemis (p.120) en aan Gretchen (p.52) én Helena (p.114) van die Faust-verhaal.

Om Isis te vind en te verstaan, is die taak van 'n held. Y kan dalk een van die helde wees wat volgens Shulamite miskien nog leef. Sy reis toon ooreenkomste met die heldemites: sy herkoms is vaag, want hy sê op bladsy twee „Ek het geen ouers nie" (nie: my ouers is dood nie). Y reis, soos ander helde, na 'n vreemde gebied waar hy sekere oorwinnings moet behaal sodat hy na sy eie land of wêreld kan terugkeer met bonatuurlike magte en skatte.

Die mag waarmee Y wil terugkeer, is die vermoë om vir al die vroue geluk en ellende te beloof en die skat is Isis, die vrou. Volgens Campbell is die vrou die grootste skat wat die held kan vind: „Woman, in the picture language of mythology,

represents the totality of what can be known. The hero is the one who comes to know. As he progresses in the slow initiation which is life, the form of the goddess undergoes for him a series of transfigurations... She lures, she guides, she bids him burst his fetters, and if he can match her import, the two the knower and the known, will be released from every limitation. Woman is the guide to the sublime acme of sensuous adventure. By deficient eyes she is reduced to inferior states, by the evil eye of ignorance she is spellbound to banality and ugliness. But she is redeemed by the eyes of understanding. The hero who can take her as she is ... is potentially the king, the incarnate god of her created world" (p.116).

Y beskou die reis nie net as 'n taak nie, maar ook as 'n genesing. Hy is siek, soos gode en konings voor hom. Y praat van sy „beroemde voorgangers": „Dionysus en Osiris, om maar twee te noem. Asook die siek koning van die Graal-legendes" (p.8).

Dionysus en Osiris is albei van die sogenaamde vrugbaarheidsgode wat sterf en op een of ander manier herleef. Soos die siek koning van die Graal-legendes, is Y siek en is sy hele koninkryk onvrugbaar. In sy geval beteken dit 'n soort artistieke steriliteit; hy sê vir die Neger „... dat ek slegs deur bemiddeling van Isis my tydelike steriliteit sal verloor en weer vrugbaar word" (p.63). Van sy gesprek met Myra Greenwell sê hy: „Ek vertel haar dat my skeppende krag uitgeput is en dat ek dood is en dat ek oor die oseane versprei is" (p.66).

Y se reis kan dus gesien word as 'n "redemptive quest". Oor dié soort reis skryf Marie Whitaker as volg: „Now the mediaeval journey is not so much a trip in search of happiness as a redemptive quest. This purpose becomes more and more apparent as the mediaeval novel gradually centres on a theme - which gives it a religious significance and connects it with

the whole perspective of the Fall and the Redemption - namely the Holy Grail theme connected with that of the Waste Land which owns its present fame to its use by T.S. Eliot" („The Novel and Time" Standpunte XIX).

Die hergeboorte of transformasie wat Y in gedagte het, het definitief 'n religieuse konnotasie. Hy stel dit meer as eenmaal eksplisiet; op bladsy sewe verduidelik hy dit so: "... die menslike draer van die ewige misteries is opgeneem in die misterieuse drama van God se inkarnasie. God is die produk van die makrokosmos; die God-mens kom uit die baarmoeder van die mikrokosmos. Die gees van God het homself in die vlees geopenbaar en elkeen van ons is potensieel in staat om in die kleinste die mistieke drama van hergeboorte te ervaar" (p.7). Elders stel hy dit so: „Ruach Elohim, die gees van God, het gemeenskap met die gedeelte wat vrou en maagdelikheid en aardsheid en massa confusa is en sproei sy saad sodat die embryo van die Seun van God in die liggaam verskyn en die God-mens gebore word. Die woord word vlees en die God-mens verskyn... Ons as menslike draers van die misterie het deel in die misterieuse drama van God se inkarnasie" (p.47).

Op bladsy 64 sê Y van sy soektog: „Dis 'n alchemistiese reis" en daar is deurgaans in die boek sprake van alchemistiese terminologie; dit is heeltemal versoenbaar met die godsdienstige motief. Die meeste ondersoekers is dit eens dat die alchemistiese proses 'n simboliese proses was : "It was essentially a symbolic process involving the endeavour to make gold, regarded as the symbol of illumination and salvation" (p.6, A Dictionary of Symbols).

Y stel dit ook heel duidelik: „Êrens is daar goud, die koning van alle metale, vasgevang in die steengroewe van die tyd, gemeenplasing gemaak deur die banaliteit van ons bestaan. Die pneuma moet vrygelaat word uit hierdie banale omhulsel van die vlees. Want hierdie wêreld bestaan as die

vieslike aarde, 'n gevangenis waarin die gees spartel om vrygelaat te word. Chrisopee is nog steeds 'n edele proses" (p.7).

Die stadiums van Y se siekte kan in alchemistiese terminologie uitgedruk word: hy is verbrokkel (putrefactio); word opgelos (solutio) en hoop op die uiteindelijke samebringende en versoening met Isis (coniunctio oppisotorum). Hy sê dit self: „Ek vertel hom dat ek Osiris is en dat in my ontliggaming ek 'n solutio de putrefactio moet ondergaan" (p.46) en later: „Ná disjunctio volg die mistieke conjunctio" (p.41).

Vir enige transformasie of herlewing is die dood van die ou vorm 'n voorwaarde;<sup>1)</sup> Y besef dit: „Die ou liggaam moet sterf. Die koning moet ontbind word. En die ou, dronk jong koning kry meteens 'n maniese begrip van ontbinding" (p.7). Vandaar sy gefassineerdheid met die dood wat hy telkens noem (p.89, p.111, p.88). Een van Isis se verskyningsvorme is die dood (p.1) en dit speel 'n groot rol in sy ontmoetings met die vroue. Hy heg ook groot waarde aan die stiergeveg synde 'n „drama van lewe en dood" (p.31).

Y se transformasie of verjonging word nie altyd in 'n geestelike lig beskou nie. Daar is definitiewe sprake van 'n doodgewone verjongingskuur waarin sy „miskende instinkte" hoogty vier. Daarom dien die Faust-droom, terwyl Y met Karin dans, eintlik as 'n waarskuwing, want soos Jung sê, sien ons in Faust I: „the transformation of an earnest scholar,

---

1) Van die Dood-enigma van die Tarotkaarte word gesê: "Everything in this enigma-card tends to ambivalence, underlining the fact that if life is, in itself, closely bound up with death ... death is also the source of life - and not only of spiritual life but of the resurrection of matter as well. One must resign oneself to dying in a dark prison in order to find rebirth in light and clarity" (p.74, A Dictionary of Symbols).



through his pact with the devil, into a wordly cavalier and crooked careerist" (p.351, Mysterium Coniunctis). Y besluit dan ook later: „Ek sal nie my siel vir 'n beloning van vier-en-twintig goeie jare verkoop nie" (p.70).

Ten spyte van die feit dat Y se reis en soektog homself in so 'n hoë mate in die buite-werklikheid voltrek, beklemtoon Y die feit dat dit alles eintlik in homself moet plaasvind. Hy noem sy verhaal „'n reisbeskrywing na binne", hy sal soos die vrou binne-in homself moet word (p.8), hy verkoop sy siel aan die duiwel in homself (p.54).

\*\*\*

Die reis en die alchemistiese soektog kan as prosesse in persoonlikheidsontwikkeling gesien word. Progoff sê dat die alchemie in Jungiaanse terme gesien kan word as "the transformation of the personality through the merging and binding together of the noble and base elements, the conscious and the unconscious" (p.154, Jung's Psychology and its Social Meaning). Van die reis sê Progoff in dieselfde boek: „The journey itself is an archetypal representation of the course of struggle over which the soul must pass in reaching self-realization. The obstacles on the way ... are part of the pattern of initiation by which the soul is tested before it is allowed to see through to the realities of life" (p.244).

Dit bring ons by al die verwysings na die kollektiewe onbewuste, anima, skaduwee ensomeer, wat alles verband hou met Jung se siening van die proses van individuasie of persoonlikheidsontwikkeling. So gesien kan Y se verbokkeling beteken dat sy persoonlikheid in sy verskillende fasette ontbind het en nie 'n geïntegreerde eenheid vorm nie; hy het rigting verloor. Y sê op 'n keer: „Ek probeer aan hom verduidelik dat as mens oorweldig word deur die onbewuste, deur kwelgedagtes oor die vrou, dit 'n vorm is van ontliggaming, van multiplisiteit en chaos..." (p.41).

Volgens A Dictionary of Symbols is multiplisiteit altyd 'n gevaarteken: „If the image of the circle is taken to express the relationship between unity and multiplicity, then the centre corresponds to unity and the outer circumference or rim relates to multiplicity ... Jung has corroborated this principle from the psychologist's point of view, observing that multiplicity is always regressive in character, and recalling that when the protagonist of the Hypnerotomachia Poliphili appears surrounded by a bevy of women, this is an indication of the nature of the unconscious - but of the unconscious revealed as in a state of fragmentation ... a situation in which man's inner wholeness is torn to shreds. This is something which greatly concerned the alchemists, and one part of their work was directed to transforming the volatile (or the transitory and multiple) into the fixed (the stable, or the unified) ... the totality of the individual has no value until it has become transmuted .... so that ultimately he may be transformed into an image of the One and so be assimilated into the eternal principle" (p.212).

Hierdie integrasie moet geskied met behulp van Isis: „Ek vertel hom ... dat die saambring en die oplossing die alchemistiese huwelik is wat plaasvind sodat die vrou en die man, die onbewuste en die bewuste, die instink en die rede versoen word en dat in hierdie samekoms 'n bevrugting plaasvind sodat die embrio te voorskyn kom, die homunculus en die lapis" (Isis..., p.46).

Y verduidelik dan voorts: „Die lapis... is die simbool van die self. Uit die solutio, uit die ontbinding en die vereniging, word iets nuuts gebore, vind 'n transformasie plaas, meer as 'n hernuwing - 'n opgaan tot 'n hoër natuur, die vonds van die filosoof se goud" (p.47).

As Y sou slaag in hierdie proses van integrasie, sou dit hom dus nie alleen genees nie, maar hom ook tot wonderlike krag in staat stel: „Ek vertel haar dat ek op 'n alchemistiese reis is en dat ek, as koning, 'n draer van 'n nuwe mite is mits

ek Isis, my bruid, kan vind..... dat ek wag op die mantel van goud wat oor my sal daal. Ek vertel haar dat ek 'n beliggaming van die pneuma sal word en dat 'n rooi kroon op my hoof sal gloei." (p.66).

Die siening van Isis as 'n soort mana-persoonlikheid, as soms 'n hoer, soms 'n heilige, soms sy moeder, soms sy suster is heeltemal versoenbaar met die verwikkeldheid van die anima-figuur. Dit is egter nie alleen Isis wat Y moet vind en verstaan nie, maar ook Set, sy vyand of skaduwee. Hy praat op 'n keer van „die driehoek: die skaduwee, die anima en myself" (p.55). Hy vertel ook vir die Neger dat hy probleme met sy vyand, sy broer Set, sy skaduwee het wat gedurig aan sy sy is. Hy sê: „Ek probeer die kollektiewe onbewuste assimileer en ek het Isis sowel as Set nodig om my te laat verstaan. Maar Isis en Set is ewig in stryd met mekaar" (p.64).

Volgens Jung is die skaduwee deel van 'n mens, maar dit is goed om dié deel te personifieer; sodoende kry 'n mens 'n groter afstand en kan 'n mens hom ook beter leer ken en helderder sien. Y se skaduwee het mens geword in die liggaam van die ses voet-sewe duim Neger, Joseph Gladstone Washington O'Hara. Die skaduwee is gewoonlik die teenoorgestelde van die bewuste persoonlikheid en die Neger is in baie opsigte die teenoorgestelde van Y: hy is beroemder en sterker as Y (hy is wêreldberoemd en Y is 'n knol); hy is langer as Y; Y is wit en hy is swart. Dit is in reaksie teenoor sy banale siening van Isis wat Y haar verhewe betekenis verdedig en dit is in sy geselskap wat Y besef dat Griekeland nog altyd sy uiteindelijke bestemming was (p.67). Hy dwing Y dus tot selfkennis.

As gevolg van die kleur van die Neger, sien Y hom ook as 'n stadium in die alchemistiese proses; die „nigredo" wat ooreenkom met die stadium van dood. Jung sê in dié verband: „The nigredo not only brought decay, suffering, death and the torments of hell visibly before the eyes of the alchemist,

it also cast the shadow of its melancholy over his own solitary soul" (p.350, Mysterium Coniunctis). In Y se woorde klink dit so: „Die pikswart Neger, my skaduwee, is somber langs my met die negredo van kollektiewe Afrika 'n ontstellende teenwoordigheid in hierdie helder verligte strate van Parys. Ek weet! Ek weet! want ek is die wit Neger van Afrika, die albino van die donker kontinent en ek begryp net soos hy die wese van chaos, die amorfe solutio en putrefactio" (p.69).

\*\*\*

In die leer-ken van sy anima en sy skaduwee het die mens gewoonlik sekere wegwysers, begeleiers of „wise old man" - figure. Ook Y onderneem sy reis nie alleen nie. Die Spaanse priester wat, net soos die Neger „enorm" is (6'2"), sluit hom dikwels by Y aan. Hy is „die goedheid self", „glimlag bly en onskuldig" en is besonder geduldig. Hy wys Y rond en beveel besienswaardige plekke aan. Wat Y se geestelike soektog betref, het hy nie so veel te sê nie: Y palm hom veral as bievader in en hy moet luister wat Y te sê het. Hy het tóg 'n groter begrip wat die betekenis van Y se soektog betref as die ander karakters, want hy sê: „You are looking for Isis as if you are looking for God" (p.40).

Y voel homself nie juis geroepe om na die priester te luister nie, want, sê hy: „Met 'n gevoel van hipertrofie kyk ek oor die skouer van die bewegende priester en in my egotisme glo ek dat hy my niks van betekenis kan vertel nie - presies soos ek gevoel het daardie aand toe my estetiese oom dik, vet Bettie gedwing het om saam met ons tussen die blomme te stap en te luister na sy lewensfilosofie wat Bettie, terloops, gered het en my met weersin vervul het" (p.41).

Dit is nie toevallig nie dat hy sy oom in dié verband noem. In 'n sekere sin het elkeen van sy ooms vir hom 'n voorbeeld gestel wat hy kan navolg of verwerp. Die besondere skoonheidsdwepery en romantiese aanvaarding van die lewe wat sy estetiese oom se lewenshouding was, het Y

reeds vroeg in sy lewe al as sotterny beskou (p.42).

Hy verwerp ook sy fascistiese oom; hy dra hom nie eers op aan die genade van die Virgen de los Desemperados nie, maar wel aan 'n wêreldse oordeel (p.46).

Dit is Y se ander oom, die een wat hy self as sy „onbelangrike” of „niksbeduidende” oom bestempel (p.100) wat hom die meeste interesseer en met wie hy hom in die grootste mate identifiseer. Die oom het slegs liefde in sy hart gehad, was goedhartig en is uiteraard as die swakkeling in die familie beskou (p.84). Nie een van die familie kon enigiets onthou wat die doodgoeie oom gedoen het in sy lewe nie en tog was sy dood en begrafnis besonder betekenisvol.

Hy het eerstens geweier om in De Doorns begrawe te word en het die familie gedwing om die Swartbergpas en die dood te trotseer om by die gewensde Prins Albert uit te kom. Toe hulle die oom in sy kis besigtig het, het hy so gelyk: „... die boonste helfte van die deksel is oop en openbaar my doodgoeie oom dood met die aangesig van 'n Heilige ... die wasbleek gelaat is die gelaat van 'n dooie ridder van Spanje, terug van 'n Kruistog”(p.88).

Die dood van Y se oom het ook andere tot vreemde gedrag gedryf. In die preek van die dominee wat die begrafnisrede gevoer het, het die Oom 'n voorbeeld van Job geword: „My onskuldige oom, wat die Here weet, net wou lewe en sterf, het meteens 'n voorbeeld geword uit Job ... My oorlede, dooie, onskuldige oom het meteens, teksgewyse, 'n toonbeeld geword van die mens gemartel met die vraagstuk van lewe en dood, goed en kwaad” (p.89).

Om alles te kroon het die Oom nog ook groot eerbetoen vanuit die lokasie ontvang; want die aand van sy begrafnis het die klokke van die lokasie se kerke spesiaal vir Y se oom gelui: „Dêmit! Dit was só snaaks daardie aand, want ál die klokke van die lokasie begin lui en my onbelangrike oom was



nie eers 'n vryheidsvegter, 'n aktivis, 'n Bolsjie, 'n liberalis of 'n progressief nie" (p.100).

'n Mens tref dit dikwels in Leroux se boeke aan dat 'n neutrale persoon wat net „wou lewe en sterf" op een of ander wyse deur die lewe gedwing word om Jobvrae te stel.<sup>1)</sup> In hierdie geval word die Oom in sy dood daartoe gedwing. Y verskil van hulle almal in dié opsig dat hy besluit het om op die Kruistog te gaan, dat hy die vrae uit eie beweging begin stel het: „'n Knol wat eendag, in sy wit huisie by die see, besluit het om die deur oop te sluit en die sirkelgang na bó aan te durf. Y kan hom ook identifiseer met sy oom, omdat albei van hulle tussen sublimiteit en belaglikheid slinger. Y wys vir Gloria die Zero, Le Mat, „die bleddie fool" van die Tarot-kaarte om sy oom te beskryf: „Ek het die Tarot-pak van Marseille en dáár is die dwaas, 'n bot en onnossele stommerik" (p.90).

Maar dieselfde kaart word in 'n ander pak anders geteken; in Waite se pak kaarte loop hy met 'n roos in sy hand oor die afgrond en word baie meer vleierend beskryf: „'His countenance is full of intelligence and expectant dream...' en verder: „'He is everyman, born into the world not in entire forgetfulness'" (p.90).

(In The Swanee Review, Winter 1969 p.122 verskyn 'n artikel van Kathleen Raine, „The Tarot and the Golden Dawn", waarin Yeats en Waite se verbintenis met The Order of the Golden Dawn bespreek word. A.E. Waite het 'n Tarot-pak ontwerp waarin Le Mat (The Fool) beskryf word met die voorafgaande aanhalings).

Leroux en Y het voorsorg gemaak dat die leser die belangrike rol wat die Tarot-kaarte in die boek speel, besef. Op

---

1) Daar is reeds daarop gewys hoe Henry of Demosthenes H. de Goede of Gysbrecht Edelhart 'n soektog optou sit wat vir hulle na 'n doodgewone soektog lyk en dat dié soektog dan, byna teen hulle begeerte in, ander dimensies kry sodat hulle uiteindelik ook gemartel word met die vrae wat Job gekwel het.

die stofomslag is 12 van die kaarte afgebeeld en Leroux wys ook op die verbintenis wat daar aan te toon is tussen die Tarot en die Kabbala, die mitologie en die Kollektiewe Onbewuste. Y praat ook van „esoteriese simbole" en „argetipiese beelde" (p.71).

Jung sê oor die kaarte: „Tarot cards are descendants of the archetypes of transformation. These are not personalities but rather typical situations, places, ways that symbolize the kind of change. They are genuine and true symbols that cannot be taken as allegories - they are ambiguous, inexhaustible (The Integration of the Personality).

In The Tarot Revealed sê Gray: "They comprise a psychological study of man in his relationship to the world of the spirit and to the physical world. Their symbolism is a type of shorthand for metaphysics and mysticism:... Each card represents a distinct principle, law, power or element in Nature. The designs on the cards also illuminate the life of man, his joys and sorrows, hopes and despairs. They further indicate his search for the wisdom which enables him to control his passions and help in his transition to higher spheres, where he enters into the things of the spirit" (p.145).

Dit is dan ook kenmerkend van die wyse waarop Y sy reis en sy soektog aanpak, dat hy die ingewikkeldheid en die enorme betekenis van die kaarte besef en dit nietemin waag om ligtelik en met die hande van 'n charlatan daarmee te speel.

Dit gaan alles saam met 'n siening van die lewe as ambivalent en tweeledig, soos dit ook die geval was by 18-44. Die vereniging van Osiris en Isis is nie alleen die vereniging van teenoorgesteldes nie, maar dit geskied ook op 'n paradoksale wyse: „Ek sien myself as die son en ek sien haar as die maan en ek sien hoe ons mekaar omhels en in die omhelsing mekaar vernietig en leegmaak. Ek sien ons as die draak en die tier wat die maan en die son verslind sodat in die groot donkerste net 'n flentertjie van die maan en die flouheid van 'n dooie son deur die ruimtes beweeg" (p.1).

Ook Linda Lee sien dit so : „Ná my drie mans begryp ek dat ek soos die maan is wat my moet oorgee aan die son, dat ek myself moet uitstort in die son, die man, dat ek myself moet uitwis vir hom ... dat ek 'n soort vervulling moet vind terwyl ek self vernietig word" (p.26).

Y antwoord haar dan: „Jin en Jang ... Die tier en die draak. Die draak braak die vuur vir die tier en die tier word vervul met die gees van die draak" (p.26). En daarmee is ons terug by die Jin-Jang-teenoorgesteldes wat so 'n groot rol in 18-44 speel.

\*\*\*

Y word gekwel deur Gemini-vrae (p.4) en die Gemini-mite is ook 'n simbool van hierdie tweeledigheid. In A Dictionary of Symbols word dit as volg verduidelik: „Marius Schneider has made a profound study of the Gemini-myth in megalithic culture, showing that it has two tendencies, one white and the other black; one creates, the other destroys, both these characteristics are indicated by the arms of each of the Twins, which, in landscape symbolism, are identical with the river of youth and the river of death" (p.111).

Die mens het 'n goddelike en 'n menslike sy, want hy is die produk van die seuns van God en die dogters van die mens. In Gen. 6 : 1-2 lees ons dit : „Toe die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is, sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het".

Y is bewus van hierdie twee sye: „Ek kry visioene van Isis en Osiris, Apollo en Artemis, van die lewe en die dood, die dag en die nag - die gedurige kontrabalans tussen die onsterflike siel wat ek van my hemelse vader geërf het en die sterflike gedeelte gelaat deur my aardse moeder. Ek ervaar 'n lewensbeginsel van tweeledigheid waar die bese en die goeie as natuurvyande die ewewig van gedurige stryd bewaar" (p.4).

Ook die menslike psige toon hierdie kompleksiteit en word gekenmerk deur teenoorgesteldes. Van die reis oor die Swartberg sê Y: „In jou reis het jy die teenoorgesteldes ervaar wat deel is van die menslike psige: gevaar aan weerskante - gevaar aan die kant van Oudtshoorn en die beplanning en die nette patroon van die menslike verstand. Aan die ander kant, kronkelend, loodreg af na die Karoo en Prins Albert, alles wat ongevorm en voorwêreldlik en gevaarlik is" (p.86).

Y voel dan ook dat 'n oorvereenvoudiging neerkom op 'n miskenning van die lewe en die dood (p.32). Daarom kan hy nie hoop op eenvoudige antwoorde nie. Hy soek Isis om hom van sy warhoofdigheid te genees, maar sy is die beliggaming van teenstrydighede. Wanneer Pamela vir hom deernis aanbied, is hy nie tevrede nie, want: „Deernis is maar net één van die aspekte van Isis. Aan die teenoorgestelde kant is daar ook die vyandskap teen seks en die man..." (p.110).

Ook vir Karin Manlichter vind Y te eensydig: „Ek sien Karin, ... as iemand so onskuldig soos my oorlede Teutoonse vrou - 'n ware engel, maar ek soek Isis, wat verraderlikheid kan begryp en my 'n insig kan gee in haar geheime" (p.55). Y voel dat Isis kontradiksies moet kan begryp en daarom vind hy die Virgen de los Desemperados 'n ware Isis: „ek weet dat Sy kontradiksies kan begryp want hulle dra Haar deur die strate gedurende feestye sowel as tye van rou" (p.44).

Reeds in die mitologiese verhale is die paradoksale aanwesig; Y sê dat Isis en Set gedurig in stryd met mekaar is (p.64), maar hy noem dit dat daar ook 'n ander legende is wat vertel dat Isis jammer en lief vir Set was (p.77). Larousse bevestig albei die verhale (p.19). Y vertel vir Gloria dat Set in sekere mites 'n positiewe waarde kry, o.a. by koning Sethi vanouds (p.290). Volgens Larousse het Koning Seti homself die "Beloved of Set" genoem (p.20).

Y sê dat daar 'n raserny in hom is om die lewe te verstaan (p.6); om dit te doen, moet hy die wêreld soos dit nou geword het, waarneem. Hy dink by geleentheid: „ons moet... die elikser van die lewe vind in die verskriklike waarheid van ons alledaagse wêreld, die vreeslike enigmas weggesteek agter die sosiale en politieke probleme van ons tyd" (p.70).

\*\*\*

Y kyk met groot belangstelling na minirokke, hippies, betogings en die hedendaagse tempo, die „nuwe ritme waar die einde gou moet wees" (p.14). Y staan nie net as waarnemer buite dit alles nie; hy dans saam "soul" in 'n diskoteek onder ultra-violet ligte; hy doen mee aan 'n betoging; probeer om te verstaan wat daar steek in die protes van die jeugdiges.

Hy slaag dan ook daarin om deel van hulle wêreld te word, want toe hy vir Gloria die onderstebostelling van waardes verduidelik, is sy verheug: „Gloria druk my stywer teen haar aan want ek het warkoppig onverstaanbaar iets begryp wat Rooi Daan in ander woorde stel. Hierdie ton-ton word deel van haar twintigertoorn en -hartstog..." (p.90).

Y ontken dat daar enige sosiaal-politieke betekenis te heg is aan sy verhouding met die Neger (p.74); tog bestaan dié betekenis naas die ander betekenis van sy verhouding met die Neger. Die eerste keer wat Y die Neger en die dwerg sien, sê die Neger: "You do not want to serve me because I'm black!" (p.56) en later ruk die dwerg 'n Black Power-kenteken van die Neger se lapel af (p.57).

Toe die Neger hoor dat Y van Suid-Afrika kom, maak hy verskoning vir sy kleur en Y stel hom gerus deur te sê dat hy 'n wit Neger is. Toe hulle van mekaar afskeid neem na 'n vlug saam, ruil hulle Black Power-embleme en brosjures oor apartheid uit (p.63-64). By 'n protesvergadering in Parys lewer die Neger 'n „diatrabe" - teen apartheid in die



Republiek van Suid-Afrika (p.68) en in Londen lei die Neger en die dwerg die optog teen die "South Afridan Fascists" (p.81).

Ook die Priester, Y se bievader, voel homself besonder betrokke by betogings en revolusionêre. Hy neem deel aan die betoging in Londen en wil vandaar na Noord-Ierland gaan om deel te neem aan die stryd tussen die Protestante en Katolieke. Y vind die Priester die sagste en fatsoenlikste revolusionêr wat hy nog gesien het en die Priester sê dan: „Christ was a revolutionary" (p.83).

Y leef in 'n tyd waarin die hart deur Chris Barnard, en die maan deur ruimtereise onttroon en ontmitiseer is. Die gode is dood, of het hulleself in idere geval onttrek. Tog is Isis in die twintigste eeu êrens onsigbaar aanwesig (p.10), maar in hierdie eeu sal sy haar in twintigste eeuse vorm voordoen. Die twintigste eeu het sy eie sondebokke en helde : Black Power verhef die name van Hoagy Carmichael, Leroy Jones, en Martin Luther King tot die gode van Olympus. Fascisme in Spanje, die kolonels in Griekeland, bourgeois welvaart, Biafra, Vietnam, die sesdaagse oorwinning van die Israeli's oor die Arabiere en apartheid in Suid-Afrika is van die plaas en sondebokke in die oë van die wêreld.

In die beskrywing van hierdie verskynsels gee hy ook iets van die mistiek van ons tyd weer. Soos Walter Allen sê: "In the literature of an age its conflicts, tendencies, obsessions are uncovered and made manifest; to a degree which is continually astonishing, good writers are so to speak mediumistic to the deeper stirrings of the life of their time ... Contemporary novels are the mirror of the age, but a very special kind of mirror that reflects not merely the external features of the age but also its inner face, its nervous system, the coursing of its blood and the unconscious promptings and conflicts which sway it" (p.16, Reading a Novel).

As Suid-Afrikaner is Y veral geïnteresseerd in die spesifieke probleme van sy land: „Ek dra swaar aan Afrika en al ons menigvuldige probleme" (p.6); aan die beeld wat die wêreld van ons land het, aan ons spesifieke leefwyse en kontradiksies. Y geniet die lewe by Darrel's en by Clifton, swem by Llandudno en Sandy Beach. Hy „kry sooi-brand van kalfsvleis, bief, poulet, en die aanbevelings van die chef ... raak grootmoedig dronk op rieslings, cabernets, late harvest plaaslik, en claret premier cru ingevoer" (p.4). Hy omgord sy lende om weerstand te bied teen inflasie terwyl hy met sy deftige motor 'n paar honderd myl ry om Namakwalandse gousblomme te sien (p.6).

Eendag het Y gesien hoe 'n hele verdieping van 'n gebou wat in aanbou was, in duie gestort het. Die Zoeloe-oppasser van Y se motor wou 'n revolusie begin oor die vernietiging van sy stamverwante, maar is heeltemal gerusgestel toe hy hoor dat net 'n buite-egtelike wit weeskind in die ongeluk beseer is en die gebruik van haar been verloor het (p.6).

Y word bearbei deur 'n nuwe soort dominee: „Hy praat en preek nie. Sy koor van maagde en amper-maagde sing gesange met die geroetineerde bekoring van die Weense Seuns-koor. Sy transistor-orrel is hi-fi; sy teks is kort; sy boodskap is suiwer in terme van die behaviour-sielkunde" (p.5). Ook Bettie word elke Sondag vir 'n uur ingekerker „in 'n moderne kerk vir malle, gebou volgens die nuutste vorm van fallus en boog - spesiaal opgerig by gestigte vir teringlyers, epileptici, misdadigers, kranksinniges en gevangenes op die patroon van ons eie normale behoeftiges" (p.44).

\*\*\*

Om homself te verstaan, probeer Y ook sy verlede deurgrond; sy oupa en ouma, sy ooms, sy niggies en sy kinderbelewenisse. In Mallorca met Paasfees onthou hy hoe Paasfees in sy jeug gevier is : „Ek sien my biddende Fascistiese

oom in De Doorns en die hele familie met Pase in die tuin van my heilige oupa waar ons almal tussen blomme in die laatmiddag ons wandeling onderneem na die avondmaal voorberei deur blinde ouma en haar swart bediendes in binne- en buite-kombuise. Ek sien Bettie as 'n vlinder tussen die vlinders van De Doorns, die dartelende kinders van my jeug, en ek voel weer één met almal daar - déél van ons ongeskonde boersheid met 'n weemoed vir tjienkerientjies, nastergal, suurvrygies, en maanblomme en die helder waterstroom wat sing oor amandeklippe in die voor wat begin by die donderende pomp onder die populierbome en wentel deur oupa se fantastiese tuin tot by die liggroen wingerde waar die kerkhof van die knolskrywer se familie hulle wit grafsteentande wys..." (p.54).

Herinneringe aan sy jeug verdring by geleenthede sy vreemde ondervindings; hy vertel soms eerder van Bettie of sy oom se begrafnis as van Isis; in Londen oorheers die verhaal van Barney Barnato die betoging waaraan hy deelneem en Bettie se verhaal en enigma boei Y ten slotte meer as enige van die ander vroue wat hy teëgekom het op sy soektog na Isis.

\*\*\*

Die gevaar kan ontstaan dat daar tussen Y se reis of soektog as sodanig en dit wat hy graag daarin sou wou sien, die betekenis wat hy daaraan sou wou heg en dit wat hy daarmee sou wou verbind, 'n groot skeiding kon wees.

Aanvanklik „speel" hy net 'n moderne Osiris; hy het sy ervarings, vertel die verhaal van Osiris en dwing die twee soms na mekaar toe. Tog ontstaan daar gaandeweg op sy reis 'n minder kunsmatige verband tussen sy verhaal en die mite, sodat hulle byna deel van mekaar word. Reeds by sy tweede ontmoeting, met Linda Lee beken hy: „Ek huiwer tussen die keuse om haar van Mary-Jane Hudson of Isis te vertel, en besluit op Isis" (p.23). Daar is ook ander oomblikke waarin hy die mite werklik „beleef" : by die Huerta, by die Virgen de los Desemperados, toe hy die Isis-poppie in Antibes skiet,

by die tempel van Aphaia. Dit is ook in daardie oomblikke wat sy reis en soektog in die hoogste mate sukses benader.

Maar ook die sukses roep sy teenoorgestelde op en dit is tussen sukses en mislukking wat hierdie soektog verloop. Y is soms besonder optimisties oor die uitslag terwyl hy ander kere glo dat hy geen kans op sukses het nie. Toe Linda Lee, die tweede vrou wat hy op sy reis ontmoet, huil by hulle afskeid dink hy „aan Isis wat die lyk van Osiris in die tamariskboom bespoel het met haar trane en ek voel ... dat Isis **aanwesig** was, en dat een van my veertien verspreide ledemate gevind is" (p.35).

Met sy volgende ontmoeting, met Karin Manlichter, is hy minder seker: hy noem haar sy „substituut vir Isis" (p.52) en wanneer hy voel dat sy 'n ware engel is, antwoord sy skaduwee: „Nee ... sy is bloot 'n onskuldige meisie en net die regte voorwerp vir jou middeljarige drange" (p.55). Later noem hy Myra Greenwell en homself „die twee swakste voorbeelde in die geskiedenis van die mensheid" (p.72).

Toe Gloria die protes van die intellektuele verduidelik, dink Y: „Miskien, miskien, miskien ..." (p.83), maar van Mrs Scott-Finesse Immobile dink hy: „Ek lê in die duur hotel langs die vrou wat nie Eros is nie, wat volgens die Logos-beginsel met wêreldwysheid traag en moeg diskrimineer en die wêreld verdeel in duidelike grense" (p.94).

Vir Yvette sien hy as „hierdie klein Isis wat miskien net 'n bloedrooi stroompie in die polsslag van my hart verteenwoordig" (p.100) en na hulle ongeluk glo hy dat die knoop van Isis nooit ontrafel sal word nie (p.103).

Ook Y se insig wissel van helderheid tot verwarring: Hy ervaar een aand die lewensbeginsel van tweeledigheid, maar „die volgende môre raak ek uitgeput wakker en loop met 'n mank siel op die sand" (p.4). 'n Ander keer beleef hy 'n

verjonging en transformasie, maar dan word hy naar en verloor sy oomblik van insig" (p.7-8).

Soms is hy selfs wyser as Isis, maar ander kere is hy weer van haar afhanklik : „Soms is ek Thoth, of Hermes, en die een wat selfs vir Isis die geheimsinnige wyskede geleer het. Dan is ek weer Osiris wat in veertien stukke gesny is en in die waarheid deur Isis weer verenig moet word" (p.110). Hy beleef oomblikke van groot selfvertroue, maar selfs dan relatiewe hy dit : „ek is Le Bateleur, kaart nommer één, die goëlaar, die ,ingewyde', die knol, die onwyse man wat die deur oopmaak wat lei tot kennis van hierdie onverstaanbare wêreld. Ek beweeg op die skeermeslem - dun skeiding tussen sublimiteit en belaglikheid. Ek probeer numinositeit in my visioene oproep... Ek is die een wat praat deur die masker van Osiris, Thoth en Horus. In my opgeblasenheid sien ek myself in 'n bomenslike staat van kennis; ek is 'n kosmiese gees wat spreek deur die Self; ek dra in myself die kennis wat setel in die anima mundi; ek is geen enkele persoon meer nie; ek praat uit die groot Onbewuste en ek is verhef bó die individu wat maar slegs 'n onbepaalde vorm is téén die agtergrond van die universele. Ek is vanaand die volmaakte Knol..." (p.113).

Dit is nie alleen in sy ontmoetings met vroue waar Isis aanwesig kan wees nie; Y ervaar ook haar teenwoordigheid in ander situasies. So gebeur dit by die Huerta waar hy voel asof hy die alchemistiese huwelik aangaan, asof hy 'n begrip kry van geheimenisse, asof hy met die vrou verenig word (p.39). Y vertel vir die Priester dat hy „die sleepsel van Isis se mantel" gehoor het tydens sy besoek aan die Virgen de los Desemperados; hy het homself aan haar voete gevind saam met almal wat in reipe gesny is en ook Mary-Jane Hudson en Linda Lee en Bettie was daar aanwesig. Die Virgen is vol deernis, maar ook wreed, sy kan kontradiksies begryp en is daarom 'n verpersoonliking van Isis.



Ook die Isis-poppie wat Y by 'n kermis skiet, bied 'n betekenisvolle ervaring: „Ek skiet vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Yvette ..., maar eintlik skiet ek na daardie garingdun silwer streep wat van die oneindigheid van bó kom en verdwyn in die oneindigheid na onder. Dáár hang Isis in een van haar vele vorme, vermom as 'n silwer poppie één lentinag in Antibes terwyl alles stil word ... Ek sien myself in daardie angswekkende oomblik en ek gooi my hele verwarde verlede in daardie oomblik terwyl die silwer draad-jie teen die pikswart agtergrond van die Kollektiewe Onbekende van my eie psige beweeg.... Ek sien donkerte en lig; ek sien silwer en swart; ek gee my volkome oor; ek plaas my hele soektog op die spel en die ontploffing is skaars hoorbaar as die belaglike klein .22-geweer van sy koeëltjie ontslae raak en die silwer draad klief en Isis, die wit poppie, teen 'n pikswart agtergrond na benede val..." (p.98-99).

Die feit dat hy sy soektog op die spel plaas en dan wel raakskiet, kan geïnterpreteer word as 'n teken dat die soektog suksesvol gaan eindig. Dit word egter gebalanseer deur oomblikke van mislukking, van nonchalance sodat hy na al hierdie genoemde ervarings nog sê: „My tyd en finansiële vermoë word beperk en ek gewaar nog nie die blou-pers vlam in die kamer van die alchemis wat Isis aan my sal openbaar nie" (p.107).

Dis dan wanneer hy vir Yvette vra om hom iets te belowe in Griekeland en sy sê: "Terre promise".

\*\*\*

Y verdeel sy soektog taamlik duidelik in 'n voor-Griekelandse en 'n Griekelandse fase. Die hele besoek aan Rome word eintlik net as „op pad na Griekeland", sy uiteindelijke bestemming beskou (p.106) en die hoofstuk wat handel oor Rome heet „Pamela op die Spaanse Trappe, asook Brunhilde in Trastevere (om 10 te maak vóór Griekeland)". In die vliegtuig, op weg na Griekeland, besluit hy: „tot dusver

was ek Faustus I van Goethe; alles het op die oppervlakte plaasgevind; ek het nog geen essensiële kontak met die anima gehad nie. Sal ek in Griekeland, soos in Faustus II, 'n kontak vind sodat selfs my Skaduwee bevrees word? Sal die avontuur nou begin na die ongepeilde dieptes van die Kollektiewe Onbewuste? ..... Die spel op die oppervlakte het tot 'n einde gekom..." (p.115).

'n Mens is vroeg reeds daarop voorberei dat die besoek aan Griekeland 'n verandering teweeg kan bring. Reeds in Parys toe Y en 'n groep van sy vriende op pad is na 'n protesvergadering en die Neger vir hom vra waarheen hulle gaan, besef hy dat Griekeland nog altyd sy uiteindelijke bestemming was (p.67). By die vergadering self wonder Y: „Sal ek Isis in Griekeland vind?" (p.68). En toe Y met 'n positiewe opgeblasenheid vervul word en hy besef dat hy 'n houvast begin kry oor al sy skaduwees, nooi hy die Neger uit om hom in Athene, Griekeland te ontmoet (p.70).

Daar is nie 'n absolute skeiding tussen die twee fases nie; dit is net dat sekere dinge wat wel voorheen aanwesig was, sterker beklemtoon word in Griekeland, dit is asof die soektog swaai na die kant van die erns, die numinositeit, die sukses. In die hele Griekelandse fase heers daar 'n eienaardige droomsfeer, die soektog word eerder deur die wonder as die werklikheid beheers.

Voor Griekeland het hy nogal geïnsisteer op die rasionele werklikheid; hy sê na aanleiding van 'n verskyning van Mary-Jane Hudson: „Terwyl ons tussen die nuuskierige massa terugkeer, soek ek vir Mary-Jane Hudson, maar ek is seker dat ek haar nie sal kry nie. Mary-Jane is dood in Spanje" (p.104). Daarteenoor aanvaar Y die hekseverskynsels in Griekeland as natuurlik. Voor Griekeland het Y hom éénmaal bevind tussen die hekseverskynsels van vorige aspekte van Isis (by die Virgen), in Griekeland is hulle aanwesig by byna elke belangrike gebeurtenis. Hulle drink almal saam met Y en

die Neger anysbrandewyn en dans saam met hulle (p.121); hulle vorm die gevolg by Y en Shulamite se blitsvinnige troue (p.132) en toe net Shulamite hom na die lughawe neem, is Y verbaas: „Ek het so half en half verwag dat die ander skimme, my vriende, ook daar sal wees..." (p.133).

Die werklikheidsillusies en banaliteite skuif ook na die agtergrond; Y is in 'n mindere mate gesteld op fooitjies, die pryse van artikels en die eet en drink. Dit alles is weliswaar aanwesig, maar net in 'n mindere mate. Hy probeer ook nie die vroue heeltemal so vasknoop aan die werklikheid deur hulle naam, van, adres, nasionaliteit, ouderdom, beroep en huwelikstaat te verstrek nie. Sharon en Diana se vanne, en nasionaliteite word genoem en hulle word vaagweg beskryf, maar dit is al. Van Shulamite Reinette, die belangrikste aspek van Isis, ken ons net haar naam en ons weet dat sy groen oë het.

Die sensuele sy van sy soektog word baie minder beklemtoon; sy ontmoetings met die drie vroue geskied op 'n ander vlak. Die soektog is baie minder emfaties as voorheen : gesprekke word nie meer verbatim weergegee nie, hy gee ook nie meer vir die vroue lesings oor Isis, Bettie of sy oom nie, hy lees nie vir hulle die Tarot-kaarte nie en dis eers wanneer hy en Shulamite op sy vliegtuig was wat hy haar die hele storie van sy soektog vertel.

Hierdie verdieping en verandering hang saam met die Faust I- en Faust II-parallel waarheen Y self verwys. Verskillende mense het al gewys op die aksentverskuiwing wat daar in Faust II plaasvind. Philip Wayne praat van die feit dat : „we do indeed pass from the passion of lovers to the search after wisdom" (p.7, Introduction to Faust Part Two). Melvin Friedman skryf weer na aanleiding van Faust: "Jung calls the first part psychological because the symbols are easily referred to the daily experience of the ordinary man. The second part is visionary, since the symbols have a larger

application, beyond the immediate understanding of the individual, and may be referred to mythical observances" (p.113, Stream of Consciousness).

Jacobi wys daarop dat die man se kontak met die vrou in die eerste gedeelte van sy lewe hoofsaaklik gemik is op 'n fisiese ontmoeting met die oog op 'n fisiese kind. In die tweede gedeelte van sy lewe verskuif die klem na 'n psigiese "coniunctio", 'n vereniging met die vrou in sy eie geesteswêreld en met die draer van haar beeld in die buitewêreld. Dan gaan hy voort: „Goethe's Faust provides us with a magnificent example of this development. In the first half Gretchen carries the projection of Faust's anima. But the tragic end of this relationship compels him to withdraw the projection from the outside world and to seek this part of his psyche in himself. He finds it in another world, in the 'underworld' of his unconscious, symbolized by Helen of Troy. The second part of Faust portrays an individuation process with all its archetypal figures; Helen is the typical anima-figure, Faust's soul-image. He wrestles with it in different transformations and on different levels up to its supreme manifestation, the Mater Gloriosa. Only then is he redeemed, permitted to enter the world of eternity where all the opposites are transcended" (p.124, The Psychology of C.G. Jung).

\*\*\*

Daar is verskeie aanduidings dat Y se soektog suksesvol gaan eindig; sy hoofstuk oor Rome eindig: „Die volgende middag gaan ek met vlug Al Italia 703 na terre promise (soos Yvette my beloof het), waar ek sekerlik Isis, Helena, sal vind" (p.114). Die volgende hoofstuk is getitel: „Griekeland, heel moontlik die huidige tuiste van Isis". Daarin is nog 'n element van versigtigheid, maar die ondertitel klink baie seker: „(en die quaternio waar die strydige elemente verenig is)". Verenig is, nie kan word nie; die quaternio dui, soos in 18-44, op totaliteit en integrasie.

Die eerste bekende wat Y in Griekeland teëkom, is die Neger en dié keer sonder sy homunculus, die dwerg. Die verdwyning van die dwerg is besonder belangrik; die dwerg tree dikwels op as die bewaker van die skat, soos in die Nibelungenlied. A Dictionary of Symbols sê: „For Jung, they may be regarded as the guardians of the threshold of the unconscious" (p.87). Jung self praat van die homunculus as „a pointer of the way" (p.254, Memories, Dreams, Reflections). Al hierdie betekenis is relevant in die geval van die Neger se dwerg; in sy doenigheid met die Neger bewaar hy die skat (en wys hy die weg vir Y aan) want die Neger is Y se skaduwee. Hy kan gesien word as 'n skat, want Y moet sy skaduwee inskakel en nie uitskakel nie.

Hy moet sy skaduwee leer ken en aanvaar en kan dit eers doen nadat die dwerg uit die pad is. Die dwerg kan gesien word as 'n **obstruksie** wat verwyder moet word op Y se weg na selfverwesenliking. Soos die argitek in 18-44 is die dwerg homoseksueel en soos by die argitek dui die homoseksualiteit op 'n eensydigheid en wel na die kant van die Logos, die rasionele.

Daar is sekere intellektuele struikelblokke wat Y se ontwikkeling in die wiele gery het en wanneer hulle verdwyn, kan hy sy soektog op 'n ander vlak voortsit. Toe die dwerg nie meer heeltyd om die Neger is nie, kan Y hom leer ken, hy gesels met die Neger, besoek plekke saam met hom en stel mense aan hom voor. Terselfdertyd skuif die wonder en die visionêre na vore in Y se soektog.

Jung sê: „The coming to terms with the shadow is the companion piece, but the coming to terms with the anima is the masterpiece. It is a test of courage, a test by fire of all man's spiritual and moral forces" (The Integration of the Personality). Ook wat sy anima betref, is Y baie optimisties. Die eerste meisie wat hy in Griekeland sien, wat Isis kan wees,



is Shulamite Reinette wat lyk soos No. 674, standbeeld van die Kore. Van dié standbeeld sê Y dat die beeld van Isis daarin te sien is.

Y sê, betreffende Shulamite Reinette: „Ek sou vir die res van my verblyf in Griekeland voel dat ek hierdie keer in aanraking gekom het met een van die heksegodinne ..... en daar is by my nie twyfel nie dat ek Artemis hier en Agras sien : dat ek in Shulamite Reinette 'n beliggaming gewaar van die godin op wie se terrein die mystae van Agrae plaasgevind het, 'n fees soortgelyk aan die huweliksfees van Dionysus, 'n voorspel tot die groter misteries van Demeter, die aardmoeder, by Eleusis..... ek het nog steeds die gevoel dat ek hierdie keer op die randjie van 'n groot ontdekking is" (p.120).

Shulamite vergesel Y ook na Aegina, haar geliefkoosde eiland. Van Aegina sê Y: „Aegina is allemagtig belangrik : gedeeltelik omdat ek dáár 'n glimps van Isis gekry het..." (p.122); en toe hulle Aegina nader, voel Y: „en ek weet dat ek hier Isis, ster van die see, sal vind ...." (p.122). Shulamite stel hom voor aan twee nimfe: Diana Hirschowitz van Israel en Sharon Sabaccha van Libanon en saam met hulle verken hy die tempel van Aphaia.

Hulle pak die tog taamlik ligtelik aan, maar Y is heeltyd bewus daarvan dat daar baie op die spel is: „Ek wil my twee nimfe waarsku teen heiligs kennis op hierdie eiland waar Hekate en Artemis in die vroeg argaïese tydperk hulle kultus gevestig het ... eintlik wil ek hulle waarsku teen die doodsonde van ydelheid in terme van die rasionele wêreld waarin hulle leef .... ek weet dat een van die dae 'n Amerikaner of 'n Rus op die maan sal wandel, maar ek weet ook dat dit nie die dood van gode beteken nie. In hierdie woestyn van die heelal word die gode en godinne sterker en méér formidabel ..... en ek word meteens vervul met 'n vrees wat my yskoud laat word hierdie warm nag" (p.217).

Na 'n veelbewoë wandeling kom hulle uiteindelik aan by die tempel en dit is daar waar Y sy oomblikke van grootste inlewing in die mite beleef: „Hier, drie-uur, die oggend in Aegina, het ek meteens 'n begrip gekry wat ek nooit by benadering in woorde kan stel nie. Iets het binnekant my ontplof; die veertien stukke het met 'n simmetrie - soos die eienaardige simmetrie van die Tempel van Britomartis - die vorm geneem van ál die mandalas wat driehoekig, rond, ovaal, vierkantig en in al sy samestellings my die gevoel gegee het van integrasie en die samebringing wat Isis is. In hierdie tempel van Aphaia (dit maak nie saak onder watter naam sy geken word nie) kan ek almal versoen: Bettie, Yvette, Mary-Jane Hudson, Mrs Scott-Finesse Immobile, Gloria in Excelsis Pamela, Brunhilde, die hoer, Diana, Sharon, Karin Manlichter, Shulamite, Peggy Lee, Myra Greenwell - dertien aspekte van my anima" (p.129).

Ook die alchemistiese tekens dui daarop dat Y se soektog 'n suksesvolle eindpunt benader: „Die albedo is vir die alchemiste die klimaks van 'n lewensproses; uit die chaos van die massa confusa word 'n eenheid gebore; die integrasie van die persoonlikheid is soortgelyk aan die vier basiese kleure, die quaternio van rooi, groen, geel en blou wat ek in die pou die volgende môre by die huis van Shulamite Reinette sien" (p.130).

Die albedo is die afwas (ablutio) van sondes en is die laaste stadium in die alchemistiese proses. Jung sê van die albedo: „the white state of innocence, which like the moon and the bride awaits the bridegroom" (p.132, Mysterium Coniunctis). Wat die pou betref, sê Jung: „The alchemists said that the appearance of the cauda pavonis, the peacock's tail, was a sign that the process was coming to a successful conclusion" (p.48, The Integration of the Personality). Elders sê hy van die cauda pavonis: „the combination of all the colours symbolizes wholeness" (p.223, Psychology and Alchemy) en later in dieselfde boek: „The peacock is an early Christian symbol for the Redeemer (p.419). Y lê self

'n verband tussen die pou en die feniks (p.130) en die feniks „is the bird of resurrection in Eternity" (Mme. Blavatsky: The Secret Doctrine Vol. I, p.312).

Teen die agtergrond van die albedo en die pou vertel Y vir Shulamite : „Pouvleis was die koniging se ete; haar drank was die bloed van die groen leeu" (p.130). Jung sê heelwat oor hierdie maaltyd van die koningin : „If therefore the Queen Mother eats peacock flesh during her pregnancy, she is assimilating an aspect of herself, namely her capacity to grant rebirth, whose emblem the peacock is" (p.292, Mysterium Coniunctis).

Wat die drink van die bloed betref, sê Jung: „Blood is one of the best-known synonyms for the aqua permanens, and its use in alchemy is often based on the blood symbolism and allegories of the Church ... If then, we are told that the queen drank blood, this image corresponds in every way to the king drinking water, to the king drowning in the sea, to the act of Baptism" (p.293-294, Mysterium Coniunctis). Die feit dat dit juis die bloed van 'n leeu is, versterk die verband met Mercurius of Hermès: „In alchemy the lion, the 'royal' beast, is a synonym for Mercurius, or, to be more accurate, for a stage in his transformation" (p.295).

Die volgende ontmoeting tussen Y en Shulamite is ewe betekenisvol. Hulle gaan na Delphi en daar word hulle op 'n ander wyse verenig : „Ek neem Shulamite se hand in myne; ons sweer ewige trou voor haar broer, Apollo; ons trou en sy gee blitsvinnig geboorte aan ons kind, Euphorion, wat soos Icarus probeer vlieg en sterf soos Bettie se geniale kind onder die wiel van 'n vragmotor in De Doorns. Euphorion is iemand soos Hermes, sy vader, wat na die lied van die hart seek en in hierdie liriese vlug gedoem is om neer te stort voor die allemagtige waarheid dat in die wanbalans van emosies en rede die lieflike kind moet sterf" (p.132).

Die geboorte en verlies van Y en Shulamite se kind Euphorion, toon groot ooreenkomste met Faust en Helena se geniale seun, Euphorion wat probeer vlieg het en toe neergestort het. Toe hy neerstort, het die koor : „Icarus! Icarus!" uitgeroep. Kort daarna verdwyn Helena se liggaam en later verdwyn Faust met Helena se klere in die wolke. Toe die Neger en die res van sy gevolg by Y kom, het „Shulamite alreeds soos 'n wolk in die Ooste verdwyn" (p.132).

Dit is opmerklik dat al die kinders waarvan daar sprake in Isis ... is, vroeg sterf: Bettie se eerste baba is doodgebore, haar tweede seuntjie sterf jonk en ook Y en Shulamite se verbeelde kind sterf byna dadelik. Dit hang saam met al die ontmannings en onvrugbaarheid waarvan daar in die boek sprake is : by die bulgeveg word die moontlikheid heeldyd oorweeg dat die matador ontman kan word; Y en die Neger verklaar hulleself as byna ontman deur die formidabele heining om die tempel van Aphaia en Linda Lee vertel vir Y „dat haar uterus uitgehaal is en dat alles veilig is" (p.34). Dit sluit waarskynlik aan by die feit dat die fallus deur die krap opgevrete is en dat Y op soek is na die monoliet wat „dood en hergeboorte voorstel, asook die manlike en prokreatiewe beginsel" (p.63).

Na die geboorte en verlies van hulle kind, sê Y vir die Neger: „dat Shulamite die mater gloriosa is en dat sy die koningin van die hemel is en dat sy alles is wat vroulik is en dat sy soms ook 'n hoer en 'n terggees is" (p.132). Daarvolgens geoordeel, klink dit of Isis beslis gevind is, maar na hierdie oomblikke van groot inlewing en sukses, begin die wiel weer draai na die kant van mislukking.

\*\*\*

Die volgende aand gaan Y eet saam met sy twee nimfe, Sharon en Diana „en ons al drie weet dat dit ons laaste aand saam is en dat in een of ander stadium die illusies van Griekeland sal verdwyn" (p.132). Die hele aand verloop besonder treurig, en hulle voel al drie eensaam. Y weet

„Môre vertrek ek na my land waar dit winter is".... (p.133).  
Hy keer dus vanuit 'n lente met sy moontlikhede vir ver-  
nuwing terug na die doodsheid van 'n winter.

Op pad na die lughawe, besef Y dat hy in een of ander stadium vir homself en andere moet verduidelik wie Isis is en of hy haar ooit gevind het. Shulamite vra dan ook vir Y of hy iets in Griekeland gevind het. Y voel dat haar vraag op 'n ander vlak kan beteken of die held met iets van die magiese krag van die anima in al haar vorms terugkeer na sy vaderland.

Dan dink hy: „Ek wil haar noem dat in mens iets kan plaasvind soos by die ingewydes by die misteries van Eleusis: dat iets aangedui is, dat daad uitgevoer is en dat daar dinge gesê is waarvan niemand anders iets weet nie en waaroor daar nog geen duidelikheid is nie. Ek wil aan haar verduidelik dat in die misterie van my soektog die essensiële waarheid 'n inisiasie was en dat ek in hierdie stadium, en miskien nooit, dit aan iemand kan verduidelik nie" (p.134).

Jung en Kerényi skryf oor Eleusis: "In Eleusis .... they were, as far as we can see, concerned with a common standpoint whereby all the participants would suddenly understand - through immediate vision. For this there was no need first to transcend words. We do not know whether words played any considerable part in the initiation rites at Eleusis and Agrai ..... It was essentially a wordless initiation that led to a knowledge which it was neither necessary nor possible to clothe into words" (p.210, Mythology).

\*\*\*

Maar nou is dit so dat in Y se bedryf as skrywer en in sy poging om 'n volwaardige skrywer te word, hy wel moet woorde vind vir sy insigte. Voor dit gebeur, is Isis nie werklik gevind en het sy soektog nie regtig suksesvol geëindig nie.



Y vertel vir Shumalite dat hy, as sy ook bygetel word, slegs dertien van die veertien stukke gevind het. Dit hoef nie ramspoedig te wees nie, want Isis het ook nie al die stukke van Osiris gevind nie. Die fallus is deur 'n krap verslind, maar die kwaliteit van haar liefde was goed genoeg om Osiris nietemin te laat herleef: „Sy het die dooie god ewige lewe gegee deurdat sy hom deur liefde kon opwek tot die daad van liefde en Horus is gebore ten spyte daarvan dat die krap Oxyrhynchid die fallus opgevreet het" (p.36).

Indien die kwaliteit van een van die ontmoetings van 'n hoog genoeg gehalte is, kan die transformasie tog plaasvind. Daarom is die laaste oomblikke saam met Shulamite so spannend en daarom is daar 'n element van desperaatheid in die wyse waarop Y die minute aftel: „Daar is drie minute oor en Shulamite se olyfgroen oë kyk angstig in myne. Almal wag vir Isis. Wie is Isis? Waar is die god, Osiris?

„Daar is 'n minuut oor en ek wag vir Isis om Osiris te genees en ten spyte van die krap, Oxyrhynchid, die god weer vrugbaar te maak.

„Die tyd is verstreke en niks het gebeur nie." (p.135). Die transformasie het dus ook nie op so 'n wyse plaasgevind nie. Y kon nie eers vir Shulamite 'n chorus mysticus bedink nie; anders as die versoening waartoe Faust ons wel bring. (Faust eindig met 'n chorus mysticus : „All things corruptible / Are but a parable; / Earth's insufficiency / Here finds fulfilment; / Here the ineffable / Wins life through love; / Eternal Womanhood / Leads us above").

Sy soektog is, soos Y self sê, „'n soektog wat geen einde ken nie" (p.135). Hy keer dus terug na sy vaderland met sy probleem onopgelos, met die paradoksale troos van dit wat 'n boer op Aegina vir hom gesê het: „Die gode is nog daar. Hulle het net hulleself onttrek" (p.135).

In die veertiende hoofstuk: „Die veertien stukke", is Y terug in sy huis en „die samekoms van Isis en Osiris in die geweldige oseaan voor my oortref alles wat ek in vreemde wêreldes gesien het" (p.136). Hy het veertien briewe voor hom wat elkeen 'n boodskap het van of oor die dertien aspekte van Isis en ook van die Priester en die Neger.

Na hy die veertien briewe gelees het, skryf hyself die vyftiende een en dit aan die veertiende vrou, mej. X. Die veertiende gedeelte is dus nie X in die sin van onbekend nie, want mej. X het definitiewe substansie: Y stuur vir haar 'n poskaart en koop vir haar 'n geskenk (p.20); probeer om haar van Londen af te bel (p.77); wanneer hy met die agtienjarige Yvette te doen kry, word hy „vervul met 'n verlange wat binne my vreet na mej. X wat destyds in Suid-Afrika vir my geskryf het en ook agtien was soos Yvette" (p.97).

Dié brief is vol vrae, vol verwarring en onsekerheid; Y is dronk en moeg: „Ek is ontsettend moeg en ek weet nie hoe lank ek nog kan volhou nie. Ek het die sirkelgang voltooi, die kringdans gedans, gespeel met esoteriese wysheide en geleenthede gebruik en verspeel.

„Ek verstaan nie my broer Set nie; ek begryp nie my suster Isis nie. Die boom van my wysheid waarin die slang na bo krul, is vir my volkome onverstaanbaar" (p.139). Ook in hierdie ontredde is Y se huis vir hom geen beskutting nie: „Ek vind geen beskerming in my wit huisie gebou deur my vriend, die homoseksuele argitek, nie. Dis so 'n bleddie weerlose, skoon klein plekkie..." (p.139).

Wanneer Y probeer antwoord op sy eie vraag : wie is ek dan, mej. X?, is al antwoord 'n volkome desintegrasie : hy is die I én die O van die Tarot-pak, Don Quijote, die Priester, die Neger, die dwerg, al drie sy ooms, die lykbesorger, die dominee, die regters oor die Huerta en die halwe hermafrodiet.

Sy soektog eindig dus as 'n mislukking, maar om met Rob Antonissen te praat : Dit is dan die eerste van 'n ketting-reeks paradokse : die neerlaag is in Isis.. 'n oorwinning... Die resultaat van die falende strewe na meer-wéés is 'n onmiskenbare meer-wéétwins vir die Logos - en dus tog ook vir die Anthropos?

„Die Osiris - ek bly verstrooi, is uiteindelik selfs eindeloos verstrooi oor en in almal met wie hy op sy soektog in aanraking gekom het. En dié vertroosting is korrelatief met die eintlike groei, 'n verdieping van die tragiese lewensbegrip; waaraan dan ook die vermoë ontleen word om 'vir julle al veertien geluk en ellende' te belowe, die wesenlike gebrokenheid van die bestaan. Ook aan mej. X; want die lyk van die Krap sal mede die fallus oplewer, en ook dit is geluk én ellende.

„Geen neerlaag dus vir Isis Isis Isis... nie.” (Resensie: „Paradoks wat 'n heilige gawe is”. Die Burger, 13 Des. 1969).

Y se heldhaftigheid lê nie in die feit dat hy die skat gevind en teruggebring het nie, maar dat hy 'n soektog onderneem wat van die begin af gedoem is tot mislukking. Hy wag nie passief dat 'n Isis hom moet kom vind en herstel nie, maar gaan in sy verbrokkelde toestand op soek na haar. En uiteindelik slaag hy daarin om die sukses én die mislukking woord te laat word. Daarin is hy gelyk aan die alchemiste : „Instead of confronting the mythical dragon in their search for the treasure ... the alchemists sought to produce it by means of hard work and virtue” p. xxvii, A Dictionary of Symbols).

LYS VAN AANGEHAALDE EN GERAADPLEEGDE BOEKE

- ALDRIGE, John W. : Critiques and Essays on Modern Fiction. New York, 1952.  
(samesteller)
- ALLEN, Walter : Reading a Novel. London, 1949
- ALLOT, M. : Novelists on the Novel. London, 1959
- ANTONISSEN, Rob : Spitsberaad. Kaapstad, 1966
- BEACH, Joseph Warren : The Twentieth Century Novel-Studies in Technique. New York, 1932
- BENTLEY, Phyllis : Some Observations on the art of the Narrative. London, 1964.
- BLAVATSKY, H.P. : The Secret Doctrine, The Synthesis of Science, Religion and Philosophy (Vol. I & II). California, 1947.  
  
Isis Unveiled (Vol. I & II). California, 1947.
- BLUNDSON, Norman : A Popular Dictionary of Spiritualism London, 1961
- BOOTH, Wayne : The Rhetoric of Fiction. Chicago, 1961
- BOTHA, Elize : "Verwysing en vertolking" opgeneem in Smal Swaard en Blink. Pretoria, 1966  
  
"Die Afrikaanse Prosa na 1900" opgeneem in Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner; (red.) Prof. dr. P. de V. Pienaar, Kaapstad, 1968.

- BOTHA, J. : Die verhouding tussen die eerste en die derde persoon in die roman-  
kuns - 'n ondersoek na aanbiedings-  
tegnieke in enkele Afrikaanse  
Prosawerke (M.A. verhandeling).  
Stellenbosch, 1967.
- BRINK, André P. : Aspekte van die Nuwe Prosa.  
Pretoria, 1967.
- BROOKS, Cleanth & : Understanding Fiction. New York,  
WARREN, Robert Penn 1959.
- BURGUM, Edwin Berry : The Novel and the World's Dilemma.  
New York, 1963.
- BUTOR, Michel : La Modification. Paris, 1957
- CALDERWOOD, James L. & : Perspectives on Fiction. New York,  
TOLIVER, Harold E. 1968.  
(samestellers)
- CAMPBELL : The Hero with the thousand faces.  
New York, 1956.
- CANFIELD, A.G. : The Reappearing characters in  
Balzac's "Comédie Humaine".  
Chapel Hill, 1961.
- CHURCH, Margaret : Time & Reality (Studies in Contem-  
porary Fiction). North Carolina,  
1963.
- CIRLOT, J.E. : A Dictionary of Symbols. London,  
1967.
- CLEATHER, Alice : Lohengrin and Parsifal. London,  
Leighton & CRUMP, Basil 1913.
- COWLEY, Malcolm : Writers at Work. (The Paris  
(samesteller) Review Interviews). London, 1962.



- DAICHES, David : Critical Approaches of Literature.  
London, 1956.
- DRESDEN, Dr. S. : Wereld in Woorden (Beschouwingen  
over Romankunst). Den Haag, 1965
- EDEL, Leon : The Modern Psychological Novel.  
New York, 1955.
- FORSTER, E.M. : Aspects of the Novel. London, 1954.
- FRAZER, Sir James : Adonis Attis Osiris. London, 1963.  
George
- FRIEDMAN, Melvin : Stream of Consciousness - A Study  
in Literary Method. New Haven,  
1955.
- GERHARDT, M.I. : Iets over het gebruik van de eerste  
persoon in verhalend proza.  
Groningen, 1953.
- GIRARD, René : Deceit, Desire and the Novel (Self  
(translated by Freccero, and other in literary structure).  
Yvonne) Baltimore, 1965.
- GOETHE : Faust (Vol. I & II). London, 1959  
(translated by Philip Wayne).
- GRABO, Carl H. : The Technique of the Novel. New  
York, 1964.
- GRAVES, Robert : The Greek Myths (Vol. I & II).  
London, 1955.
- GRAY, Eden : The Tarot Revealed. New York,  
1960.
- GROVÉ, A.P. : "Fyn Net van die Woord". Opstelle  
oor die Poësie. Kaapstad, 1965.

- Oordeel en Vooroordeel. Kaapstad, 1965.
- GROVÉ, A.P. en BOTHA, Elize : Handleiding by die studie van die Letterkunde. Kaapstad, 1968.
- HARDY, John Edward : Man in the modern novel. Seattle, 1964.
- HARVEY, W.J. : Character and the Novel. London, 1966.
- HILLDICK, Wallace : Thirteen Types of Narrative. London, 1968.
- HUGO, Howard E. : Aspects of Fiction (A Handbook). Boston, 1962.
- HUMPHREY, Robert : Stream of Consciousness in the Modern Novel. Berkeley, 1968.
- JACOBI, Jolande : The Psychology of Jung. London, 1951.
- JACOBS, Robert L. : Wagner. London, 1942.
- JAMES, Henry : The Art of the Novel (Introduction by R.P. Blackmur). New York, 1934.
- JUNG, C.G.  
(Vertaal deur Dr. Elisabeth Kamerling). : Archetypen. Den Haag, 1962.
- Memories, Dreams, Reflections.  
London, 1961.
- Mysterium Coniunctis. London, 1963.
- Psychological Types. New York, 1923.
- Psychology and Alchemy. London, 1953.

Symbols of Transformation. London, 1965.

The Integration of the Personality. London, 1952.

JUNG, C.G. en  
KERÉNYI

: Introduction to a Science of Mythology. London, 1951.

KANNEMEYER, J.C.

: Die Stem in die Literêre Kunswerk. Kaapstad, 1965.

Op Weg na Welgevonden. Pretoria, 1970.

Prosakuns. Kaapstad, 1968.

KRITZINGER, Eleanor  
Elizabeth

: Die toepassing van die tegniek van bewussynstroom in enkele Afrikaanse Romans. (M.A. verhandeling). Pretoria, 1968.

LEROUX, Etienne

: 18-44. Kaapstad, 1967.

Die Derde Oog. Kaapstad, 1966.

Die Eerste Lewe van Colet. Kaapstad, 1956.

Die Mugu. Kaapstad, 1962.

Een vir Azazel. Kaapstad, 1964.

Hilaria. Kaapstad, 1957.

"In gesprek met F.I.J. van Rensburg!"  
Gesprekke met Skrywers I. Kaapstad, 1971.

Isis Isis Isis ... Kaapstad, 1969.

"Jeugmomente". Herinnering se wei. Johannesburg, 1966.

"Oudtshoorn". Wynland (geredigeer deur Merwe Scholtz). Kaapstad, 1969.

Sewe Dae by die Silbersteins.  
Kaapstad, 1962.

LEWIS, C.S.

: An Experiment in Criticism.  
Cambridge, 1961.

Selected Essays (ed. by Walter Hooper). Cambridge, 1969.

LIDDELL, Robert

: A Treatise on the Novel. London, 1960.

Some Principles of Fiction.  
London, 1953.

LINDENBERG, E.

: Onsydige Toets (Letterkundige Opstelle). Kaapstad, 1965.

LODGE, David

: Language of Fiction. London, 1966.

LOOMIS, R.S.

: The Grail (From Celtic Myth to Christian Symbol). New York, 1963.

LOUW, N.P. van Wyk

: Rondom Eie Werk. Kaapstad, 1970.

Vernuwing in die Prosa. Kaapstad, 1963.

LUBBOCK, Percy

: The Craft of Fiction. London, 1960.

MARTIN, P.W.

: Experiment in Depth. London, 1967.

MENDILOW, A.A.

: Time and the Novel. London, 1952.

MILLER, James E.  
(samesteller)

: Myth and Method. Modern Theories of Fiction. Nebraska, 1960.

MIZENER, Arthur

: The Sense of Life in the Modern Novel. London, 1965.

- MUIR, Edwin : The Structure of the Novel.  
London, 1946.
- O'CONNER, William Van : Forms of Modern Fiction.  
(samesteller) Minneapolis, 1948.
- ORTEGA, Y. Gasset : The Dehumanization of Art.  
New York, 1956.
- PLESSIS, Dr. P.G. du : "Etienne Leroux". Perspektief  
en Profiel. Johannesburg, 1969.
- PROGOFF, I. : Jung's Psychology and its  
social meaning. New York, 1963.
- PROUST, Marcel : A la Recherche du Temps Perdu.  
Paris, 1913 - 1927.
- RABAN, Jonathan : The Technique of Modern Fiction.  
London, 1968.
- ROBBE-GRILLET, Alain : Pour un nouveau roman. Paris,  
1963.
- ROMBERG, Bertil : Studies in the Narrative Technique  
of the First-person Novel.  
Stockholm, 1962.
- SARRAUTE, Nathalie : L'Ere du Soupçon. Paris, 1956.
- SCHOLES, Robert and : The Nature of Narrative. New  
KELLOGG, Robert York, 1966.
- SERVOTTE, Dr. Herman : De verteller in de Engelse roman -  
Een studie over Romantechniek.  
Hassett, 1965.
- SHIPLEY, Joseph T. : Dictionary of World Literature.  
(samesteller) New Jersey, 1962.
- SMUTS, J.P. : Die Reisende Karakter in die Afri-  
kaanse Roman. (M.A. verhandeling).  
Stellenbosch, 1968.



- SÖTEMAN, Dr. A.L. : De Structuur van Max Havelaar  
(Bydrage tot het onderzoek naar  
de interpretatie en evaluatie van  
de roman). Utrecht, 1966.
- STEINER, George : Tolstoy or Dostoevsky. London,  
1967.
- STEVICK, Philip : The Theory of the Novel. New York,  
1967.
- WALT, P.D. van der : Mené Tekél. Kaapstad, 1969.
- WAUGH, Evelyn : The Ordeal of Gilbert Pinfold.  
Boston, 1957.
- WELLEK, René and  
WARREN, Austin : Theory of Literature. London, 1953.
- ENSIKLOPEDIEË : A New Larousse Encyclopedia of  
Mythology (Introduction by Robert  
Graves). London, 1968.
- Grote Winkler Prins Encyclopedie.  
(J.F. Staal en andere). Amsterdam,  
1967.

#### TYDSKRIFTE EN DAGBLAAIE

- Anonymous : "Further Evolution and Refinement  
of thought". Star (Literary Review).  
November 29, 1969.
- Anonymous : "Japan Adjusting to the Nixon Shokku"  
Time. October 4, 1971.
- ANTONISSEN, Rob : "Paradoks wat Heilige Gawe is".  
Die Burger. 13 Desember 1969.
- AUCAMP, Hennie : "Die belydenis van 'n kortkuns-  
beoefenaar". Standpunte. N.R : 85.

- BARNARD, Chris : "Op soek na 'n Nuwe Beeld".  
Sestiger. I : 3.
- BOTHA, Elize : "Isis Isis Isis ..." Standpunte  
N.R : 88.
- "Leroux se jongste (Azazel)  
skroei toenemend tot erns".  
Dagbreek en Sondagnuus.  
9 Augustus 1964.
- BREYTENBACH, Breyten : "Klad, Teiken of Skimmelvlek?"  
Kol 1/1.
- BRINK, André P. : "Tussen sestig en sewentig".  
Kol 1/1.
- BUNING, Tj. : "Die Derde Oog - 'n poging tot  
insig en begrip". Standpunte  
XX : 3.
- JONCKHEERE, W.F. : "Opvallende parallele tussen  
Brink en Leroux se jongste romans".  
Standpunte N.R : 77.
- JOUBERT, Elsa : "18 - 44". Sarie Marais.  
22 November 1967.
- LEROUX, Etienne : "Daardie brief was ook aan my  
gerig". Kol 1/2.
- "Die mènes, en veral die skrywer,  
op soek na 'n lewende mite".  
Woordwêreld. A.S.K. Stellenbosch,  
1963.
- MEIJ, Koos : "18 - 44". Tydskrif vir Letter-  
kunde. Februarie 1967.

- MEIRING, Eben : "18 - 44" en die getal 4. Etienne Leroux se sterkste Jungiaanse Roman". Die Burger. Woensdag, 12 Junie 1968.
- PLESSIS, Dr. P.G. du : "Tot sover Jung". Standpunte. XX : 3.
- RAIDT, Edith : "Opvattings oor die literêre simbool". Kriterium 1 : 2.
- RENSBURG, F.I.J. van : "Etienne Leroux - sy sondebokskap nogal ironies". Die Volksblad. Woensdag, 28 Januarie 1970.
- "Saga van ons tyd uit pen van Leroux". Die Volksblad. 23 Oktober 1967.
- "Leroux se jongste is 'n boeiende werk". Die Beeld. 15 Oktober 1967.
- ROOY, C.A. van : "Die mitiese patroon en sielkundige grondslag in Hilaria". Standpunte. N.R : 27.
- WALT, P.D. van der : "Isis Isis Isis ..." Tydskrif vir Geesteswetenskappe. 10/2.
- "Die Moderne Spraakverwarring of die generasiegaping ten opsigte van die taal". Stu diestuk No. 55 (Instituut vir Bevordering van Calvinisme : P.U. vir C.H.O.)
- WHITAKER, Marie : "The Novel and Time". Standpunte. N.R : 19.
- "Self-consciousness and Professionalism in Modern Criticism". Standpunte. XX : 1.

O P S O M M I N G

DIE VERTELLER IN ETIENNE LEROUX SE  
18 - 44 EN ISIS ISIS ISIS ...

deur

RENSKE ZWAANTJE JOHANNA KOEN .

Leier : Dr. Elize Botha

Departement : AFRIKAANSE LETTERKUNDE

Graad waarvoor verhandeling ingedien is : M.A.

In hierdie studie word die vertelwyse van die verteller in Etienne Leroux se 18 - 44 en Isis Isis Isis .. ondersoek. Omdat daar groot ooreenkomste bestaan tussen die twee boeke wat die kwessie van die verteller en die vertelwyse betref, word hulle in 'n bepaalde opsig saamgesien.

In hoofstuk I word daar besondere aandag geskenk aan die keuse van die verteller om sy verhaal in die eerste persoon te vertel. Daar word nagegaan of die algemene opvatting oor die kenmerke van die eerstepersoonsvertelling bevestig of weerlê word deur die wyse waarop hierdie verteller dit gebruik. Daar word aangetoon hoedat die verteller in sommige gevalle die nadele van hierdie aanbiedingswyse tot voordeel van die werke aanwend.

In hoofstuk II word daar aangetoon dat die verteller sy lesers dikwels opsetlik mislei, verwar en bedrieg. Daar word ingegaan op hierdie mistifikasies en die paradoksale in die aanbiedingswyse om uit te vind in welke mate en op watter wyses hierdie faktore die geloofwaardigheid van die verteller aantast en die interpretasie van die werke beïnvloed.

In hoofstuk III word die feit dat hierdie verteller juis 'n skrywer is, bespreek. Hy noem homself 'n "knolskrywer" en hierdie woordkeuse word belig. Daar word aangedui dat sy skrywerskap nie alleen belangrik is vir die verloop van die verhaal nie, maar dat dit veral 'n belangrike aspek van die komposisie is. Interessantheidshalwe word sekere van Leroux se eie verklarings aangaande die skrywerskap vergelyk met die sienings wat die knolskrywer in hierdie boeke uitspreek of openbaar.

Dit is nodig geag om die boeke apart onder oë te neem om elke boek die kans te gee om sy eie sê te sê en omdat die interpretasie van die boeke in die vorige drie hoofstukke noodwendig besonder fragmentaries aangebied moes word. Daarom word daar in hoofstuk IV hoofsaaklik aandag geskenk aan 'n interpretasie van elke boek, waar albei gesien word as pogings van die knolskrywer om 'n volwaardige skrywer te word.



S U M M A R Y

THE NARRATOR IN ETIENNE LEROUX'S 18 - 44  
AND ISIS ISIS ISIS ...

by

RENSKE ZWAANTJE JOHANNA KOEN

Supervisor : Dr. Elize Botha

Department : AFRIKAANSE LETTERKUNDE

Degree for which dissertation was submitted : M.A.

This is a study of the manner of narration of the narrator in Etienne Leroux's 18 - 44 and Isis Isis Isis .... Because there is great similarity between these two books as regards the narrator and the manner of narration, they are reviewed together in a particular respect.

In chapter I particular attention is paid to the fact that the narrator chose to tell his story in the first person. The question as to whether the general opinion about the characteristics of narrative in the first person is confirmed or refuted by the manner in which it is used by this narrator, is investigated. It is indicated how the narrator in some instances uses the disadvantages of this way of presentation to the benefit of these works.

In chapter II it is indicated how the narrator often misleads, confuses and deceives his readers on purpose. A study is made of these mistifications and the paradox in this manner of presentation to find out to what extent and in what ways these factors affect the credibility of the narrator and influence the interpretation of these works.

In chapter III the fact that this narrator is a writer, is discussed. He calls himself a "hack writer" and the choice of this word is elucidated. It is indicated that his being a writer is not only important for the thread of the story, but that it is especially an important aspect of the composition. As a matter of interest some of Leroux's own statements about writing are compared with the opinions which the hack writer expresses or reveals in these books.

It was deemed necessary to review the books separately in order to afford each one the opportunity of conveying its own message and because the interpretation in the previous three chapters had of necessity to be presented in a very fragmentary manner. That is why, in chapter IV, attention is paid mainly to an interpretation of each book, where both are seen as attempts by the hack writer to become a full-fledged writer.